

**DIE BEHOEFTE VAN ADOLESSENTE DOGTERS IN 'N  
KINDERHUIS TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING**

deur

**Celesté de Wet**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes van die graad

**MAGISTER SOCIALIS DELIGENTIAE (Speltherapie)**

in die

**Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie**

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**  
Universiteit van Pretoria

**STUDIELEIER: DR. C.E. PRINSLOO**

**PRETORIA**

**OKTOBER 2006**

## DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan elk van die volgende:

- My studieleier, Dr. C.E. Prinsloo vir haar kennis, leiding en motivering. Dit was 'n voorreg om die studie onder u leiding te voltooi.
- My ouers, vir die aanpassings wat julle gemaak het om my te ondersteun gedurende my studies en vir julle motivering wanneer ek wou moed opgee.
- My bestuurders en kollegas by Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis, vir die deurlopende belangstelling in my studies en die motivering wat julle my gebied het om hierdie studie te voltooi.
- Die respondente, vir die bereidwilligheid om julle gevoelens, idees en opinies openlik met my te deel en ook vir julle opgewondenheid om aan die studie deel te neem.

**My Hemelse Vader, vir geleenthede, vermoëns, talente en vaardighede asook vir krag, seëninge en voorregte tydens die voltooiing van die studie.**

## **OPSOMMING**

### **DIE BEHOEFTE VAN ADOLESSENTE DOGTERS IN 'N KINDERHUIS TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING**

deur

Celesté de Wet

Studieleier: Dr. C.E. Prinsloo  
Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie  
Universiteit van Pretoria

Graad: MSD (Speltherapie)

---

Alle adolessente is kwesbaar om by risiko seksuele gedrag betrokke te raak, maar die adolessent in die kinderhuis is meer kwesbaar hiervoor as gevolg van uitermatige druk van die portuurgroep, disfunksionele betrokkenheid by hulle families en die algemene voorkoms van seksuele misbruik. Baie kinderhuiskinders is aan ernstige trauma blootgestel voor hulle opname in die kinderhuis en dit beïnvloed hulle siening van die wêreld en hulle verwysingsraamwerk waaruit probleme en uitdagings benader word.

Geslagtelike opvoeding in die kinderhuis vind plaas deur die aanbieding van lewensvaardigheidsprogramme deur maatskaplike werkers. Dit vind gewoonlik in groepsverband plaas en sluit inligting oor voortplanting en seksueel oordraagbare siektes in. Dit wil voorkom asof die geslagtelike opvoedingsprogramme wat by skole en in die kinderhuis aangebied word, nie die adolessente se houdings en gedrag ten opsigte van seksuele kwessies verander nie. Dit is nodig om die adolessent se behoeftes ten opsigte van programme rondom geslagtelike opvoeding in ag te neem aangesien die adolessent se strewe na onafhanklikheid daartoe lei dat sy ook 'n behoefte het om insette te lewer in besluite wat haar raak.

Die doel van hierdie navorsingsprojek was om die behoeftes van adolessente dogters in 'n kinderhuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding te bepaal. Ten einde hierdie doel te bereik, is 'n deeglike literatuurstudie ten opsigte van die ontwikkelingsbehoefte van adolessente, met spesifieke verwysing na die

ontwikkelingsbehoefte van adolessente in kinderskole, gedoen. Die geskiedenis van geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika asook die behoefte aan geslagtelike opvoeding is ook ondersoek. Verder is die huidige geslagtelike opvoedingsbronne en –programme in Suid-Afrika ondersoek met spesifieke verwysing na die geslagtelike opvoeding van die kinderskolekind. Leemtes in die literatuur rondom die geslagtelike opvoeding van die adolessent en spesifiek die adolessent se behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding bestaan en die navorser het gepoog om hierdie leemte te vul deur die uitvoer van 'n empiriese ondersoek.

Daar is gebruik gemaak van kwalitatiewe dataversamelingsmetodes, naamlik semi-gestruktureerde onderhoude. Die empiriese studie is uitgevoer deur een-tot-een onderhoude met behulp van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule met 11 adolessente dogters in 'n kinderskole te voer. Die respondente is geselekteer deur middel van doelbewuste steekproeftrekking. Die navorsingstrategie wat gebruik is, is die kollektiewe gevallestudie aangesien die studie gefokus het op 'n spesifieke sosiale kwessie (geslagtelike opvoeding) wat by 'n spesifieke populasie (adolessente dogters van die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderskole) voorkom.

Vanuit die data wat uit die empiriese ondersoek verkry is, is die gevolgtrekking gemaak dat adolessente dogters in 'n kinderskole 'n groot verskeidenheid behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding het en hierdie behoeftes is geïdentifiseer. Aanbevelings is na aanleiding van die gevolgtrekkings gemaak wat professionele persone in staat sal stel om geslagtelike opvoedingsprogramme te ontwikkel wat op die behoeftes van adolessente dogters in 'n kinderskole gebaseer is.

## **SLEUTELTERME**

Adolessent

Behoeftes

Geslagtelike opvoeding

Geslagtelike opvoedingsprogramme

Kinderhuis

Kinderhuiskind

Kinderhuisadolessent

Lewensvaardigheidsprogramme

MIV/VIGS

Ontwikkelingsbehoefte

Onafhanklikheid

Portuurgroep

Seksueel oordraagbare siektes

Tienerswangerskap

## **SUMMARY**

### **THE NEEDS OF ADOLESCENT GIRLS IN A CHILDREN'S HOME REGARDING SEX EDUCATION**

by

Celesté de Wet

Supervisor: Dr. C.E. Prinsloo  
Department of Social work and Criminology  
University of Pretoria

Degree: MSD (Playtherapy)

---

All adolescents are vulnerable to get involved in risky sexual behavior but the adolescent in a children's home is more vulnerable due to excessive pressure from the peer group, dysfunctional family involvement and the high occurrence of sexual abuse. A high number of children in children's homes were exposed to serious trauma before being admitted to a children's home and this influences their view of the world and the frame of reference through which problems and challenges are approached.

In the children's home sex education form part of lifeskills programmes that are presented by the social workers. Lifeskills programmes are usually presented to groups and sex education includes information on reproduction and sexually transmitted diseases. The sex education programmes presented by the children's home and schools do not seem to change the adolescent's attitude and behavior in terms of sexual aspects. It is necessary to take the adolescent's needs in terms of sex education into consideration since the adolescent's search for independence also creates a need to be able to have input in decisions that influences her life.

The goal of this research project was to determine the needs of adolescent girls in a children's home regarding sex education. To achieve this goal a thorough literature study was performed with regard to the developmental needs of adolescents and specifically the developmental needs of adolescents in a children's home. An

investigation was also done on the history of sex education in South Africa and the need for sex education today. The current programmes and sources regarding sex education in South Africa were investigated and information was obtained on the sex education of the child in the children's home. The researcher attempted to fill the gaps in the literature regarding the needs of adolescents regarding sex education by means of an empirical study.

Qualitative information collection techniques were used, namely semi-structured interviews. The empirical study took the form of one-on-one interviews with the assistance of a semi-structured interview schedule with 11 adolescent girls in a children's home. The respondents were selected by using purposive sampling. The collective case study was utilised as the research strategy since the study focused on understanding a specific social issue (sex education) in a specific population (adolescent girls in the Abraham Kriel Maria Kloppers Children's Home).

Through this the researcher came to the conclusion that adolescent girls in a children's home have many needs regarding sex education and these needs were identified. Recommendations were made with reference to the conclusions formed that would enable professionals to develop programmes on sex education that are based on the needs of adolescent girls in a children's home.

## **KEYWORDS**

Adolescent

Needs

Sex education

Sex education programmes

Children's Home

Children's Home child

Children's Home adolescent

Lifeskills programmes

HIV/AIDS

Developmental needs

Independence

Peer group

Sexually transmitted diseases

Teenage pregnancy



## INHOUDSOPGAWE

	<b>Bladsy</b>
Dankbetuigings	i
Opsomming	ii
Sleutelterme	iv
Summary	v
Keywords	vii

## HOOFSTUK 1 ALGEMENE INLEIDING

<b>1.1 INLEIDING</b> .....	<b>1</b>
<b>1.2 PROBLEEMFORMULERING</b> .....	<b>3</b>
<b>1.3 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE</b> .....	<b>10</b>
1.3.1 Doel van die studie .....	10
1.3.2 Doelwitte van die studie .....	11
<b>1.4 NAVORSINGSVRAAG</b> .....	<b>12</b>
<b>1.5 NAVORSINGSBENADERING</b> .....	<b>12</b>
<b>1.6 SOORT NAVORSING</b> .....	<b>13</b>
<b>1.7 NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSMETODOLOGIE</b> .....	<b>13</b>
1.7.1 Navorsingsontwerp .....	13
1.7.2 Navorsingsmetodologie .....	14
<b>1.8 VOORONDERSOEK</b> .....	<b>16</b>
1.8.1 Uitvoerbaarheid van ondersoek .....	16
1.8.2 Toetsing van onderhoudskedule .....	17
<b>1.9 POPULASIE, STEEKPROEF EN STEEKPROEFNEMING</b> .....	<b>17</b>
<b>1.10 ETIESE ASPEKTE</b> .....	<b>18</b>
1.10.1 Ingeligte toestemming .....	18
1.10.2 Vertroulikheid .....	19
1.10.3 Analisering en rapportering van data .....	19
1.10.4 Skade aan respondente .....	20
1.10.5 Misleiding van respondente .....	20

<b>1.11</b>	<b>DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE .....</b>	<b>20</b>
<b>1.12</b>	<b>LEEMTES TYDENS DIE ONDERSOEK .....</b>	<b>21</b>
<b>1.13</b>	<b>INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG.....</b>	<b>23</b>
<b>1.14</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>23</b>

<p style="text-align: center;"><b>HOOFSTUK 2</b> <b>ONTWIKKELINGSBEHOEFTE VAN ADOLESSENTE</b></p>
---

<b>2.1</b>	<b>INLEIDING .....</b>	<b>25</b>
<b>2.2</b>	<b>DEFINIËRING VAN ADOLESSENSIE .....</b>	<b>25</b>
<b>2.3</b>	<b>ONTWIKKELINGSTEORIE VAN ERIK ERIKSON .....</b>	<b>26</b>
<b>2.4</b>	<b>ONTWIKKELINGSAREAS VAN DIE ADOLESSENT .....</b>	<b>28</b>
2.4.1	Fisieke ontwikkeling .....	28
2.4.2	Kognitiewe ontwikkeling .....	29
2.4.3	Sosiale ontwikkeling .....	31
2.4.3.1	Die ouer-adolessent verhouding .....	31
2.4.3.2	Portuurgroepverhoudings .....	32
2.4.4	Morele ontwikkeling .....	33
<b>2.5</b>	<b>DIE ONTWIKKELING VAN DIE KINDERHUISADOLESSENT .....</b>	<b>36</b>
2.5.1	Identiteitsontwikkeling .....	36
2.5.2	Fisieke ontwikkeling .....	37
2.5.3	Kognitiewe ontwikkeling .....	37
2.5.4	Sosiale ontwikkeling .....	38
2.5.5	Morele ontwikkeling .....	39
<b>2.6</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>39</b>

<p style="text-align: center;"><b>HOOFSTUK 3</b> <b>GESLAGTELIKE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA</b></p>
---

<b>3.1</b>	<b>INLEIDING .....</b>	<b>41</b>
<b>3.2</b>	<b>DEFINIËRING VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING .....</b>	<b>41</b>
<b>3.3</b>	<b>DIE BEHOEFTE AAN GESLAGTELIKE OPVOEDING .....</b>	<b>42</b>
<b>3.4</b>	<b>GESKIEDENIS VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA .....</b>	<b>43</b>
<b>3.5</b>	<b>GESLAGTELIKE OPVOEDINGSBRONNE IN SUID-AFRIKA .....</b>	<b>45</b>
3.5.1	Lewensvaardigheidsprogramme in skole .....	46
3.5.2	Mediaveldtog .....	48

3.5.3	Portuurgroepopleiding .....	49
3.5.4	Opvoeding deur ouers .....	50
<b>3.6</b>	<b>GESLAGTELIKE OPVOEDING IN DIE KINDERHUIS .....</b>	<b>51</b>
3.6.1	Unieke behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding in 'n kindershuis .....	51
3.6.2	Bestaande geslagtelike opvoedingsprogramme in die kindershuis .....	52
<b>3.7</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>54</b>

<p><b>HOOFSTUK 4</b> <b>EMPIRIESE ONDERSOEK</b></p>
---

<b>4.1</b>	<b>INLEIDING .....</b>	<b>55</b>
<b>4.2</b>	<b>NAVORSINGSPROSEDURE .....</b>	<b>56</b>
<b>4.3</b>	<b>VORIGE GESLAGTELIKE OPVOEDINGSPROGRAMME .....</b>	<b>56</b>
4.3.1	Verskillende bronne van geslagtelike opvoeding .....	56
4.3.2	Bron waar meeste blootstelling aan geslagtelike opvoeding plaasgevind het .....	58
4.3.3	Tipe inligting tydens geslagtelike opvoedingsgeleenthede .....	59
<b>4.4</b>	<b>BEHOEFTE IN TERME VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING .....</b>	<b>62</b>
4.4.1	Behoefte aan keuses .....	62
4.4.2	Behoefte aan nuwe inligting .....	64
4.4.2.1	Behoefte aan nuwe inligting oor spesifieke onderwerpe .....	65
4.4.2.2	Behoefte aan nuwe onderwerpe .....	66
4.4.3	Behoefte aan praktiese deelname en visuele inligting .....	68
4.4.4	Behoefte aan jonger aanbieders van programme .....	69
4.4.5	Behoefte aan eenvoudige inligting .....	71
4.4.6	Behoefte aan afwesigheid van die teenoorgestelde geslag .....	72
<b>4.5</b>	<b>UNIEKE BEHOEFTE VAN DIE ADOLESENT IN DIE KINDERHUIS .....</b>	<b>73</b>
<b>4.6</b>	<b>ADDISIONELE TEMAS .....</b>	<b>75</b>
4.6.1	Eie ervarings .....	75
4.6.2	Vertroulikheid .....	76
4.6.3	Aanbieder se verhouding met die respondente .....	77
4.6.4	Houdings van aanbieders .....	77
4.6.5	Houding van die portuurgroep .....	78
4.6.6	Bronne van geslagtelike opvoeding in die kindershuis .....	79
<b>4.7</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>79</b>

## **HOOFSTUK 5 SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

<b>5.1 INLEIDING .....</b>	<b>81</b>
<b>5.2 HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING .....</b>	<b>82</b>
5.2.1 Samevatting .....	82
5.2.2 Gevolgtrekkings .....	82
5.2.3 Aanbevelings .....	84
<b>5.3 HOOFSTUK 2: ONTWIKKELINGSBEHOEFTE VAN ADOLESSENTE .....</b>	<b>85</b>
5.3.1 Samevatting .....	85
5.3.2 Gevolgtrekkings .....	85
5.3.3 Aanbevelings .....	87
<b>5.4 HOOFSTUK 3: GESLAGTELIKE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA .....</b>	<b>88</b>
5.4.1 Samevatting .....	88
5.4.2 Gevolgtrekkings .....	88
5.4.3 Aanbevelings .....	90
<b>5.5 HOOFSTUK 4: EMPIRIESE ONDERSOEK .....</b>	<b>91</b>
5.5.1 Samevatting .....	91
5.5.2 Gevolgtrekkings .....	92
5.5.3 Aanbevelings .....	94
5.5.3.1 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing .....	94
5.5.3.2 Aanbevelings vir personeel in 'n kindershuis .....	95
<b>5.6 TOETSING VAN DOEL EN DOELWITTE .....</b>	<b>96</b>
5.6.1 Doel .....	96
5.6.2 Doelwitte .....	96
<b>5.7 NAVORSINGSVRAAG .....</b>	<b>98</b>
<b>5.8 SLOTOPMERKINGS .....</b>	<b>98</b>
<b>BIBLIOGRAFIE .....</b>	<b>100</b>

## **LYS VAN FIGURE**

Figuur 4.1: Bron waar meeste inligting oor seksuele sake verkry is (N=11) .....	58
Figuur 4.2: Behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding .....	62
Figuur 4.3: Behoeftes rondom die ouderdom van aanbieders (N = 11) .....	71
Figuur 4.4: Addisionele temas rondom geslagtelike opvoeding .....	75

## **LYS VAN TABELLE**

Tabel 2.1: Erik Erikson se stadia van ontwikkeling .....	26
Tabel 2.2: Fisieke ontwikkeling tydens adolessensie .....	28
Tabel 2.3: Jean Piaget se stadia van kognitiewe ontwikkeling .....	30
Tabel 2.4: Lawrence Kohlberg se stadia van morele ontwikkeling .....	34
Tabel 4.1: Gesagtelike opvoedingsbronne (N=11) .....	57
Tabel 4.2: Waarskuwings oor seksuele omgang .....	60
Tabel 4.3: Respondente se behoeftes aan praktiese deelname en visuele inligting .....	69

## **LYS VAN BYLAE**

Bylaag 1: Onderhoudskedule .....	109
Bylaag 2: Goedkeuring van Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe .....	111
Bylaag 3: Toestemmingsbrief van organisasie .....	112
Bylaag 4: Voorbeeld van ingeligte toestemmingsbrief van organisasie .....	113
Bylaag 5: Voorbeeld van ingeligte toestemmingsbrief van respondent .....	116
Bylaag 6: Profiel van respondente .....	119

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING

### 1.1 INLEIDING

Die adolessent in die kindershuis moet dieselfde uitdagings en probleme oorkom as die adolessent wat in haar ouerhuis woon, maar in die kindershuis word die adolessent ook met eiesoortige uitdagings gekonfronteer. Die adolessente in die kindershuis se portuurgroep bestaan uit kinders wat net soos hulle gebroke gesinsverhoudings het en 'n eiesoortige verwysingsraamwerk het waarmee probleme en uitdagings gekonfronteer moet word.

Dreyer (2001:22) noem dat om met adolessente te werk, dit nodig is om stresvolle probleme ten opsigte van verskeie aspekte, insluitende die ontwikkeling van seksualiteit, te verwag. Volgens Steele (1999) is studies gedoen wat aandui dat alle adolessente kwesbaar is om by risiko seksuele gedrag betrokke te raak. Die risiko om in die kindershuis by onverantwoordelike seksuele gedrag betrokke te raak, is groot, ten spyte van pogings om die kindershuiskind op te voed om verantwoordelike keuses ten opsigte van seksuele gedrag te neem. Die redes hiervoor is uitermatige druk van die portuurgroep, disfunksionele betrokkenheid by hulle families en die algemene voorkoms van seksuele misbruik. Baie kindershuiskinders is voor hulle opname in die kindershuis aan ernstige trauma blootgestel en dit beïnvloed hulle siening van die wêreld en hulle verwysingsraamwerk waaruit probleme en uitdagings benader word.

Geslagtelike opvoeding in die kindershuis vind plaas deur die aanbieding van lewensvaardigheidsprogramme deur maatskaplike werkers. Dit vind gewoonlik plaas in groepsverband en sluit inligting oor voortplanting en seksueel oordraagbare siektes in.

Steele (1999) beweer dat adolessente wat uit disfunksionele families kom, meer op die portuurgroep en media staatmaak om inligting of rolmodelle rondom seks en

seksualiteit te kry. Dit wil dus voorkom asof die adolessent in die kindershuis moontlik meer waarde heg aan die opinies van die portuurgroep en boodskappe van die massamedia rondom seksuele kwessies. Steele (1999) beweer verder dat die portuurgroep 'n belangrike bron van seksuele waardes vir die adolessent is. In die kindershuis word kinders daagliks aan groepsdruk blootgestel, aangesien hulle 24 uur van die dag saam met hulle portuurgroep is. Die media het 'n kragtige impak op die seksuele houdings en gedrag van adolessente (Chapin, 2000). Die kindershuiskind het beperkte toegang tot die media by die kindershuis, maar soos enige ander kind geniet die kindershuiskind dit ook om televisie te kyk, na gewilde musiek te luister en tydskrifte te lees. Aangesien die kindershuiskind nie vrye toegang het tot die massamedia nie, word haar behoeftes om alternatiewe bronne van inligting te eksploreer, onderdruk deur die instansie wat verantwoordelik is vir haar sorg en ontwikkeling. In die studie sal die navorser die vroulike aanspreekvorm benut aangesien die studie sal fokus op die behoeftes van adolessente dogters.

Dit wil voorkom asof die geslagtelike opvoedingsprogramme wat by skole en in die kindershuis aangebied word, nie die adolessente se houdings en gedrag ten opsigte van seksuele kwessies verander nie. Kinders in kindershuise word selde gevra om deel te neem aan besluitneming wat hulle sal beïnvloed (International HIV/AIDS Alliance, [sa]). Dit is nodig om die adolessent se behoeftes ten opsigte van programme rondom geslagtelike opvoeding in ag te neem. Die getraumatiseerde kind in die kindershuis ervaar reeds 'n gevoel van magteloosheid en 'n verlies aan persoonlike mag (Van der Merwe, 1998:57) en die navorser is van mening dat die feit dat sy nie in ag geneem word by die ontwikkeling van programme om haar ontwikkelingsbehoefte aan te spreek nie, verder bydra tot die gevoel van magteloosheid. Volgens Fine, Mortimer en Roberts (in Chapin, 2000) strewe adolessente vir groter onafhanklikheid en bied die massamedia 'n aantreklike alternatiewe bron van inligting.

Die kindershuiskind se beperkte toegang tot die massamedia veroorsaak dat haar behoeftes in haar ontwikkeling as volwasse verantwoordelike persoon slegs deur 'n paar bronne vervul kan word. Die kindershuiskind kry nie die geleentheid om ander alternatiewe te eksploreer om haar behoeftes te vervul nie, ook nie om alternatiewe wyses te vind om van seksuele kwessies te leer nie. Die moontlikheid bestaan dat

die bestaande programme vir geslagtelike opvoeding nie werklik geskoei is op die ware behoeftes en ontwikkelingsvlak van die adolessent nie. Kinders moet aktief deelneem aan die ontwikkeling van HIV/VIGS programme aangesien dit sal veroorsaak dat die programme meer op hulle behoeftes geskoei sal wees (International HIV/AIDS Alliance, [sa]). Enige geslagtelike opvoedingsprogram moet ook geskoei wees op die behoeftes van die adolessent om te verseker dat die adolessent baat sal vind by die program. Hierdie studie beoog om die adolessent se behoeftes in terme van geslagtelike opvoedingsprogramme te bepaal. Die resultate kan gebruik word om nuwe programme vir geslagtelike opvoeding te ontwikkel wat op die adolessent se leëwêreld gemik is en moontlik kan hierdie programme meer suksesvol in die kinderhuisopset aangebied word. Die waarde van geslagtelike opvoedingsprogramme lê daarin dat dit voorkomend van aard is deurdat dit tienswangerskappe en seksueel oordraagbare siektes kan voorkom. Verder kan dit die leerder bemagtig om verantwoordelike keuses te maak ten opsigte van haar seksuele gedrag, keuses wat gegrond is op korrekte inligting rondom seksuele aspekte. Daar is geen resente studies rondom die geslagtelike opvoeding van kinderhuiskinders nie en as gevolg van die unieke problematiek ten opsigte van die seksuele by kinderhuiskinders sal hierdie studie vir kinderhuise voordelig wees in die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme.

## 1.2 PROBLEEMFORMULERING

Die kerngesin word oor die algemeen beskou as 'n gesinstruktuur wat bestaan uit 'n vader, moeder en een of meer kinders. (Gerdes, Louw, Van Ede & Louw, 1998:477; Benokraitis, 2005:5.) As gevolg van die diverse groepe wat hulleself as gesinne beskou en wat nie noodwendig deel vorm van die bogenoemde verduideliking van 'n kerngesin nie, kan kerngesin gedefinieer word as:

...an intimate environment in which two or more people:

- (1) live together in a committed relationship,
- (2) see their identity as importantly attached to the group, and
- (3) share close emotional ties and functions (Benokraitis, 2005:5).



Die kind in die kinderhuis word uit hierdie kerngesin gehaal en in alternatiewe sorg geplaas, gewoonlik nie met die kind se toestemming nie. Die navorser is van mening dat die kinderhuis nie die funksie van die kerngesin kan vervul nie, aangesien die verwydering van die kind 'n traumatiese ervaring vir die kind is en die trauma en onwilligheid van die kind om in die kinderhuissisteem opgeneem te word, dan daartoe sal lei dat die kind nie toegewyd is in hierdie verhouding nie en ook nie altyd nabye emosionele verbindings deel met die ander persone in hierdie sisteem nie. Die kind in die kinderhuis se behoeftes moet dus binne 'n unieke sisteem vervul word.

Volgens Van der Linde (2000:4) is adolessensie 'n fase waarin die mens verskeie veranderinge ondergaan en sekere kritiese ontwikkelingsstake moet kan bemeester, wat ook seksuele ontwikkeling insluit. Die kinderhuiskind wat die adolessente fase betree, word gekonfronteer met dieselfde uitdagings as 'n ander kind, maar in 'n unieke atmosfeer en gewoonlik moet sy hierdie uitdagings aanpak met 'n ander verwysingsraamwerk as 'n adolessent wat binne die kerngesin ondersteun word.

Volgens Thom, Louw, Van Ede en Ferns (1998:407) en Cherlin (2002:220) is dit 'n algemene tendens dat adolessente vandag meer seksueel aktief is en ook vroeër seksueel aktief raak as 'n aantal jare gelede. Capuzzi en Gross (in Dreyer, 2001:22) beweer dat seksuele promiskuiteit in hierdie lewensfase algemeen is. Dit is ook 'n realiteit by die kinderhuis dat sommige kinders op 'n baie vroeë ouderdom seksueel aktief raak en dat promiskuiteit onder baie adolessente voorkom, net soos dit voorkom onder adolessente wat nie in die kinderhuis is nie. Die navorser is van mening dat seksuele promiskuiteit 'n groter probleem by die kinderhuis is as gevolg van die feit dat 'n groot persentasie van die kinders in die kinderhuis aan seksuele misbruik blootgestel is, hetsy dit gebeur het terwyl die kind nog in die ouers se sorg was óf die misbruik in die kinderhuis plaasgevind het deur ander kinders (wat dikwels self misbruik is).

Volgens Du Plessis (1999:39) en Fouché (2000:32) toon die slagoffers van seksuele misbruik dikwels die volgende gedragpatrone: uitermatige uitlokkende gedrag teenoor volwassenes, ekstensiewe masturbasie en toenemende geseksualiseerde gedrag. Aangesien daar so 'n groot persentasie kinderhuiskinders seksueel misbruik

is, kom vroeë betrokkenheid in seksuele aktiwiteite dikwels in die kindershuis voor. Die invloed van die portuurgroep op die seksuele aktiwiteite van die adolessent is ook belangrik en word later bespreek.

Seydell (1992:8) het 'n studie gedoen met 67 Engelssprekende seksueel aktiewe vroulike adolessente tussen die ouderdom van 12 en 19 jaar om te bepaal of geslagtelike opvoeding en ander bronne van seksuele inligting die seksuele kennis en houdings van seksueel aktiewe skooldogters beïnvloed. Haar belangrikste bevindings kan kortliks soos volg opgesom word:

- Nie 'n baie groot persentasie respondente het 'n omvattende kursus in geslagtelike opvoeding gehad nie, maar die onderrig wat hulle wel ontvang het, het nie daarin geslaag om die respondente se houdings teenoor seks te verander nie, en het ook nie daarin geslaag om hulle seksuele kennis te verbreed nie.
- Respondente wat nie geslagtelike opvoeding ontvang het nie, se seksuele kennis en houding het nie verskil van dié wat wel geslagtelike opvoeding ontvang het nie.

Uit hierdie studie het dit geblyk dat geslagtelike opvoeding op daardie stadium nie werklike verandering te weeg gebring het nie.

Die navorser kon nie daarin slaag om meer resente studies oor die onderwerp te kry nie en ook nie studies wat fokus op die adolessent se behoeftes ten opsigte van geslagtelike opvoeding nie. Daar is ook geen resente studies ten opsigte van die kindershuiskind beskikbaar nie. Bogenoemde dui daarop dat hierdie studie nodig is om meer inligting beskikbaar te stel.

As maatskaplike werker by 'n kindershuis word dit ook daagliks duidelik dat geslagtelike opvoeding nie die verwagte resultate by kinders ontlok nie. Die vraag ontstaan nou waar die kindershuiskind geslagtelike opvoeding kry? Volgens Benokraitis (2005:177) word inligting oor seks vanuit die volgende bronne verkry:

- Ouers
- Portuurgroep

- Media
- Geslagtelike opvoeding in skole

Die kinderhuiskind kry oor die algemeen inligting oor seks en seksualiteit by die volgende bronne:

- Skole
- Personeel van die kindershuis
- Ouers
- Portuurgroep
- Media

Volgens Asmal (2004) is lewensvaardigheidsprogramme deel van die kurrikulum van die Suid-Afrikaanse skoolsisteem en sluit hierdie lewensvaardigheidsprogramme inligting oor seksualiteit en seksueel oordraagbare siektes in. Volgens Hattingh (2006), 'n oud-skoolmaatskaplike werker, word geslagtelike opvoeding vanaf Graad 6 in skole aangebied en sluit dit die voortplantingsproses en seksueel oordraagbare siektes in. Elke skool bepaal self hoe hierdie inligting aangebied sal word.

Personeel van die Abraham Kriel Kinderhuis is daarop ingestel om kinders te onderrig en te lei om nie verkeerde keuses te maak in terme van seksuele aktiwiteite nie, aangesien die organisasie vanuit 'n Christelike perspektief bestuur word en die Christelike waardes van onthouding van seks voor die huwelik deur die personeel aangemoedig word. Dit is wel waar dat baie van die kinders in die kindershuis ernstige seksuele mishandeling ervaar het en ook ander vorme van trauma ervaar het. Die gevolg hiervan is dat hulle emosionele behoeftes nooit bevredig word nie en hulle emosionele aanvaarding en emosionele bevrediging soms in die seksuele soek. Die vakkundige kommittee van die kindershuis kan wel goedkeur dat 'n meisie voorbehoeding ontvang wanneer een of meer van die volgende aspekte teenwoordig is:

- Die kind was voorheen seksueel misbruik.
- Die kind is verstandelike gestrem.
- Die kind was voorheen swanger.

Indien die bogenoemde aspekte nie teenwoordig is nie, kan die kinderhuis nie besluit dat die kind voorbehoeding ontvang nie en indien die kind dan verkies om seksueel te verkeer, is die risiko vir ongewenste swangerskappe groot indien die kind nie kies om self verantwoordelikheid vir voorbehoeding te neem nie.

In die handves van kinderregte word daar genoem dat alle kinders die reg het om onderrig te ontvang oor sake soos seksualiteit en VIGS (The Children's Charter of South Africa, 1992). Alle kinders by die kinderhuis word betrek by geslagsoriënteringsgroepe wanneer hulle 'n sekere ouderdom bereik. Tydens hierdie groepe word die voortplantingsproses verduidelik en word daar ook aandag gegee aan seksueel oordraagbare siektes en hoe om dit te verhoed.

Dit is nie moontlik om te bepaal watter geslagtelike opvoeding die kinderhuiskind by haar ouers kry nie. Die navorser is van mening dat die kinderhuispersoneel die grootste bron van inligting rondom seksuele kwessies is en grootliks die rol van die ouers in hierdie verband vervang.

Die kinderhuiskind in Abraham Kriel Kinderhuis het beperkte toegang tot die media. Die inligting wat op televisie en in tydskrifte gesien word, word goed deur die kinderhuispersoneel beheer. Dit is wel waar dat die hulle ook blootgestel word aan mediabronne wanneer hulle by maats, die skool, of ouers is en hier kan hulle verkeerde inligting rondom seksuele kwessies verkry.

Die kinderhuiskind leer ook net soos ander kinders van die portuurgroep oor seks. Die verskil hier is dat die kinderhuiskind se portuurgroep hoofsaaklik uit ander kinderhuiskinders bestaan wat ook uit 'n ander verwysingsraamwerk na seksuele kwessies kyk. Volgens Nel (2004:49) word die kinderhuiskind se normale proses van groei en ontwikkeling benadeel as gevolg van die ongewenste omstandighede waaraan sy voorheen blootgestel is. Hierdie omstandighede waaruit die kinderhuiskind kom, beïnvloed die kinderhuiskind se siening oor die lewe en dus ook haar verwysingsraamwerk en die manier waarop sy uitdagings en probleme benader. Die navorser is van mening dat die portuurgroep van die kinderhuiskind se siening oor die seksuele aspekte van hulle ontwikkeling ook kan verskil van dié van adolessente wat nie in 'n kinderhuis woon nie, as gevolg van hierdie belemmerde

verwysingsraamwerk,. Nel (2004:49) noem ook dat kinders soms betrek word in negatiewe gedragpatrone om deur die portuurgroep aanvaar te word.

Ten spyte van pogings om verantwoordelike seksuele gedrag aan te moedig, raak kinders in die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis wel by onverantwoordelike seksuele gedrag betrokke en raak meisies ook swanger. Die aanname waarop hierdie studie gebaseer is, is dat die geslagtelike opvoeding waaraan hierdie kinders blootgestel is, nie werklik aan hulle behoeftes voldoen het nie. Die navorser is van mening dat die inligting wat by Abraham Kriel Kinderhuis aan kinders gegee word, gebaseer word op feite wat die kinders nodig het om te weet, maar dat daar nie werklik aandag gegee word aan die wyse waarop dit aangebied word of hoe dit die ontwikkelingsvlak van die spesifieke ouderdomsgroep aanspreek nie. Die kinders van Abraham Kriel Kinderhuis se behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding is nog nooit in ag geneem met die ontwikkeling van hierdie programme nie. Dit is nodig om by die kinders uit te vind hoe hulle hierdie inligting wil hê sodat nuwe programme volgens hulle behoeftes en vereistes ontwikkel kan word. Eers daarna kan getoets word of hierdie programme werklik suksesvol is of nie. Dit is ook nodig om die redes waarom kinders in seksuele verhoudings betrokke raak, te ondersoek.

Benokraitis (2005:173) noem dat die volgende redes is waarom mense in seksuele verhoudings betrokke raak:

- Interpersoonlike redes – 'n manier om affeksie te kry en om daardeur te kommunikeer.
- Groepsdruk van die portuurgroep.
- Ouerlike invloede – kinders met nabye verhoudings met moeders is meer geneig om seksuele aktiwiteit uit te stel.
- Strukturele faktore – rasseverskille.
- Familiekonflik en -probleme – kind begeer ondersteuning van die portuurgroep wat kan lei tot druk om seksueel betrokke te raak.

Kinders in die kindershuis het grootliks gebroke verhoudings met familieledede, wat hulle moeders insluit, aangesien hulle fisies van hulle ouers verwyder is. Kinders in 'n kindershuis kan nie hulle affeksie op normale maniere uitdruk nie – hulle ouers is nie

naby nie en huisouers is nie altyd in staat om vir hulle die affeksie en toenadering te gee wat hulle nodig het nie, dus het die kind in die kinderhuis nie 'n normale sin van behoort nie. Volgens Watts en Eggelation (1999:79) kan adolessente wat nie 'n sin van behoort het nie, 'n sin van behoort in seksuele aktiwiteite soek. Van der Merwe (1998:71) noem ook dat die kinderhuiskind met die verlies van 'n ideale gesinsbasis, soms oormatige fisiese en emosionele gedrag teenoor ander persone kan toon. Die navorser is van mening dat dit tot vroeë betrokkenheid by seksuele aktiwiteite kan lei.

Volgens Thom *et al.* (1998:454) het die adolessent 'n dwingende behoefte om te behoort en lei dit daartoe dat die adolessent toenemend betrokke raak by die portuurgroep. Die verwagtinge wat die portuurgroep stel, verskil gewoonlik baie van die verwagtinge wat die volwasse samelewing stel en die adolessent word dikwels in die middel van 'n stryd tussen die waardes van die portuurgroep en die waardes van haar ouers geplaas. Newman en Newman (in Thom *et al.*, 1998:547) noem dat adolessente die behoefte het om deur die portuurgroep goedgekeur te word en dus makliker konformeer tot wat die portuurgroep verwag. Taylor (2006:87) verduidelik die mag van die druk van die portuurgroep op die kind in residensiële sorg deur te noem hoe belangrik dit vir hierdie kinders is om "in te pas" by die portuurgroep en hoe maklik hulle as gevolg hiervan in kriminele aktiwiteite betrokke raak. Een seun verduidelik die druk van die portuurgroep in residensiële sorg soos volg:

There was a lot of peer pressure and that. You know you might not want to do something, but if everyone's there you've got two choices, get in trouble with the people you live with or get in trouble with staff. And if you're living with people you've got to get on with them, .... because then you're all right in their eyes, you know, they trust you... I mean there was stuff I wasn't really wanting to do... I knew it was wrong, I do know right from wrong, I did do at that age. But it was just an easier life... (Taylor, 2006:86).

Soos reeds genoem, kan die kind wat seksueel misbruik is, betrokke raak by vroeë seksuele aktiwiteite en portuurgroepdruk kan veroorsaak dat meer kinders by seksuele aktiwiteite betrokke raak.

Dit wil uit die bogenoemde bespreking voorkom dat die kinderhuiskind in 'n posisie is waar daar 'n groter risiko bestaan dat sy seksueel sal verkeer. Die kinderhuiskind word dus aan dieselfde uitdagings blootgestel as ander adolessente, maar moet hierdie uitdagings benader vanuit 'n verwysingsraamwerk wat gekenmerk word deur blootstelling aan trauma en negatiewe gesinsfaktore. Die adolessent in die kinderhuis het nie die nodige ondersteuning vanuit die gesinsisteem nie en ervaar nie 'n sin van behoort nie. Dit lei dikwels daartoe dat hierdie behoefte vervul word in seksuele verhoudings. Die portuurgroep oefen ook baie druk op die adolessent uit om seksueel te verkeer en die adolessent in die kinderhuis ervaar meer druk, aangesien sy saam met haar portuurgroep woon. Vroeë seksuele misbruik kan ook lei tot promiskuïteit onder adolessente. Hierdie risiko-faktore lei daartoe dat Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis daarop fokus om geslagtelike opvoeding te bied vir alle kinderhuiskinders en reeds vanaf laerskool daarmee begin. Ten spyte hiervan raak talle adolessente steeds betrokke in onverantwoordelike seksuele verhoudings en dit wil dus voorkom asof hierdie geslagtelike opvoedingsprogramme nie in die adolessente se behoeftes voldoen of die regte aspekte aanspreek sodat die gedrag verander kan word nie.

### **1.3 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE**

#### **1.3.1 Doel van die studie**

Volgens Fouché (2002a:107) verwys die woord doel na "...the end towards which effort or ambition is directed". Babbie en Mouton (2001:79) beweer dat die doel van navorsing gewoonlik verkennend, beskrywend of verklarend is. Die doel van hierdie navorsingstudie is verkennend. Bless en Higson-Smith (in Fouché, 2002a:109) noem dat die doel van 'n verkennende studie is om insig in 'n situasie, verskynsel, gemeenskap of individu te verkry. Mouton in Fouché (2002a:109) beweer dat 'n verkennende studie die antwoord op 'n "wat"-vraag eksploreer. Die navorser het deur hierdie studie gepoog om te bepaal wat die behoeftes van adolessente dogters in 'n kinderhuis ten opsigte van die manier waarop hulle geslagtelike opvoeding ontvang is, asook hulle behoeftes ten opsigte van die inhoud van geslagtelike opvoedingsprogramme. Die doel van hierdie studie kan soos volg geformuleer word:

*Om die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding te bepaal.*

Van die oogmerke van 'n verkennende studie is volgens Van der Merwe (1996:245) die volgende:

- om nuwe insigte oor 'n verskynsel te ontwikkel;
- om as voorondersoek tot 'n meer gestruktureerde studie te dien; en
- om nuwe hipoteses te ontwikkel.

Die navorser is van mening dat hierdie studie 'n beter begrip rondom die adolessent se behoeftes rakende geslagtelike opvoeding verskaf het, en nuwe hipoteses rondom hierdie verskynsel ontwikkel kan word wat in volgende navorsingstudies getoets kan word. Hierdie studie dien dan ook as 'n voorondersoek tot 'n meer gestruktureerde studie waar 'n nuwe geslagtelike opvoedingsprogram vir 'n kindershuis ontwikkel kan word op grond van die resultate van hierdie studie en gedrag voor en na intervensie gemeet kan word.

### **1.3.2 Doelwitte van die studie**

Die doelwitte is die stappe wat die navorser binne 'n sekere tydperk moet neem om die doel van die studie te bereik (Fouché, 2002a:107). Ten einde die doel te bereik, is die volgende doelwitte nagestreef:

- Om deur middel van 'n ondersoek na bestaande bronne 'n agtergrond oor geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika te gee.
- Om deur middel van 'n literatuurstudie die impak van geslagtelike opvoeding op adolessente, met spesifieke verwysing na die adolessent in die kindershuis, te bespreek.
- Om 'n empiriese studie te doen oor die behoeftes van adolessente dogters ten opsigte van geslagtelike opvoeding.
- Om na aanleiding van die bevindinge gevolgtrekkings en aanbevelings te maak in terme van die ontwikkeling van 'n geslagtelike opvoedingsprogram vir adolessente dogters in kindershuise.



## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Navorsingsvrae verwys na die verhoudings tussen 'n klein getal veranderlikes (Neuman, 1997:121). Die navorser is van mening dat die navorsingsvraag die studie gelei het. Aangesien dit 'n verkennende studie was, moes die antwoord op 'n "wat"-vraag gevind word en was 'n navorsingsvraag geskik om die studie te lei. Die navorsingsvraag wat vir hierdie studie geformuleer was, is:

*Wat is die behoeftes van adolessente kinderhuisdogters ten opsigte van geslagtelike opvoeding?*

## 1.5 NAVORSINGSBENADERING

Fouché en Delpont (2002:79) tref onderskeid tussen twee navorsingsbenaderings, naamlik die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering. Die navorser het die kwalitatiewe benadering in hierdie studie gebruik. Volgens Van der Merwe (1996:291) is die ideaal met kwalitatiewe navorsing om "...die mens tot beter selfbegrip en groter insig in sy situasie te bring" en lê die klem op 'n groter begrip vir menslike gedrag en ervaring. Fouché en Delpont (2002:79) beweer dat die kwalitatiewe benadering dit ten doel stel om die betekenis wat mense aan hulle alledaagse lewe heg, te verstaan, terwyl Mouton (1996:81) noem dat hierdie benadering die navorser in staat stel om verskynsels in die sosiale wêreld te verduidelik. Die navorser het in hierdie studie gepoog om 'n groter begrip te ontwikkel ten opsigte van die behoeftes van adolessente dogters rondom geslagtelike opvoeding en om betekenis te heg aan hulle persepsies en ervarings van geslagtelike opvoeding.

Van der Merwe (1996:291) beweer dat kwalitatiewe navorsing konkrete gevalle van menslike gedrag wil bestudeer en die navorser het 'n intersubjektiewe ingesteldheid van 'n binnestaander. Die navorser het tydens hierdie studie persoonlike kontak met respondente gehad wat haar 'n binnestaander gemaak het.

## 1.6 SOORT NAVORSING

Die tipe navorsing wat van toepassing was op hierdie studie, is toegepaste navorsing. Volgens Terre Blanche en Durrheim (1999:41) stel toegepaste navorsing dit ten doel om 'n bydrae te lewer tot probleemoplossing vir praktiese situasies, besluitneming, beleidsanalise en gemeenskaps-ontwikkeling. Prinsloo, Prinsloo en Marais (1996:189) meen ook dat toegepaste navorsing onderneem word met die oog op die benutting van die resultate in 'n praktiese probleemsituasie. Die navorser is van mening dat die resultate van hierdie studie deur professionele persone in 'n kindershuis gebruik kan word in die ontwikkeling van programme vir geslagtelike opvoeding.

Tydens hierdie studie is die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding ondersoek. Die inligting wat gedurende die studie verkry is, kan in die kindershuissituasie toegepas word tydens die ontwikkeling van nuwe geslagtelike opvoedingsprogramme.

## 1.7 NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 1.7.1 Navorsingsontwerp

Babbie en Mouton (2001:72) beskryf die navorsingsontwerp as: "...a plan or blueprint of how you intend on conducting the research", deurdat dit die beplanning van 'n wetenskaplike ondersoek hanteer deur 'n strategie vir die ondersoek daar te stel. Fouché (2002b:272) noem die bogenoemde navorsingstrategieë en onderskei tussen die volgende strategieë wat in kwalitatiewe studies gebruik word:

- Biografie
- Fenomenologie
- Gegronde teorie
- Etnografie
- Gevallestudie

In hierdie studie is die kollektiewe gevallestudiestrategie gebruik. Fouché (2002b:275) noem dat die gevallestudie die eksplorering van 'n enkele geval of meervoudige gevalle oor 'n tydperk behels. Die kollektiewe gevallestudie verbreed die navorser se begrip rondom 'n sosiale kwessie of populasie wat bestudeer word. Die navorser het gefokus op 'n spesifieke sosiale kwessie (geslagtelike opvoeding) wat by 'n spesifieke populasie (adolesente dogters van die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis) voorkom.

### 1.7.2 Navorsingsmetodologie

Die navorser het in hierdie studie onderhoudvoering as dataversamelings-metode gebruik. Marais en Bondesio (1996:137) definieer onderhoudvoering as "...gestruktureerde gespreksvoering met die oog op die verkryging van die siening van sleutelpersone oor bepaalde aangeleenthede".

Die navorser het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude met 11 adolessente dogters in 'n kinderkuis wat gedetailleerde inligting vanaf die respondente verskaf het. Volgens Greeff (2002:302) het die navorser wat semi-gestruktureerde onderhoude gebruik, 'n stel vooraf-bepaalde vrae op 'n onderhoudskedule wat die onderhoud kan lei terwyl daar steeds die geleentheid vir die respondent is om nuwe onderwerpe bekend te stel. Die navorser het semi-gestruktureerde onderhoude beskou as die ideale dataversamelingsmetode aangesien die onderhoudskedule verseker het dat vrae oor die behoeftes van die adolessent ten opsigte van geslagtelike opvoeding aangespreek word, maar ook buigsaamheid verseker het wat die adolessent die geleentheid gegee het om addisionele temas te identifiseer. Die navorser het van veldnotas gebruik gemaak en het ook elke onderhoud op band opgeneem om te verseker dat alle inligting in ag geneem is tydens die analisering van die data.

Die doel van die analisering van data is om data te verminder tot temas wat interpreteer kan word sodat navorsingsprobleme bestudeer en getoets kan word en gevolgtrekkings gemaak kan word (De Vos, Fouché & Venter, 2002:223). Die vyf stappe van kwalitatiewe data-analisering soos deur Creswell (in De Vos, 2002:340)

geïdentifiseer, is deur die navorser gebruik tydens data-analise. Die vyf stappe is die volgende:

- Versameling en optekening van data

De Vos (2002:340) noem dat die navorser moet beplan om data op 'n sistematiese manier te versamel deur gewoontes te kweek wat verseker dat data georganiseer en toeganklik is. Die navorser het voor dataversameling beplan om onderhoude op 'n sistematiese manier te voer en het tussen die onderhoude genoeg tyd toegelaat om die nodige veldnotas te maak en die rou data te organiseer.

- Bestuur van data

Volgens De Vos (2002:343) sluit die bestuur van data die volgende in: kleurkodes en syferkodes op indekskaarte, rekenaarprogramme en die neem van observasienotas, metodologiese notas en teoretiese notas. Die doel hiervan is om die navorser in staat te stel om data te organiseer sodat dit maklik geprosesseer kan word. Die navorser het alle onderhoude op rekenaar gestoor en ook die transkripsies en veldnotas van elke onderhoud in meesterlêers geliasseer. Alfabetiese kodes is gebruik om die verskeie onderhoude van mekaar te onderskei en hierdie kodes is op alle transkripsies en veldnotas van die onderhoude aangebring.

- Lees en skryf van memo's

Die lees en skryf van memo's stel die navorser in staat om 'n algemene indruk van die hele databasis te kry (De Vos, 2002:343). Die navorser het die veldnotas en transkripsies van die onderhoude meer as een keer gelees om 'n algemene indruk van die inligting wat die respondente verskaf het, te kry.

- Beskrywing, klassifisering en interpretering

Dit behels die soeke na kategorieë, temas en verskillende dimensies van inligting en om sin te maak uit al die data deur betekenis aan die data te heg (De Vos, 2002:344). Nadat die transkripsies en veldnotas verskeie kere gelees is, was die

navorser in staat om verskeie temas en subtemas te identifiseer en hierdie temas is deur middel van kleurkode identifiseer wat die interpretering daarvan vergemaklik het.

- Voorstelling en visualisering

Volgens De Vos (2002:345) is die finale fase van data-analise om 'n visuele beeld van die data te skep deur middel van teks, tabelle of figure. Tydens hierdie finale stap van data-analise is die navorsingsbevindinge en interpretasies in 'n geskrewe vorm voorgestel wat ook tabelle en figure ingesluit het.

## 1.8 VOORONDERSOEK

'n Voorondersoek word gedefinieer as die "proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir 'n beoogde ondersoek getoets word" (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:70). Bless en Higson-Smith (in Strydom, 2002a:211) noem dat die voorondersoek 'n kleiner studie is wat voor die navorsingstudie uitgevoer word om te bepaal of die metodologie waarmee die studie uitgevoer gaan word, geskik is. Die navorser is van mening dat die voorondersoek belangrik was aangesien dit probleme met die onderhoudskedule, tipe respondente of organisatoriese faktore uitgewys het voor die aanvang van die navorsingstudie en die geleentheid gebied het dat die nodige aanpassings gemaak kon word.

### 1.8.1 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Daar is verskeie faktore wat 'n invloed op die uitvoerbaarheid van die ondersoek het. Die navorser was in staat om hierdie studie effektief te implementeer. Respondente was toeganklik, aangesien die navorser by 'n kindershuis werk. Die studie was koste-effektief en die navorser was in staat om al die kostes verbonde aan die studie self te dra. Toestemming is ook vooraf van die Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis verkry om die studie uit te voer. Die navorser het ook aan alle respondente die prosedures en implikasies van die studie verduidelik ten einde hulle in staat te stel om ingeligte toestemming tot deelname aan die studie te gee.

### 1.8.2 Toetsing van onderhoudskedule

Volgens Babbie (in Strydom, 2002a:215) is die toetsing van die onderhoudskedule 'n wyse om foute in die onderhoudskedule vooraf te identifiseer. Strydom (2002a:215) voer aan dat die vooronderzoek die geleentheid aan die navorser gee om die onderhoudskedule of vraelys te toets met die tipe respondente wat vir die hoofondersoek gebruik sal word. Die navorser het na aanleiding van 'n literatuurstudie 'n onderhoudskedule opgestel om te verseker dat alle moontlike temas tydens die onderhoude gedek word. Die navorser het die onderhoudskedule met twee adolessente dogters getoets om so vas te stel of die onderhoudskedule voldoende vrae bevat om belangrike inligting te kry en of die aard en volgorde van die vrae duidelik en funksioneel was. Hierdie dogters het nie deel van die hoofondersoek uitgemaak nie. Tydens die toetsing van die onderhoudskedule het die navorser die geleentheid gekry om leemtes in die onderhoudskedule te identifiseer en het sy die nodige aanpassings gemaak voor die uitvoering van die studie.

### 1.9 POPULASIE, STEEKPROEF EN STEEKPROEFNEMING

Die universum verwys na al die potensiële respondente wat die eienskappe besit wat vir die navorser van belang is (Strydom & Venter, 2002:198). Die universum van hierdie studie was alle adolessente dogters in 'n kindershuis. Die populasie is die "...totale eenhede waaruit 'n steekproef geneem word" (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:49) of "...the totality of persons, events, organisation units, case records or other sampling units with which our research problem is concerned" (Strydom & Venter, 2002:199), met ander woorde dié persone waar die moontlikheid bestaan dat hulle geselekteer sal word om deel van die steekproef te wees. Die populasie vir hierdie studie was adolessente dogters in die Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis, Langlaagte kampus.

'n Steekproef is die "getal eenhede wat verteenwoordigend is van die totale getal eenhede in die betrokke populasie" (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:61). Die steekproef is dus die getal respondente wat in die studie ingesluit word. Die navorser het van nie-ewekansige steekproeftrekking gebruik gemaak.

Ewekansige steekproeftrekking beteken dat elke persoon in die populasie 'n gelyke moontlikheid het om vir die studie geselekteer te word (Strydom & Venter, 2002:203) en dus beteken nie-ewekansige steekproeftrekking dat elke persoon in die populasie nie 'n gelyke moontlikheid het om vir die studie geselekteer te word nie. Die navorser het gebruik gemaak van doelgerigte steekproeftrekking. Volgens Strydom en Venter (2002:207) bepaal die navorser sekere eienskappe waaraan die steekproef moet voldoen om 'n verteenwoordigende steekproef van die populasie te vorm wanneer doelgerigte steekproeftrekking gebruik word. Die navorser het spesifieke kriteria opgestel waaraan alle moontlike respondente moes voldoen. Die respondente wat in hierdie steekproef ingesluit was, het aan die volgende vereistes voldoen:

- Adollesente dogters tussen 14 en 16 jaar oud, wat nie verstandelik gestrem is nie.
- Dogters in Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis, Langlaagte kampus.

Die navorser het al die dogters geïdentifiseer wat aan die bogenoemde vereistes voldoen het. Veertien moontlike respondente is geïdentifiseer en toestemming is vanaf die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis verkry om hierdie respondente by die studie te betrek. Elf respondente het toestemming gegee om aan die studie deel te neem, een respondent het verkies om nie deel te neem aan die studie nie en twee moontlike respondente is uit die kindershuis geplaas voor die onderhoude plaasgevind het en kon dus nie aan die studie deelneem deelneem nie.

## **1.10 ETIESE ASPEKTE**

### **1.10.1 Ingeligte toestemming**

Volgens Strydom (2002b:65) moet respondente ingelig word oor die doel van die ondersoek, die prosedures wat gevolg sal word gedurende die ondersoek en die moontlike voordele en nadele wat uit die ondersoek kan voortspruit. Die navorser het die respondente vooraf ingelig oor al die bogenoemde aspekte en daarop gefokus om volledige en akkurate inligting aan respondente te gee. Babbie (1998:438) noem dat die navorser maatreëls moet instel wat verseker dat

respondente vrywillig kan deelneem aan die ondersoek. Alle respondente wat deur die navorser geïdentifiseer is, het die vryheid gehad om te kies of hulle deel van die studie wou wees en moes ook 'n brief teken waarin hulle verklaar het dat hulle bereid was om aan die studie deel te neem. Een respondent het gekies om nie deel van die studie te wees nie. Die respondente is ingelig dat 'n bandopnemer gebruik sou word en dat hulle enige tyd aan die navorsing kon onttrek. Respondente is ook ingelig dat die navorsingsresultate in die vorm van 'n mini-verhandeling gepubliseer sou word en dat die resultate ook aan die kindershuis beskikbaar gestel sou word.

### **1.10.2 Vertroulikheid**

Volgens Bless en Higson-Smith (1995:103) beteken vertroulikheid dat die inligting wat die respondent verskaf, nie gebruik sal word vir enige ander rede as die doel wat vooraf bepaal is nie en dat geen ander persoon toegang het tot die data wat uit die onderhoud verkry is nie. Alhoewel die inligting wat respondente verskaf in 'n navorsingsverslag gepubliseer word, het die navorser die respondente ingelig dat hulle identifiserende besonderhede nie bekend gemaak sou word nie en dat skuilname, waar nodig, gebruik sou word. Die navorser het ook die respondente ingelig dat 'n bandopnemer gebruik sou word. Die navorser het dit ook aan respondente duidelik gemaak dat die individuele inligting wat hulle verskaf het, nie aan ander personele van die kindershuis verskaf sou word nie en ook nie in hulle gevalleêrs aangeteken sou word nie.

### **1.10.3 Analisering en rapportering van data**

Volgens Babbie (1998:443) moet die navorser bewus wees van die leemtes van die studie en dit bekend maak. Dit word later in hierdie hoofstuk bespreek. Die identifisering van die leemtes van die studie kan aan ander navorsers die geleentheid gee om verdere navorsing oor die probleem te doen. Die resultate van die navorsingstudie is akkuraat in die vorm van 'n mini-verhandeling volgens die voorskrifte van die Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie van die Universiteit van Pretoria gepubliseer.



#### 1.10.4 Skade aan respondente

Volgens Strydom (2002b:64) kan skade aan respondente fisies of emosioneel van aard wees. Die navorser het te alle tye tydens die eksplorering van houdings en gevoelens rondom geslagtelike opvoeding sensitiwiteit gehandhaaf.

#### 1.10.5 Misleiding van respondente

Neuman (1997:449) beweer dat misleiding van respondente plaasvind wanneer die navorser die respondente mislei deur geskrewe of verbale instruksies of inligting. Babbie (1998:443) beweer dat in sekere gevalle dit nodig is om respondente te mislei, aangesien dit verhoed dat respondente hulle gedrag sal aanpas vir die ondersoek. Die navorser was van mening dat dit vir die doeleindes van hierdie studie nie eties korrek sou wees om respondente te mislei nie. Die navorser het dus te alle tye die korrekte inligting aan respondente verskaf, hetsy dit verbaal of in die brief vir ingeligte toestemming was.

### 1.11 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

#### **Behoeftes**

Fisiese, psigiese, geestelike, materiële en maatskaplike vereistes vir oorlewing, welsyn en selfverwesenliking (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:6).

Innerlike drang; vereiste (Labuschagne en Eksteen, 1993:65).

Behoeftes kan dus gedefinieer word as die innerlike fisiese, psigiese, geestelike, materiële en maatskaplike drange en/of vereistes vir oorlewing, welsyn en selfverwesenliking.

#### **Adolesent**

Lewensfase beginnende by puberteit en eindigende in volwassenheid (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:6).

‘n Groeiproses waarvan die doelwit volwassenheid is en waarvan die aanvangsouderdome wissel tussen 11 en 13 jaar en die einde van adolessensie tussen 17 en 21 jaar is (Thom *et al.*, 1998:388).

Adolessensie is dus ‘n lewensfase wat die kind betree tussen die ouderdomme van 11 en 21 jaar. Vir die doeleindes van hierdie studie sal meisies in hulle vroeë adolessensie (tussen 14 en 16 jaar) deel van die respondentegroep uitmaak.

### **Geslagtelike opvoeding**

“Education which increases the knowledge of the functional, structural, and behavioural aspects of human reproduction” (On-line medical dictionary, 1998)

“Education about sexual reproduction in human beings, sexual intercourse and other aspects of human sexual behavior” (Wikipedia, [sa]).

Geslagtelike opvoeding kan dus gedefinieer word as opvoeding oor seksuele reproduksie, seksuele omgang en alle ander aspekte van menslike seksuele gedrag, wat seksueel oordraagbare siektes insluit.

### **Kinderhuis**

“Enige fasiliteit kragtens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) wat in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders weg van hul ouerhuise af” (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:32).

‘n Kinderhuis is dus ‘n instansie wat kinders versorg en opvoed wat nie langer in hulle ouerhuise versorg kan word nie.

## **1.12 LEEMTES TYDENS DIE ONDERSOEK**

Tydens die ondersoek het verskeie leemtes gemanifesteer, naamlik:

- Soos reeds genoem, bestaan daar beperkte resente literatuur oor die geslagtelike opvoeding van adolessente en ook beperkte literatuur rondom die

behoefte van adolessente rondom geslagtelike opvoeding. Verder kon geen literatuur gevind word wat fokus op die adolessent in die kindershuis en geslagtelike opvoeding nie. As gevolg hiervan moes die navorser baie staat maak op haar eie kennisbasis en ervaring in terme van hierdie kwessie en was daar nie noodwendig wetenskaplike bevestiging van die navorser se aannames waarop die studie gebaseer is nie. Die navorser hoop om deur hierdie studie 'n breër kennisbasis rondom die behoeftes van adolessente in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding te verskaf. Hopelik kan dit ander navorsers in staat stel om verdere studies te loods om sodoende bestaande literatuur aan te vul en uit te brei.

- Die aard van die studie het gefokus op 'n spesifieke groep respondente, naamlik adolessente dogters in 'n kindershuis en nie op alle adolessente dogters nie. Die navorsingsresultate kan dus nie as verteenwoordigend van alle adolessente dogters beskou word nie.
- Slegs 'n klein groep respondente is by die studie betrek, aangesien die getalle van 'n kindershuis gedurig verander soos kinders uitgeplaas en opgeneem word. Die groep respondente wat by die studie betrek is, is egter verteenwoordigend van adolessente dogters tussen 14 en 16 jaar in die Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis wat nie verstandelik gestrem is nie en dus kan die data wat van hulle verkry is, suksesvol aangewend word in die ontwikkeling van nuwe geslagtelike opvoedingsprogramme wat op hierdie groep gerig is.
- As gevolg van die aard van die studie en beperkinge in terme van die lengte van 'n mini-verhandeling, is slegs meisies by die studie betrek. Gevolglik verskaf die studie nie werklik 'n geheelbeeld van alle adolessente se behoeftes nie.
- Die navorser is self 'n maatskaplike werker by die betrokke kindershuis en die moontlikheid bestaan dat die respondente nie noodwendig volledige antwoorde verskaf het nie aangesien hulle bewus is van die navorser se rol as 'n werknemer van die Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis.

### 1.13 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

- Hoofstuk 1:** Algemene inleiding en uiteensetting van die metodologie van die studie, asook 'n verwysing na die etiese aspekte en leemtes van die studie.
- Hoofstuk 2:** Hierdie hoofstuk gee 'n beskrywing van die ontwikkelingsbehoefte van adolessente, met spesifieke verwysing na die ontwikkelingsbehoefte van adolessente in 'n kindershuis.
- Hoofstuk 3:** Hierdie hoofstuk gee 'n beskrywing van geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die unieke uitdagings van geslagtelike opvoeding by kindershuise.
- Hoofstuk 4:** Empiriese bevindings. Die navorsingsbevindings word in hierdie hoofstuk uiteengesit.
- Hoofstuk 5:** Hierdie hoofstuk bevat volledige samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

### 1.14 SAMEVATTING

Die adolessent in die kindershuis word aan dieselfde uitdagings blootgestel as 'n adolessent wat by haar kerngesin woon, maar moet gewoonlik hierdie uitdagings in unieke omstandighede hanteer. Die agtergrond van die adolessent in die kindershuis veroorsaak dat haar behoefte om te behoort en behoefte aan affeksie en liefde nie altyd suksesvol bevredig kan word nie. Die traumatiese gebeure voor die verwydering uit die kerngesin het ook 'n impak op die adolessent in die kindershuis se benadering tot uitdagings. Hierdie unieke behoeftes van die adolessent in die kindershuis word in ag geneem tydens die ontwikkeling van spesifieke programme om sekere sosiale kwessies aan te spreek.

Aangesien die kind in die kindershuis dikwels blootgestel is aan seksuele misbruik en swak grense, is daar 'n hoë risiko dat sy betrokke kan raak in seksuele verhoudings om emosionele behoeftes te bevredig. Die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis poog om hiervoor voorsiening te maak deur alle kinders aan geslagtelike opvoedingsprogramme bloot te stel. Ten spyte van die bywoning van hierdie programme, asook die verpligte geslagtelike opvoedingsprogramme waaraan die kinders by die skool blootgestel word, blyk dit dat die adolessente dogter in die kindershuis steeds by onverantwoordelike seksuele gedrag betrokke raak.

Hierdie studie is gebaseer op die aanname dat die behoeftes van die adolessent in die kindershuis nie tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme in ag geneem is nie. Deur die studie is daar gepoog om vas te stel wat die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding is.

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodiek en navorsingsprosedures wat tydens die ondersoek gevolg is, uiteengesit. Die probleem wat gelei het tot die ondersoek is formuleer en daar is aandag gegee aan die doel en doelwitte van die studie. Die navorsingsbenadering, soort navorsing en wyse van steekproeftrekking wat tydens hierdie studie benut is, is bespreek. Die etiese aspekte wat in ag geneem is tydens die ondersoek is ook in hierdie hoofstuk bespreek en leemtes van die studie is geïdentifiseer. In die volgende hoofstuk sal die ontwikkelingsbehoefte van adolessente met spesifieke verwysing na die ontwikkelingsbehoefte van adolessente in 'n kindershuis, volledig vanuit die literatuur bespreek word.

## HOOFSTUK 2

### ONTWIKKELINGSBEHOEFTE VAN ADOLESSENTE

#### 2.1 INLEIDING

Die adolessente lewensfase is 'n stormagtige fase wat met baie veranderinge in die adolessent se leefwêreld gepaardgaan. Erik Erikson se ontwikkelingsteorie gee 'n omvattende beeld van menslike ontwikkeling deur die hele lewensloop. Volgens Thom, *et al.* (1998:430) het Erikson die omvattendste beskrywing van die identiteitsontwikkeling van die adolessent gegee. Die identiteitsontwikkeling van die adolessent is egter afhanklik van sy/haar ontwikkeling in alle ontwikkelingsareas. Om die ontwikkelingsbehoefte van adolessente te verstaan, is dit nodig om na die adolessent se ontwikkeling in totaal te kyk, met ander woorde na die fisieke ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en morele ontwikkeling.

In hierdie hoofstuk word van adolessensie gedefinieer. Daarna word die ontwikkelingsteorie van Erik Erikson, met spesifieke verwysing na die identiteitsontwikkeling van die adolessent, bespreek. Al die ontwikkelingsareas wat 'n invloed op die adolessent se identiteitsontwikkeling het, word kortliks bespreek. Dit sluit fisieke, kognitiewe, sosiale en morele ontwikkeling in. Die unieke uitdagings wat die adolessent in die kindershuis ten opsigte van sy/haar ontwikkeling ervaar, kom daarna aan die orde. Die omstandighede voor sy/haar verwydering uit die ouers se sorg sal 'n groot impak op alle areas van sy/haar ontwikkeling hê.

#### 2.2 DEFINIËRING VAN ADOLESSENSIE

Adolessensie word hoofsaaklik in terme van die aanvangsouderdom van adolessensie en die einde daarvan gedefinieer. Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:6) definieer adolessensie as 'n "lewensfase beginnende by puberteit en eindigende in volwassenheid". Thom *et al.* (1998:388) definieer adolessensie as 'n groeiproses waarvan die doelwit volwassenheid is en waarvan die aanvangsouderdom wissel tussen 11 en 13 jaar en die einde tussen 17 en 21 jaar.

Adolesensie is dus 'n lewensfase wat die kind betree tussen die ouderdomme van 11 en 21 jaar waarvan die doelwit is om volwassenheid te bereik.

### 2.3 ONTWIKKELINGSTEORIE VAN ERIK ERIKSON

Erikson se agt stadia in die ontwikkeling van die mens word in Tabel 1 uiteengesit (Newman & Newman, 1997:72; Meyer & Van Ede, 1998:53; Thomas, 2000:148 en Van der Linde, 2000:39):

*Tabel 2.1: Erik Erikson se stadia van ontwikkeling*

ONTWIKKELINGS-VLAK	STADIUM (krisis)	SINTESE	VERDUIDELIKING
Babastadium	Basiese vertrouwe vs wantroue	Hoop	Die hulpelose baba leer die wêreld hoofsaaklik deur die liggaam met die inname van voedsel, warmte en liefde, vertrou. Die kind se verhouding met die moeder is van groot belang.
Vroeë kinderjare	Outonomie vs skaamte en twyfel	Wilskrag	Die kind se liggaamlike ryping stel hom in staat om meer onafhanklikheid te verkry, maar as gevolg van reëls en standaarde van gedrag bestaan die moontlikheid van mislukking. Dit kan lei tot skaamte en twyfel in hulle eie vermoëns.
Speelstadium	Inisiatief vs skuld	Doelgerigheid	Geslagsrol word aangeleer en die identifikasie met die ouer van dieselfde geslag speel 'n groot rol. Die kind is dikwels in situasies waar die reëls van die samelewing oortree kan word en dit kan tot skuldgevoelens lei.
Skooljare	Arbeidsaamheid vs minderwaardigheid	Bekwaamheid	Skoolopleiding bied die geleentheid om vaardighede wat vir volwasse lewe nodig is, aan te leer. Indien die kind nie bekwaam voel of erkenning kry nie, kan dit lei tot gevoelens van minderwaardigheid.
<b>Adolesensie</b>	<b>Identiteit vs identiteitsverwarring</b>	<b>Betroubaarheid</b>	<b>Liggaam verander baie vinnig en adolescent eksperimenteer met verskillende moontlikhede om 'n identiteitskrisis op te los.</b>
Vroeë volwassenheid	Intimiteit vs isolasie	Liefde	Die individu verbind hom tot 'n nuwe verhouding met 'n ander. Dit lei dikwels tot 'n huwelik en bekamp gevoelens van isolasie.
Volwassenheid	Generatiewe vs stagnasie	Sorgsaamheid	Die individu hou homself besig met die verryking van die lewe vir homself en ander.
Bejaardheid	Integriteit vs wanhoop	Wysheid	Die individu kan met tevredenheid op sy lewe terugkyk en homself voorberei op die dood.

Erikson verduidelik die ontwikkeling van die mens in terme van agt stadia. Elkeen word gekenmerk deur 'n spesifieke krisis wat die individu moet oplos. Die oplossing van die krisis is geleë in 'n sintese tussen twee teenoorgestelde pole wat die individu dan in staat stel om 'n volgende krisis te hanteer (Meyer & Van Ede, 1998:53).

Die adolessentefase van Erikson se stadia het dus baie te doen met die adolessent se soeke na 'n identiteit. Adolessensie gaan gepaard met versnelde emosionele en fisieke groei en die kind word 'n vreemdeling vir homself (Parrot, 2000:17). Die adolessent se liggaam groei en verander vinnig. Dit lei tot 'n totale nuwe liggaamlike voorkoms wat vir die adolessent verwarrend kan wees (Newman & Newman, 1997:634; Parrot, 2000:17 en Thomas, 2000:151). Erikson is van mening dat die adolessent 'n identiteitskrisis beleef wat manifesteer in verwarring rondom waardes en rolle (Thom *et al.*, 1998:431). Om hierdie identiteitskrisis op te los, is dit vir die adolessent nodig om te eksperimenteer met verskillende identiteite, rolle, waardes en houdings ten einde die adolessent in staat te stel om 'n identiteit te integreer wat hom/haar gemaklik en tevrede laat voel. Die suksesvolle oplossing van hierdie stadium lê daarin dat die adolessent deur selfondersoek 'n identiteit vestig wat gebaseer is op 'n eie waardestelsel en lewensfilosofie (Thom *et al.*, 1997:431), maar wat steeds vir die samelewing aanvaarbaar is (Thomas, 2000:152).

Om 'n identiteit te vorm, is dit nodig dat die vorige fases suksesvol opgelos word. Die adolessent in die kindershuis is dikwels vroeg in sy/haar lewe blootgestel aan omstandighede wat kon veroorsaak dat vorige ontwikkelingsstadia nie suksesvol opgelos is nie. Dit sal ook die soeke na 'n identiteit beïnvloed. Volgens Thom *et al.* (1998:432) en Thomas (2000:152) kom identiteitsverwarring by adolessente voor wanneer hulle nie weet wie hulle is nie en nie besluite ten opsigte van hulle rolle kan neem nie. Adolessente wat nie besluite ten opsigte van hulle rolle kan neem nie, loop volgens die navorser die gevaar om by onverantwoordelike gedragspatrone betrokke te raak. Adolessensie is egter volgens Van der Linde (2000:44) 'n gekompliseerde lewensfase met verskeie kritiese behoeftes in verskillende ontwikkelingsareas. Identiteitsontwikkeling vind nie geïsoleerd plaas nie en is afhanklik van die adolessent se fisieke, kognitiewe, sosiale en morele ontwikkeling.



## 2.4 ONTWIKKELINGSAREAS VAN DIE ADOLESSENT

### 2.4.1 Fisieke ontwikkeling

Volgens Thom *et al.* (1998:393) en Van der Merwe (2002:20) word adolessente se fisieke ontwikkeling deur vinnige en omvattende liggaamlike groei en geslagsrypheid gekenmerk. Tabel 2 gee 'n oorsig oor hierdie ontwikkeling (aangepas uit Newman & Newman, 1997:634-641; Thom *et al.*, 1998:396; Van der Linde, 2000:45):

**Tabel 2.2: Fisieke ontwikkeling tydens adolessensie**

VROULIK	MANLIK
Vergroting van borste	Vergroting van testes, skrotum en seminale blasis
Verskyning van okselhare	Verskyning van pubeshare
Vinnige liggaams groei	Groei van penis
Vergroting en ontwikkeling van die vagina, klitoris en uterus	Stem word laer of dieper
Menstruasie	Groei van baard
Begin van vinnige gewigstoename	Eerste ejakulasie
Bereik hoogtepunt in vinnige lengtegroei	Bereik hoogtepunt in vinnige lengtegroei
Hoogtepunt in spier- en orgaangroei, heupe word opmerklik breër	Hoogtepunt in spier- en orgaangroei; skouers word opmerklik breër

Adolessente se reaksie op hierdie liggaamlike veranderinge kan verskil. Volgens Van der Merwe (2002:20) is hierdie 'n moeilike tyd vir die adolessent en sy/haar liggaamsbeeld is vir hom/haar onaanvaarbaar. Die navorser is van mening dat sommige adolessente hulle liggaamsbeeld negatief ervaar, maar dat dit nie altyd die geval is nie. Volgens Parrot (2000:22) is die vinnige liggaamlike veranderinge vir die adolessent traumaties is en dit kan stres kan veroorsaak. Hierdie fisieke veranderinge kan egter ook positiewe gevoelens by die adolessent laat ontstaan, ten spyte van die onsekerheid en verwarring rondom die vinnige fisieke veranderinge. Newman en Newman (1997:637) noem dat meisies en seuns verskillend op die liggaamlike veranderinge reageer. Thom *et al.* (1998:400) noem dat meisies met die aanvang van menstruasie 'n verhoogde gevoel van eiewaarde kan ervaar soos wat

hulle prestige by die portuurgroep groei, maar ook gevoelens van selfbewustheid terwyl seuns met trots op 'n ereksie kan reageer, maar ook verleentheid kan ervaar.

Newman en Newman (1997:642) en Thom *et al.* (1998:397) stem saam dat die adolessent se reaksie op fisieke veranderinge verskil in terme van wanneer die fisieke veranderinge begin het, met ander woorde of dit vroeër of later begin as met ander adolessente. Thom *et al.* (1998:400) noem dat vroeë rypwording by seuns meer positief ervaar word, terwyl laat rypwording deur meisies meer positief ervaar word. Die navorser is van mening dat verskeie faktore die adolessent se reaksie op fisieke veranderinge beïnvloed. Dit sluit die ondersteuning van ouers en die portuurgroep, die voorbereiding van die adolessent op hierdie veranderinge en ook die samelewing se reaksie op hierdie veranderinge in. Thom *et al.* (1998:400) voer verder aan dat daar ook kulturele verskille is ten opsigte van die reaksie van die adolessent op die fisieke veranderinge wat met adolessensie gepaardgaan. Botswana-adolessente sal byvoorbeeld ontwikkelings soos borsknoppies en pubeshare met trots aan ander vertoon. Tradisionele Zoeloes beskou nagtelike saadstorting as 'n teken van seksuele ryping en spesiale seremonies word rondom hierdie gebeurtenis gehou (Thom *et al.*, 1998:401), terwyl Westers-georiënteerde adolessente skaam en ongemaklik hieroor kan voel (Thom *et al.*, 1998:400).

Die fisieke veranderinge van die adolessent gaan dus gepaard met negatiewe en positiewe gevoelens. Hierdie reaksies van die adolessent sal 'n impak hê op sy/haar identiteitsontwikkeling en hoe hy/sy die eise wat die samelewing aan hom/haar stel, sal hanteer. Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling neem ook in hierdie tydperk nuwe dimensies aan, wat weer sy/haar identiteitsontwikkeling verder beïnvloed.

#### **2.4.2 Kognitiewe ontwikkeling**

Thom *et al.* (1998:419) noem dat die adolessent se kognitiewe ontwikkeling nie so opvallend soos die fisieke ontwikkeling is nie, maar steeds betekenisvol is aangesien "... die kind se konkrete denkvermoë verander in 'n omvattende, meer volwasse vermoë om byvoorbeeld te analiseer en logies te redeneer oor sowel konkrete as abstrakte begrippe". Die adolessent word dus deur sy/haar kognitiewe ontwikkeling in staat gestel om op 'n hoër vlak te funksioneer as voorheen en dit bring unieke

implikasies vir sy/haar siening oor hom-/haarself en die wêreld na vore. Om die adolessent se kognitiewe ontwikkeling te verstaan, is dit nodig om na Jean Piaget se kognitief-strukturele teorie te kyk (Meyer en Van Ede, 1998:77; Thomas, 2000:256-269 en Thompson en Rudolph, 2000:13). Piaget het die kognitiewe ontwikkeling van die mens in vier stadia van ontwikkeling verdeel. Die vier stadia van kognitiewe ontwikkeling word in Tabel 3 kortliks verduidelik met spesifieke fokus op die adolessent se kognitiewe ontwikkeling (Meyer en Van Ede, 1998:77; Thomas, 2000:256-269 en Thompson en Rudolph, 2000:13):

**Tabel 2.3: Jean Piaget se stadia van kognitiewe ontwikkeling**

<b>STADIA (TIPE ONTWIKKELING)</b>	<b>OUERDOM</b>	<b>KOGNITIEWE KENMERKE</b>
Sensories-motories	0 – 2 jaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Kinders leer deur sintuie</li> <li>- Vorming van taal</li> <li>- Begin oorsaak-gevolg probleemoplossing</li> </ul>
Pre-operasioneel	2 – 7 jaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Grootste groei in taal</li> <li>- Oorsaak-gevolg probleemoplossing fokus op een stimulus op 'n slag</li> <li>- Gevolgtrekkings word gemaak op grond van waarneming</li> <li>- Beskou die wêreld vanuit hulle eie persoonlike perspektief en kan hulleself nie in 'n ander se posisie indink nie.</li> <li>- Kan eenvoudige reëls verstaan</li> </ul>
Konkreet-operasioneel	7 – 11 jaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Kan ander se sieninge waardeer</li> <li>- Beweeg nader aan logiese denke</li> <li>- Kan tussen realiteit en fantasie onderskei</li> <li>- Redeneer nog nie in terme van hipoteses nie</li> </ul>
Formeel-operasioneel	Adolessensie	<ul style="list-style-type: none"> <li>- <b>Het nie nodig om objekte te manipuleer om probleme op te los nie</b></li> <li>- <b>Is in staat tot abstrakte denke en wetenskaplike eksperimentering</b></li> <li>- <b>Kan etiese en morele beginsels verstaan en implementeer</b></li> <li>- <b>Hoë vlakke van empatiese begrip kom voor</b></li> <li>- <b>Kan met hipoteses handel</b></li> <li>- <b>Oorweeg alle moontlike oplossings, toets oplossings op 'n sistematiese wyse en neem besluite oor wat die beste oplossing sal wees</b></li> <li>- <b>Skepping van nuwe idees deur die herrangskikking van bestaande kennis en denke</b></li> </ul>

Meyer en Van Ede (1998:73) noem dat kognitiewe ontwikkeling deur die volgende faktore beïnvloed word:

- Ryping – deur oorerwing word 'n spesifieke program vasgelê wat vasstel wanneer die endokriene en senuweestelsel sekere rypingsvlakke sal bereik.
- Ondervinding en oefening – nuwe kognitiewe vaardighede moet geoefen word sodat die individu dit kan integreer.
- Sosiale interaksie en oordrag – deur sosiale interaksie word kennis deur ander aan kinders oorgedra.
- Ekwilibrasie – die aanpassing by nuwe stimuli en die vermoë om kennis en denke te verander om nuwe stimuli te integreer.

Volgens Van der Linde (2000:51) vind daar tydens die kognitiewe ontwikkeling in die adolessente fase ook 'n verhoging in die adolessent se selfbewustheid plaas. Die navorser is van mening dat die rede hiervoor is dat die adolessent nou die vermoë het om alle moontlikhede te oorweeg en dus vergelykings tussen sy/haar eie en ander se vermoëns, voorkoms, persoonlikheid en tekortkominge kan maak. Dit sal 'n invloed hê op die vorming van 'n identiteit en hoe adolessente hulleself beskou in hulle verhouding met ander. Dus sal adolessente se kognitiewe ontwikkeling ook 'n merkbare invloed hê op hulle sosiale ontwikkeling.

### **2.4.3 Sosiale ontwikkeling**

Van der Linde (2000:49) is van mening dat die mens 'n verhoudingswese is en dat die adolessent in verhouding staan tot hom-/haarself en ander. Die navorser is van mening dat die belangrikste persone tot wie die adolessent in verhouding staan, sy/haar ouers en die portuurgroep is en dat hierdie verhoudings 'n impak sal hê op die identiteitsontwikkeling van die adolessent.

#### **2.4.3.1 Die ouer-adolessent verhouding**

Volgens Steinberg en Meyer (in Thom *et al.*, 1998:449) ondergaan die ouer-adolessent verhouding gedurende vroeë adolessensie betekenisvolle veranderinge. Hierdie veranderinge word gekenmerk deur die bevraagtekening van waardes en

reëls van die ouers en die adolessent wat meer betrokke raak by die portuurgroep en wegbeweeg van die ouers af (Thom *et al.*, 1998:450). Verskeie outeurs stem saam dat die adolessent daarna streef om meer onafhanklik te wees en dat dit kan lei tot konflik tussen ouers en kinders. (Newman en Newman, 1997:685; Thom *et al.*, 1998:451; Preto, 1999:281; Van der Linde, 2000:50 en Benokraitis, 2005:343.) Die navorser is van mening dat die adolessent se strewe na meer onafhanklikheid die rede is waarom waardes en reëls bevraagteken word. Dit is deel van die adolessent se soeke na 'n eie identiteit. Alhoewel die bogenoemde outeurs saamstem dat konflik tussen die ouer en die adolessent kenmerkend is van die adolessente fase, noem Newman en Newman (1997:686) en Thom *et al.* (1998:450) dat positiewe interaksies tussen ouers en adolessente wel voorkom en dat die adolessent ten spyte van die konflik ook aan sy/haar ouers geheg kan voel. Die navorser is van mening dat die adolessent se ouers 'n belangrike rol speel om hom/haar te leer van vertrouwe, interaksie, omgee, liefde en kommunikasie en dat hierdie patrone wat hy/sy in die gesinsopset geleer het, 'n invloed sal hê op sy/haar portuurgroepverhoudings.

#### **2.4.3.2 Portuurgroepverhoudings**

Soos reeds genoem, raak adolessente meer betrokke by hulle portuurgroep en beweeg hulle weg van hulle ouers in hulle strewe om meer onafhanklik te funksioneer. Thom *et al.* (1998:454) noem dat adolessente toenemend betrokke raak by die portuurgroep as gevolg van hulle dringende behoefte om te behoort, is die portuurgroep 'n belangrike bron van inligting en word emosionele behoeftes ook deur die portuurgroep bevredig. Van der Merwe (2002:24) noem dat die portuurgroep terugvoering bied aan die adolessent oor sy/haar opinies en idees. Die portuurgroep bied die geleentheid vir hegte vriendskappe en hierdie vriendskappe stel adolessente in staat om stressors te hanteer, isolering teen te werk en help hulle ook om hulleself te leer ken en dus dra dit by tot die identiteitsontwikkeling. Die navorser is van mening dat die adolessent in die portuurgroep die geleentheid kry om met verskillende identiteite te eksperimenteer en so te beweeg na die ontwikkeling van 'n identiteit wat gebaseer is op die adolessent se eie waardes en siening van die wêreld.

Newman en Newman (1997:681) beweer dat adolessente hulleself sal moet oopstel vir die druk en sosiale invloed van die portuurgroep indien hulle deel van die portuurgroep wil wees. Dit kan volgens die navorser daartoe lei dat die adolessent geneig kan wees om te konformeer tot die waardes, opinies en gedragspatrone van die portuurgroep. Parrot (2000:315) beweer dat die adolessent se behoefte om te behoort, veroorsaak dat die adolessente meer oopgestel is vir die invloed van vriende en dat hulle 'n valse sin van sekuriteit kry deur aan die portuurgroep te "behoort". Hierdie sin van "behoort" kan hulle kry indien hulle konformeer tot dit wat die portuurgroep as aanvaarbaar beskou. Thom *et al.* (1998:458) beweer dat konformering tot die portuurgroep nie noodwendig negatief is nie, maar wel die adolessent se identiteitsontwikkeling nadelig kan beïnvloed wanneer daar oormatig gekonformeer word. Die navorser is van mening dat oormatige konformering veral sal plaasvind waar die adolessent se ouers ook vroeër in sy ontwikkeling nie die behoefte aan behoort kon vervul nie.

Die adolessent se identiteitsontwikkeling word dus beïnvloed deur die verhouding met die ouers asook deur die verhouding met die portuurgroep en tot watter mate hy/sy deur die portuurgroep aanvaar word. Die adolessent se verhoudings met ander en veral die portuurgroep, stel hom/haar bloot aan verskillende waardes en norme. Dit beïnvloed die wyse waarop die adolessent morele kwessies sal benader.

#### **2.4.4 Morele ontwikkeling**

Volgens Shaffer (in Botha, Van Ede, Louw, Louw & Ferns, 1998:237) verwys moraliteit na "...'n groep beginsels of ideale wat individue in staat stel om tussen reg en verkeerd te onderskei en om hulle gedrag dienooreenkomstig te rig." Morele ontwikkeling is volgens die navorser die manier waarop hierdie standaard oor 'n sekere tydperk verander. Lawrence Kohlberg se teorie oor morele ontwikkeling gee die omvattendste beskrywing van die onderwerp. Verskeie outeurs (Baron, 1995:317; Sternberg, 1995:474-475; Louw, Van Ede, & Ferns, 1998:381; Thomas, 2000:479 en Toerien, 2001:24) gee verduidelikings van Kohlberg se ses stadiums van morele ontwikkeling. Hierdie ses stadiums word kortliks in Tabel 4 weergegee.

**Tabel 2.4: Lawrence Kohlberg se stadiums van morele ontwikkeling**

<b>VLAK</b>	<b>BESKRYWING</b>	<b>TIPE GEDRAG</b>
<b>VLAK 1: PREKONVENSIENELE VLAK</b>		
<b>Stadium 1: Straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie</b>	Moraliteit word geoordeel in terme van gevolge	Die kind gehoorsaam reëls om straf te vermy
<b>Stadium 2: Naaïwe instrumentele oriëntasie</b>	Moraliteit word geoordeel in terme van die bevrediging van eie en ander se behoeftes	Die kind gehoorsaam reëls om beloning of gunste te verkry
<b>VLAK 2: KONVENSIENELE VLAK</b>		
<b>Stadium 3: Goeie seun/meisie oriëntasie</b>	Moraliteit word geoordeel in terme van konformerings tot wat ander doen	Die kind gehoorsaam reëls om aanvaar te word en verwerping te vermy
<b>Stadium 4: Wet-en-orde-oriëntasie</b>	Moraliteit word geoordeel in terme van sosiale reëls wat universeel toegepas word	Die individu aanvaar reëls omdat hy dit beskou as noodsaaklik vir die handhawing van die samelewing
<b>VLAK 3: POSTKONVENSIENELE VLAK</b>		
<b>Stadium 5: Sosiale ooreenkoms-oriëntasie</b>	Moraliteit word geoordeel in terme van menseregte	Beskou reëls as kontraktuele ooreenkomste wat ten doel het om regte van individue te beskerm en algemene welsyn te bevorder
<b>Stadium 6: Universele etiese beginsels-oriëntasie</b>	Moraliteit geoordeel in terme van selfgekose etiese beginsels	Die persoon tree volgens selfgekose beginsels wat op universele waardes berus op

Volgens Thom *et al.* (1998:465) ontwikkel die meeste adolessente nie verder as Vlak 2 (konvensionele moraliteit) nie en bereik slegs 'n paar individue (gewoonlik volwassenes) Vlak 3 (postkonvensionele moraliteit). Die navorser is egter van mening dat dit wel vir 'n adolessent moontlik is om Vlak 3 van morele ontwikkeling te bereik, maar dat dit baie sal afhang van die adolessent se interaksie met ander en sy omgewing. Op Vlak 2 ontwikkel die adolessent se moraliteit vanaf 'n houding waar hy/sy reëls aanvaar om deur ander aanvaar te word, tot 'n houding waar hy/sy reëls sien as noodsaaklik vir die handhawing van die samelewing. Die navorser is van mening dat Kohlberg se teorie nie 'n verduideliking gee van hoekom die adolessent skielik waardes, reëls en norme begin bevraagteken in sy/haar soeke na 'n eie identiteit nie.

Volgens Van der Linde (2000:53) moet die adolessent gedurig sy/haar morele waardes in heroerwering bring as gevolg van veranderde sosiale eise. Hierdie nuwe sosiale eise is volgens die navorser die gevolg van die adolessent se veranderende

identiteit en die feit dat die portuurgroep nou so belangrik vir die adolessent is en ander eise aan die adolessent stel as wat die res van die samelewing stel. Van der Merwe (2002:26) is ook van mening dat die adolessent sekere waardes gaan bevraagteken en sekere waardes gaan aanvaar en dat hy/sy hierdeur sy eie morele waardestelsel vorm. Die morele ontwikkeling van die adolessent word egter deur die volgende faktore beïnvloed (Thom *et al.*, 1998:472 en Van der Linde, 2000:55):

- Kognisie – die adolessent se morele ontwikkeling is afhanklik van sy/haar kognitiewe ontwikkeling en byvoorbeeld die vermoë om hipoteses te vorm en verskeie alternatiewe te oorweeg. Die navorser is van mening dat adolessente se kognitiewe vermoëns grootliks sal bepaal of hulle hulle eie waardestelsel ontwikkel of slegs dié van die portuurgroep of ouers onvoorwaardelik aanvaar.
- Ouerlike houdings en optrede – die verhouding wat adolessente met hulle ouers het, bepaal of hulle hulle waardes sal internaliseer.
- Portuurgroep – die portuurgroep is 'n baie belangrike determinant in die ontwikkeling van 'n waardestelsel aangesien die adolessent die portuurgroep so belangrik ag. Die navorser is van mening dat adolessente se morele waardes in 'n groot mate bepaal word deur die morele waardes van hulle portuurgroep en dat hulle byvoorbeeld reëls sal verwerp indien hulle portuurgroep dit doen. Hulle kan sekere reëls nou as onnodig beskou, veral indien die portuurgroep dit so beskou, en dit ook nou as aanvaarbaar beskou om spesifieke reëls te oortree. Hulle kan hulle opinies en nuwe waardes binne hulle portuurgroep toets en dit dan as deel hulle sy eie identiteit integreer.
- Godsdienst – godsdienstige adolessente beskou die wêreld en hulle rol daarin anders as nie-godsdienstige adolessente en is meer geneig om 'n morele verantwoordelikheid te toon.
- Sosio-ekonomiese status – persone uit laer sosio-ekonomiese klasse bereik soms laer vlakke van morele redenering.

Dit is dus duidelik dat die adolessent se ontwikkeling baie kompleks is en gepaardgaan met verskeie vinnige veranderinge wat nuwe verantwoordelikhede en



rolle insluit. Hierdie is 'n moeilike fase vir enige adolessent wat uit 'n normaal-funksionerende gesin kom. Die navorser oordeel dat dit nog moeiliker is vir die adolessent wat in 'n kindershuis woon aangesien daar unieke stremminge op hierdie adolessent geplaas word in terme van sy/haar ontwikkeling. Hierdie afdelinge sal nou bespreek word.

## **2.5 DIE ONTWIKKELING VAN DIE KINDERSHUISADOLESSENT**

Die adolessent in die kindershuis se ontwikkeling kan soms deur sekere faktore benadeel word as gevolg van sy/haar unieke situasie en agtergrond. Daar is min resente bronne rondom kindershuiskinders en ook baie min resente bronne rondom die adolessent in die kindershuis. Steenberg (1995:36) beweer dat die lewe in 'n kindershuis 'n skadelike effek op 'n kind se algehele ontwikkeling kan hê. Die navorser stem saam dat sekere aspekte binne die kindershuissisteem skadelik vir die adolessent se ontwikkeling en soeke na 'n eie identiteit is, maar is van mening dat die omstandighede waaraan die kind voor die opname in 'n kindershuis blootgestel is, soms langtermyngevolge kan laat wat 'n invloed op die kind se algehele ontwikkeling kan hê. Nel (2004:38) bevestig die navorser se mening deur te noem dat "...die kindershuiskind se normale proses van groei en verandering onderbreek is as gevolg van ongewenste omstandighede waaraan hy oor 'n tydperk blootgestel is".

### **2.5.1 Identiteitsontwikkeling**

Volgens Meyer en Van Ede (1998:53) moet die krisis in een stadium van Erikson se ontwikkelingsteorie suksesvol opgelos wees voordat 'n volgende krisis hanteer kan word. Soos reeds genoem, is die adolessent in die kindershuis dikwels vroeg in sy lewe aan omstandighede blootgestel wat kon veroorsaak dat vorige ontwikkelingsstadia nie suksesvol opgelos is nie. Dit sal ook die soeke na 'n identiteit beïnvloed. Pringle (in Toerien, 2001:27) bevestig dit deur te noem dat die kind wat uit sy ouers se sorg verwyder word, dikwels voor die verwydering gedepriveer was. Indien die adolessent nie vorige ontwikkelingsstadia suksesvol opgelos het nie, sal dit ook daartoe lei dat hy probleme ondervind om 'n identiteit te vorm. Dit kan tot identiteitsverwarring lei. Nel (2004:48) is van mening dat die kind in die kindershuis sy identiteit kan verloor wanneer daar op die groep as geheel gefokus word. Die

navorser is daarvan bewus dat dit soms in die kindershuisopset nodig is om op die groep as geheel te fokus aangesien sistemiese probleme kan ontstaan indien individuele uitsonderings gemaak word. Hierdie is nie 'n ideale situasie vir die ontwikkeling van die kindershuisadolessent se identiteit nie.

### **2.5.2 Fisieke ontwikkeling**

Van der Merwe (2002:20) is van mening dat die adolessent in 'n kindershuis 'n agterstand in terme van fisieke ontwikkeling het as gevolg van 'n geskiedenis van swak voeding en onderstimulasie. Kindershuiskinders is gevolglik dikwels fisies klein en onderontwikkel. Steenberg (1995:40) beweer verder dat die kind in die kindershuis ook as gevolg van die bogenoemde omstandighede voor opname fisiese deprivasie ondervind het en dat wanvoeding by jong kinders 'n permanente stremming op fisiese groei kan plaas aangesien die brein steeds by jong kinders groei. Dit is egter belangrik om te onthou dat alle kinders in die kindershuis nie noodwendig aan wanvoeding en fisiese deprivasie blootgestel is voordat hulle opgeneem is nie. Die navorser is van mening dat die adolessente in die kindershuis se liggaamsbeeld ook beïnvloed sal word deur ervarings wat hulle aan hulle liggame koppel, met ander woorde, indien die kind seksueel misbruik is, sal dit 'n invloed op sy/haar liggaamsbeeld hê.

### **2.5.3 Kognitiewe ontwikkeling**

Volgens Van der Merwe (2002:22) toon kinders in kindershuise dikwels swak skoolprestasies ten spyte van gemiddelde en bogemiddelde intelligensie. Sy voer aan dat die redes hiervoor kan wees dat die kind in die kindershuis dikwels uit swak ekonomiese omstandighede kom waar min geleenthede en basiese dienste beskikbaar was en dat die kind dan ook dikwels in die kindershuis aan swak stimulasie blootgestel word. Die navorser is van mening dat die adolessent in die kindershuis ook oor die algemeen 'n gevoel van magteloosheid en hopeloosheid ervaar as gevolg van die situasie waarin hy/sy verkeer en trauma wat voor sy/haar opname plaasgevind het. Dit lei daartoe dat die kindershuiskind nie glo dat hy/sy wel in staat is om op skool te presteer nie. Van der Merwe (2002:22) voer verder aan dat baie kinders in kindershuise oor 'n ondergemiddelde kognitiewe vermoë beskik. In die

navorser se werksituasie by die kindershuis is dit ook waar dat baie kinders spesiale skole moet bywoon. Die navorser is egter van mening dat daar moontlik 'n verband bestaan tussen die kind se huidige skoolprestasie en die trauma waaraan die kind blootgestel is. Die feit dat die kind intellektuele beperkinge ervaar, kan moontlik die gevolg van trauma wees. Dit gee nie noodwendig 'n realistiese beeld van die kind se kognitiewe vermoëns nie. Traumatiese ervarings beïnvloed ook nie altyd die intellektuele funksionering van die kind in die kindershuis nie. Hierdie inligting kan dus nie gesien word as van toepassing op alle adolessente in die kindershuis nie.

#### **2.5.4 Sosiale ontwikkeling**

Die gesin is volgens Toerien (2001:22) die eerste sosiale omgewing waarin die kind hom/haar bevind en waar sosiale ontwikkeling plaasvind. Die adolessent in die kindershuis se gesin is nie altyd beskikbaar of in staat om hom/haar die nodige sosiale rolle aan te leer nie. Die adolessent is dan afhanklik van die sisteem waarin hy/sy verkeer om die nodige sosiale rolle aan te leer. Nel (2004:39) beweer dat die mees ooglopende kenmerk van die kindershuiskind is dat hy/sy nie die voorreg geniet om in sy/haar ouerhuis groot te word nie. Die navorser is van mening dat dit kan lei tot stigmatisering deur die gemeenskap. Op sy beurt sal dit 'n merkbare invloed hê op die sosiale rolle wat die adolessent sal inneem.

Die adolessent se verhouding met die portuurgroep is uiters belangrik. Die adolessent in die kindershuis se portuurgroepverhoudings word soms belemmer bloot as gevolg van die feit dat hy/sy in die kindershuis verkeer en byvoorbeeld nie dieselfde geleenthede het as 'n adolessent in 'n normale gesinsopset nie. Die adolessent in die kindershuis kan byvoorbeeld nie aan dieselfde aktiwiteite deelneem as die portuurgroep nie as gevolg van die feit dat die adolessent nie altyd vervoer het na hierdie aktiwiteite nie, nie die sakgeld het om te betaal vir sekere funksies nie, of nie toestemming by die kindershuis kan kry om aan sekere aktiwiteite deel te neem nie. Van der Merwe (2002:25) noem ook dat die adolessent in die kindershuis nie oor die egokragte beskik om negatiewe groepsdruk te weerstaan nie en gee maklik toe aan die groep. Die navorser is van mening dat die adolessent in die kindershuis ook dikwels meer blootgestel is aan groepsdruk aangesien hy/sy saam met die portuurgroep woon en die hele tyd met die portuurgroep in kontak is. Die adolessent

in die kinders se portuurgroep bestaan ook dikwels uit getraumatiseerde kinders wat self makliker by negatiewe gedragspatrone betrokke raak.

### **2.5.5 Morele ontwikkeling**

Van der Merwe (2002:26) noem dat die adolessent in die kinders reeds 'n misvormde persepsie van die samelewing het as gevolg van die negatiewe ondervindings wat die adolessent reeds ervaar het. Daarom het kinders in die kinders reeds 'n stel vasgestelde waardes aangeleer wat gebaseer is op hulle vorige ervarings. Die navorser is van mening dat die adolessent in die kinders se waardesisteem ook bepaal sal word deur die ouers se waardesisteem (indien hy/sy hulle ken en hulle in sy/haar lewe betrokke is). Baie kinderskinders se ouers se lewenswyses getuig nie van hoë morele standarde nie en die adolessent kan die ouers se lewenswyse as normaal beskou en sy/haar morele waardes vorm volgens die ouers se lewenswyse en siening van die lewe. Van der Merwe (2002:27) noem verder dat die adolessent in die kinders dikwels vir die eerste maal gedwing word om kerk by te woon en dat dit weerstand kan ontlok aangesien hy/sy nie 'n keuse het hieroor nie. Die navorser beleef in haar eie werksituasie dat adolessente soms negatief raak teenoor kerkaktiwiteite aangesien hulle dit as vervelig beskou en verkies om hulle godsdiens uit te leef op maniere wat nie altyd vir ouer en meer konserwatiewe personeellede aanvaarbaar is nie.

## **2.6 SAMEVATTING**

Adolessente betree 'n moeilike ontwikkelingsfase wat gepaardgaan met versnelde liggaamlike groei en 'n verbetering in kognitiewe vermoëns. Kognitiewe ontwikkeling het 'n groot impak op die adolessent se morele ontwikkeling en die manier waarop hy/sy oor morele sake redeneer. Die adolessent is 'n sosiale wese en tydens hierdie fase van die lewensloop word die verhouding met die portuurgroep baie belangrik. Erik Erikson se ontwikkelingsteorie dui daarop dat die adolessent se belangrikste ontwikkelingstaak tydens hierdie fase is om 'n eie identiteit te ontwikkel. Die adolessent ontwikkel sy/haar eie identiteit deur waardes, reëls en rolle te bevraagteken en te toets. Die adolessent se verhouding met die portuurgroep en die mate waartoe hy/sy blootgestel is aan druk van die portuurgroep, beïnvloed ook die

wyse waarop hy/sy morele kwessies benader en watter waardes en rolle die adolessent in sy/haar identiteit sal integreer.

Kinderhuisadolesente staan unieke uitdagings in die gesig in terme van hulle ontwikkeling. Die portuurgroep van kinderkuisadolesente het selfs 'n groter invloed op hulle belewenis van die omgewing en toepaslike sosiale rolle aangesien die adolessent in die kinderkuis 'n woning deel met die portuurgroep en nie altyd die ondersteuning en leiding van sy/haar ouers het om die druk van die portuurgroep te hanteer nie. Die adolessent in die kinderkuis is dikwels ook voor verwydering uit die ouerhuis blootgestel aan omstandighede wat 'n impak op al die ontwikkelingsareas kon gehad het. Indien vorige stadiums van ontwikkeling nie reeds voor verwydering suksesvol opgelos is nie, sal dit ook moeilik wees om nuwe krisisse in die ontwikkelingsstadiums op te los terwyl die kind reeds in die kinderkuis opgeneem is. Die identiteitsontwikkeling van die adolessent is die belangrikste taak tydens hierdie ontwikkelingsfase en die adolessent in die kinderkuis se identiteitsontwikkeling word benadeel deur die unieke uitdagings wat hy/sy in die kinderkuissisteem moet trotseer.

Daar bestaan ook verskeie uitdagings in terme van die geslagtelike opvoeding van die kinderkuisadolesent as gevolg van die unieke agtergrond van die adolessent in die kinderkuis en die unieke eise en uitdagings wat die kinderkuissisteem bied. In die volgende hoofstuk sal geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika bespreek word. Daar sal spesifieke verwysing gemaak word na die geslagtelike opvoeding van die kinderkuiskind.

## HOOFSTUK 3

### GESLAGTELIKE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA

#### 3.1 INLEIDING

Geslagtelike opvoeding is nie net bloot die verskaffing van inligting rondom seksuele kwessies soos voortplanting, voorbehoeding en beskerming teen seksueel oordraagbare siektes nie, maar moet ook aspekte insluit wat die kind bemagtig om die regte keuses te maak en selfhandhawend op te tree. Nuwe uitdagings rondom geslagtelike opvoeding het ontstaan met die uitbreek van die MIV/VIGS – krisis en die Suid-Afrikaanse regering is hierdeur gedwing om voorsiening te maak vir die aanbieding van geslagtelike opvoedingsprogramme op verskillende terreine wat insluit mediaveldtogte en opvoedingsprogramme in skoolverband.

In hierdie hoofstuk sal 'n definisie van geslagtelike opvoeding gegee word asook 'n kort omskrywing van die behoefte aan geslagtelike opvoeding en die geskiedenis van geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika. Verskeie geslagtelike opvoedingsprogramme wat in Suid-Afrika bestaan, sal krities bespreek word. Geslagtelike opvoedingsprogramme in kinderhuise en die unieke uitdagings wat in 'n kinderskool rondom die aanbieding van hierdie programme bestaan, sal ten slotte bespreek word.

#### 3.2 DEFINIËRING VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING

Verskeie definisies wat sekonderrig of geslagtelike opvoeding omskryf, bestaan. Die volgende definisies gee 'n kort omskrywing van geslagtelike opvoeding:

- “Education which increases the knowledge of the functional, structural, and behavioural aspects of human reproduction” (On-line medical dictionary, 1998); en

- “Education about sexual reproduction in human beings, sexual intercourse and other aspects of human sexual behavior” (Wikipedia, [sa]).

‘n Meer omvattende definisie van geslagtelike opvoeding is die volgende:

...the process of acquiring information and forming attitudes and beliefs about sex, sexual identity, relationships and intimacy. It is also about developing young people’s skills so that they make informed choices about their behaviour, and feel confident and competent about acting on these choices (AVERT, [sa]).

Uit die bogenoemde definisie is dit dus duidelik dat geslagtelike opvoeding nie net te make het met die uitruil van inligting nie, maar dat ‘n belangrike aspek daarvan is dat die individu vaardighede aanleer om hom- of haarself in staat te stel om verantwoordelike keuses te maak. Die navorser is van mening dat dit belangrik is dat geslagtelike opvoedingsprogramme ook inligting oor seksueel oordraagbare siektes verskaf.

### 3.3 DIE BEHOEFTE AAN GESLAGTELIKE OPVOEDING

Adolessente is geneig om vroeër in seksuele verhoudings betrokke te raak (Thom *et al.*, 1998:407 en Parrot, 2000:341). Die Deputate vir Christelike Onderwys van die Nasionale Sinode van die Gerformeerde Kerke in Suid-Afrika (2002) noem op hulle webwerf dat ‘n ondersoek aangedui het dat ‘n derde van adolessente tussen 12 en 17 jaar al seksueel verkeer het. Die navorser is van mening dat geslagtelike opvoeding nodig is aangesien dit die adolessent in staat kan stel om verantwoordelike keuses rondom eie seksualiteit te maak. Volgens Van der Linde (2000:84) is dit moontlik dat adolessente betrokke kan raak in seksuele aktiwiteite sonder dat hulle bewus is van die gevaar om swanger te raak of ‘n seksueel oordraagbare siekte op te doen.

Thom *et al.* (1998:414) noem dat die probleem van tienerswangerskappe in Suid-Afrika nou kritieke afmetings begin aanneem. Dickson-Tetteh en Ladha (2000:397) beweer dat teen die ouderdom van 19 jaar, 35% van adolessente in Suid-Afrika

reeds swanger sou wees. Volgens Van der Linde (2000:109) is tienswangerskappe nie net nadelig vir die adolessent nie, maar ook vir die ouers van die adolessent, die vader van die kind en die gemeenskap. Die navorser is van mening dat adolessente nie hierdie aspekte in ag neem wanneer hulle seksueel aktief raak nie. Mussen (in Thom, *et al.*, 1998:412) beweer dat adolessente meisies soms voel hulle is onaantasbaar en nie swangerskap as 'n moontlike gevolg van hulle aksies oorweeg nie.

Die ander gevaar wat adolessente loop wanneer hulle seksueel aktief raak, is om seksueel oordraagbare siektes op te doen. Daar is meer as 5 miljoen Suid-Afrikaners wat menslike-immuniteitsgebrekvirus (MIV) -positief is en ongeveer 50% van MIV-infeksies kom voor die ouderdom van 20 jaar voor (Lovelife, [sa]). Dit is nodig dat adolessente kennis dra daarvan dat hulle in 'n hoë risiko groep val om die MIV-virus op te doen. Geslagtelike opvoeding is nodig om adolessente te wys op die gevare en gevolge van voorhuwelikse seks.

### **3.4 GESKIEDENIS VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA**

Geslagtelike opvoeding is deur die apartheidsregering onderdruk (Bonger en De Klerk, in Van Schalkwyk, 2004:31 en Wikipedia, [sa].) Seydel (in Van Schalkwyk, 2004:31) noem verder dat geslagtelike opvoeding voor 1994 daarop gefokus het om weerhouding van seks voor die huwelik te bevorder en op Christelike beginsels gebaseer was. Daar was geen formele programme rondom geslagtelike opvoeding in skole nie en die Department van Onderwys het onderwerpe soos geboortebepanking verbied (Bongers en De Klerk, in Van Schalkwyk, 2004:32). Volgens Van Schalkwyk (2004:16) veroorsaak die realiteit van MIV/VIGS dat die regering en ouers die verantwoordelikheid moet neem om aan kinders die kennis en vaardighede te verskaf om onveilige seksuele aktiwiteite te verhoed. Die navorser is van mening dat die VIGS-krisis in Suid-Afrika die regering gedwing het om daadwerklike stappe te neem om te verseker dat alle kinders die nodige inligting rondom seks en seksueel oordraagbare siektes kry.

Volgens Strydom (2003:60) maak die MIV-krisis dit noodsaaklik dat daar gefokus word op voorkomingsprogramme wat fokus op alle groepe in die samelewing, maar



ook spesifiek op jong mense. Seks- en MIV/VIGS-onderrig is nou 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum (Departement van Onderwys, 1999). Die doel hiervan is om leerders die geleentheid te gee om die nodige kennis te bekom om hulleself te beskerm teen die MIV-virus. Nie almal stem saam dat geslagtelike onderrig in skole hoort nie. Hammond [sa] is van mening dat verpligte geslagtelike opvoeding in skole bydra tot die val in akademiese standaarde en val in morele standaarde van skole. Miller (2003) beweer dat geslagtelike opvoeding aan kinders 'n valse sekuriteit gee dat seks veilig is as 'n kondoom byvoorbeeld gebruik word, sonder om die kind daarop voor te berei dat 'n kondoom ook nie 100% beskerming teen seksueel oordraagbare siektes en swangerskappe bied nie. Die navorser is van mening dat hierdie valse sekuriteit nie sal ontstaan as die korrekte inligting aan kinders verskaf word nie.

Miller (2003) voer verder aan dat die inligting oor seks wat die kind op skool kry, haar kan aanmoedig om in seksuele aktiwiteite betrokke te raak waarvan sy nie sou geweet het indien sy nie die inligting op skool gekry het nie. Van Schalkwyk (2004:16) noem egter dat daar geen navorsing is wat bewys dat geslagtelike opvoeding MIV-infeksie en hoë-risiko seksuele gedrag verhoog nie. Die Departement van Onderwys (2000:8) het 'n dokument aan onderwysers beskikbaar gestel wat riglyne bied rondom die insluiting van HIV/VIGS-voorkomingsprogramme in die kurrikulum en beweer daarin dat navorsing wys dat wanneer jong mense die korrekte inligting rondom seks en die risiko's wat daarmee gepaardgaan kry, hulle meer geneig is om eers later in seksuele aktiwiteite betrokke te raak. UNAIDS (2006:127) voer ook aan dat voorkomingsprogramme wat daarop gerig is om gedrag te verander, die voorkoms van hoë-risiko seksuele gedrag verminder. Hierdie programme moet volgens UNAIDS (2006:127) fokus op basiese inligting oor die MIV-virus, persoonlike risiko-assessering, berading, die aanleer van vaardighede en toegang tot kondome.

Dit is duidelik dat daar globaal daarop gefokus word om jong mense op te voed rondom die MIV-virus om so die verspreiding van die virus te stop. Die navorser is van mening dat MIV-voorkomingsprogramme nie slegs moet fokus op die voorkoming van MIV/VIGS nie, maar ook die probleem van tienerswangerskappe moet aanspreek. Volgens Wodarski en Wodarski (1995:11) en Moore, McGlinchey

en Carr (2002:287) is tienerswangerskappe 'n probleem aangesien dit die volgende negatiewe gevolge het:

- daar is 'n groter gevaar vir lae geboortegewig en spontane aborsies in latere swangerskappe;
- meisies wat as tieners babas het, is geneig om vroeër skool te verlaat;
- tienermoeders het minder werkseleenthede;
- kinders van tienermoeders is meer kwesbaar vir mishandeling en verwaarwoorlosing;
- ontwikkelingsagterstande is meer geneig om voor te kom by die kinders van tienermoeders; en
- gedragsprobleme is algemeen by kinders van tienerouers.

Dit is nie duidelik of die huidige voorkomingsprogramme wel genoegsame aandag aan ongewenste swangerskappe gee nie aangesien die fokus op die voorkoming van MIV/VIGS en ander geslagsiektes is. Die navorser is van mening dat programme rondom MIV/VIGS en geslagsiektes nie noodwendig daartoe sal lei dat tienerswangerskappe beperk word nie en dit is duidelik uit die bogenoemde bespreking dat tienerswangerskappe ook ernstige gevolge vir die samelewing inhou.

### **3.5 GESLAGTELIKE OPVOEDINGSBRONNE IN SUID-AFRIKA**

Die jeug kry geslagtelike opvoeding van verskeie bronne. Volgens Benokraitis (2005:177) word inligting oor seks vanuit die volgende bronne verkry (hierdie is 'n bron vanuit die VSA en dus verskaf dit hoofsaaklik inligting oor die situasie in die VSA):

- Ouers
- Portuurgroep
- Media
- Geslagtelike opvoeding in skole

In Suid-Afrika word geslagtelike opvoeding ook uit die bogenoemde bronne aangebied. Dit wil voorkom asof die huidige benadering rondom geslagtelike

opvoeding in Suid-Afrika fokus op programme om MIV/VIGS te voorkom. Volgens Dickson-Tetteh en Ladha (2000:400) word verskeie programme aangebied om die verspreiding van die MIV-virus te voorkom.

### 3.5.1 Lewensvaardigheidsprogramme in skole

Soos reeds genoem, is geslagtelike opvoedingsprogramme nou 'n deel van die skoolkurrikulum. Volgens Van Schalkwyk (2004:17) is skole 'n toeganklike bron van inligting om kinders te bereik voordat ongesonde gedragpatrone ontwikkel kan word. Berry [sa] voer aan dat skole 'n uitstekende punt vir kontak met kinders is aangesien die meeste jong kinders op een of ander stadium van hulle lewe skool bywoon. Dit is egter belangrik om te onthou dat die skool ook die punt van kontak met die portuurgroep is en dat die adolessent ook inligting oor seks by sy portuurgroep kry. Volgens Steele (1999:339) leer kinders meer van seks in die gange van die skool as in die klaskamer.

Gedragstoepaslike opvoeding oor MIV/VIGS moet deel van die kurrikulum vir alle leerders wees en moet geïntegreer word in die lewensvaardigheidsprogramme van pre-primêre, primêre en sekondêre skole en die volgende inligting insluit:

- verskaf inligting oor MIV/VIGS en ontwikkel die nodige lewensvaardighede wat nodig is vir die voorkoming van MIV-infeksies;
- basiese noodhulpbeginsels, wat insluit hoe om veilig op te tree wanneer iemand bloei;
- beklemtoon die rol van dwelms, seksuele misbruik en seksuele geweld en seksueel oordraagbare siektes in die verspreiding van die MIV-virus;
- moedig leerders aan om gebruik te maak van gesondheidsorg, berading en ondersteuningsdienste (wat dienste rondom die behandeling en voorkoming van seksueel-oordraagbare siektes en geboortebeperring insluit);
- leer leerders hoe om op te tree teenoor mense met MIV/VIGS en om bewustheid te genereer rondom die vooroordele en stereotipes rondom MIV/VIGS;
- skep 'n nie-diskriminerende omgewing teenoor mense met MIV/VIGS; en

- verskaf inligting oor gepaste voorkomingsmeganismes (wat insluit onthouding van seks voor die huwelik), die gebruik van kondome, getrouheid teenoor jou maat, om behandeling te kry vir seksueel oordraagbare siektes en verhoed om met bloed in kontak te kom (Departement van Onderwys, 1999).

Jordaan (2006) bevestig dat geslagtelike opvoedingsprogramme in die lewensoriënteringsklas aangebied word en gewoonlik word geslagtelike opvoedingsprogramme oor die tydperk van 'n kwartaal aangebied. Dit is uit die bogenoemde duidelik dat die Departement van Onderwys nie verwag dat programme wat in skole aangebied word, spesifiek fokus op die voortplantingsproses en seksuele omgang nie. Volgens Jordaan (2006) kan skole bepaal watter inligting in geslagtelike opvoedingsprogramme ingesluit word en word inligting oor voortplanting gewoonlik in die programme ingesluit. Harrison (2000:122) noem dat die bespreking van MIV/VIGS in skole aanleiding kan gee tot besprekings oor seks en seksualiteit. Wanneer onderwerpe soos seks bespreek word, bestaan die moontlikheid ook dat kontroversiële onderwerpe soos aborsie en homoseksualiteit bespreek kan word en dat die geloofsoortuigings van die leerders 'n rol kan begin speel. Harrison (2000:59) waarsku dat skole sensitief moet wees vir leerders se kulturele en geestelike waardes en dit in ag moet neem tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme. Die navorser is van mening dat dit in Suid-Afrika 'n uitdaging is om alle gelowe en kulture te respekteer as gevolg van die diversiteit van die land se populasie. Jordaan (2006) beweer dat skole sekere boeke en handleidings by die Departement van Onderwys rondom geslagtelike opvoedingsprogramme kry, maar nie verplig is om dit te gebruik nie. Skole het toegang tot 'n wye verskeidenheid internasionale en nasionale bronne en volgens Jordaan (2006) word verskeie bronne geïntegreer om toepaslike inligting in skole aan te bied.

Dickson-Tetteh en Ladha (2000:403) voer aan dat die lewensvaardigheidsprogramme in skole ontwerp is om die jeug se persoonlike ontwikkeling, selfvertroue, sosiale bevoegdheid, selfbeeld en vermoë om met wedersydse respek en verantwoordelikheid op te tree, te bevorder. Harrison (2000:32) is van mening dat geslagtelike opvoedingsprogramme vir leerlinge in skole die geleentheid moet bied om morele redenasies te hou en daardeur self te besluit wat reg en verkeerd is.

Jordaan (2006) voer aan dat leerlinge ook inligting ontvang wat hulle in staat sal stel om verantwoordelike keuses ten opsigte van seksuele kwessies te maak. Die navorser is van mening dat lewensvaardigheidsprogramme in skole slegs kan slaag om die bogenoemde uitkomstes te bereik indien die opvoeder die nodige opleiding en vaardighede het om verandering en groei by die kind te bewerkstellig.

Die navorser is van mening dat onderwysers nie net kan aanneem dat die kind in die klaskamer reeds bewus is van die feite rondom voortplanting nie en dat geslagtelike opvoeding in skole maklik die gevaar loop om inligting te verskaf met die vooropgestelde idee dat die kind in die skool reeds oor bepaalde kennis beskik. Programme wat fokus op die voorkoming van MIV/VIGS is nie volgens die navorser voldoende om tienerswangerskappe te voorkom nie en nuwe programme kan ontwikkel word om ook hierdie behoefte aan te spreek.

### **3.5.2 Mediaveldtog**

Baie kinders sien die media as 'n belangrike bron wat inligting en idees oor liefde, seks en verhoudings verskaf (Buckingham & Bragg, 2004:59). Aangesien die adolessent streef vir meer onafhanklikheid van die ouers, kan die media as 'n aantreklike alternatiewe bron van inligting beskou word (Chapin, 2000). Steele (1999:337) en Peacock (2001:44) stem saam dat die media 'n magtige invloed op die adolessent se seksuele waardes, houdings en oortuigings het. Volgens Dickson-Tetteh en Ladha (2000:400) word 'n verskeidenheid aktiwiteite deur die regering en die nie-regeringsektor in Suid-Afrika in die vorm van mediaveldtogte aangebied om die verspreiding van MIV/VIGS te voorkom. Dit sluit die volgende in:

- Soul City - televisiereeks, radioprogram, boekies oor verskillende onderwerpe, lewensvaardigheidsmateriaal (Dickson-Tetteh & Ladha, 2000:401);
- Soul Buddyz - Soul City se aktiwiteite, maar gerig op 8 – 12 jariges (Dickson-Tetteh & Ladha, 2000:400); en
- Lovelife – televisie- en radioprogramme, maandelikse tydskrif, advertensieborde (Lovelife, [sa]).

Alhoewel bogenoemde programme 'n groot aantal jongmense kan bereik, moet daar in ag geneem word dat nie alle jongmense in Suid-Afrika toegang het tot die media nie en dat hierdie programme ook slegs suksesvol kan wees indien dit die jongmense se belangstelling kan prikkel. Buckingham en Bragg (2004:60) noem dat die media oor die algemeen verskeie voordele bied vir geslagtelike opvoeding aangesien dit onderwerpe direk kan bespreek wat kinders dalk nie met ouers of onderwysers wil bespreek nie. Die aanbieding van die programme op televisie bied egter nie noodwendig 'n waarborg dat jongmense dit sal kyk en die inligting sal gebruik om verantwoordelike keuses te maak nie.

Dit is ook belangrik om daarvan bewus te wees dat kinders nie net uit spesiale geslagtelike opvoedingsprogramme in die media kennis en idees rondom seks en verhoudings kry nie, maar ook uit die gewone televisiereekse. Volgens Peacock (2001:41) kom seks algemeen op televisie voor, met duisende seksuele boodskappe wat elke jaar deur die televisie uitgesaai word. Hierdie konstante konfrontering met seksuele kwessies kan volgens die navorser die adolessent afstomp vir die realiteit gekoppel aan seks. Buckingham en Bragg (2004:184) noem dat televisiedramas dikwels valse boodskappe oor liefde, seks en verhoudings gee. Die media stel ook die adolessent bloot aan seksuele gedrag en houdings wat hy nie op 'n ander plek kan waarneem nie (Chapin, 2000). Die navorser is van mening dat televisiereekse gebruik kan word om besprekings oor sekere onderwerpe op die kind se ontwikkelingsvlak te lei.

### **3.5.3 Portuurgroepopleiding**

Volgens Peacock (2001:35) het die portuurgroep 'n groot invloed op die adolessent se keuses rondom seksuele aktiwiteite. Die navorser is van mening dat die portuurgroep dus positief aangewend kan word in geslagtelike opvoedingsprogramme. Wodarski en Wodarski (1995:19) bevestig bogenoemde deur te noem dat portuurgroepopleiding positief aangewend kan word aangesien die portuurgroepopvoeder gesien kan word as 'n meer betroubare bron van inligting en ook meer geneig sal wees om te kommunikeer in taal wat deur die portuurgroep verstaan word.

Verskeie programme is ontwikkel waar die portuurgroep opgelei word om MIV/VIGS-programme aan te bied. Die portuurgroepopleiers neem vrywillig aan hierdie programme deel en dus kan hierdie programme nie soveel mense bereik nie. Volgens Dickson-Tetteh en Ladha (2000:402) sluit hierdie programme die volgende in:

- YMCA Better life options – MIV/VIGS program as deel van die groter voortplanting- en gesondheidsprogram wat reeds bestaan (hierdie program word slegs in vier provinsies aangebied).
- Old Mutual I have hope AIDS peer group project – implementering van MIV/VIGS portuurgroepopleiers in sekondêre skole wat deur hulle eie kennis en gedrag ander leerders kan beïnvloed.

Verskeie ander portuurgroepopleidingsprogramme het ontstaan. Die navorser is egter van mening dat hierdie programme as gevolg van die vrywillige aard daarvan, nie altyd die groter gemeenskap bereik nie en slegs op spesifieke teikengroepe gerig is.

Uit bogenoemde word dit duidelik dat die geslagtelike opvoedingsprogramme in Suid-Afrika grootliks fokus op die voorkoming van MIV/VIGS en min aandag skenk aan ander probleme, soos byvoorbeeld ongewenste swangerskappe, wat kan ontstaan wanneer adolessente in seksuele verhoudings betrokke raak. Wanneer daar in ag geneem word dat meisies wat op 'n jong ouderdom swanger raak, meer geneig is om skoolbywoning te staak (Moore, McGlinchey en Carr, 2002:287), wil dit voorkom dat hierdie meisies nog minder geleentheid sal hê om kennis rondom MIV/VIGS op te doen aangesien die mees omvattende programme rondom MIV/VIGS wel by skole aangebied word.

### **3.5.4 Opvoeding deur ouers**

Ouers bly die primêre bron van inligting rondom seksuele kwessies en volgens Caroll (in van Schalkwyk, 2004:24) sien ouers hulleself as rolmodelle wat kulturele norme

by die kind moet ontwikkel wat verantwoordelike besluite en aksies van die kinders tot gevolg sal hê. Die ideaal is dat ouers die eerste bron van geslagtelike opvoeding moet wees (Benokraitis, 2005:177). Die navorser is egter van mening dat ouers nie altyd hierdie verantwoordelikheid nakom nie. Volgens Peacock (2001:26) het ouers baie geleenthede om hulle kinders se seksualiteit te beïnvloed, maar verskeie outeurs (Wodarski & Wodarski, 1995:20 en Benokraitis, 2005:178) noem dat ouers soms ongemaklik voel om met hulle kinders oor seks te praat. Dit is dus moontlik dat ouers nie altyd die geleenthede tot hulle beskikking gebruik om gesonde seksuele houdings en waardes by hulle kinders te kweek nie.

Volgens Buckingham en Bragg (2004:48) leer kinders implisiet deur ouers se gedrag waar te neem. Peacock (2001:26) stem saam deur te noem dat ouers se gedrag en woorde kan lei tot die ontwikkeling van gesonde of ongesonde seksuele houdings. Dus sal die ouer se houding en gedrag rondom seksuele kwessies onbewustelik vir die adolessent as 'n riglyn dien wanneer hy/sy met dieselfde kwessies gekonfronteer word.

Die kinderhuiskind se ouers het volgens die navorser in die meeste gevalle nie die nodige ouerskapsvaardighede om die kind te lei om verantwoordelike besluite te neem nie en daarom word die kind in alternatiewe sorg geplaas. Die kinderhuiskind se ouer se gedrag is ook in die meeste gevalle nie 'n voorbeeld vir die kind om na te volg nie. Die navorser is dus van mening dat die kinderhuis primêr verantwoordelik is vir die geslagtelike onderrig van die kinders in die kinderhuis.

### **3.6 GESLAGTELIKE OPVOEDING IN DIE KINDERHUIS**

#### **3.6.1 Unieke behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding in 'n kinderhuis**

Die navorser is van mening dat die kinderhuiskind meer kwesbaar is om onverantwoordelike seksuele keuses te maak. Van Zyl (2006) stem hiermee saam en noem dat die redes hiervoor is dat die kinderhuiskind dikwels aan seksuele misbruik, swak seksuele grense en swak bindinge blootgestel is. Volgens Thom *et al* (1998:411) is die volgende adolessente meer geneig om seksueel aktief te raak as 'n poging om hulle gevoel van eiewaarde verhoog:



- Adolessente met 'n lae selfbeeld.
- Adolessente wat ontoereikend, minderwaardig en geïsoleerd voel.
- Adolessente wat geen betekenisvolle verhoudings met ander persone het nie.
- Adolessente wat swak presteer op skool of min opvoedkundige aspirasies het.

Die meeste adolessente in die kindershuis het, volgens die navorser, van die bogenoemde kenmerke as gevolg van gebrekkige bindings. Van Zyl (2006) noem verder dat baie van die kinders in die kindershuis aan trauma blootgestel is en dat dit soms daartoe kan lei dat die kind nie 'n toekomsvisie het nie. Die navorser is van mening dat indien die kind nie 'n toekomsvisie het nie, hy/sy ook nie opvoedkundige aspirasies sal hê nie. Dit is dus duidelik dat die kindershuiskind baie kwesbaar is om onverantwoordelike seksuele keuses te maak.

Die navorser is van mening dat die kindershuiskind unieke behoeftes rondom geslagtelike opvoeding het en dat die kindershuis hiervoor voorsiening moet maak. Daar is geen resente inligting beskikbaar oor die seksuele opvoeding van kindershuiskinders nie. Van Zyl (2006) voer aan dat daar in 'n kindershuis unieke uitdagings rondom geslagtelike opvoeding is aangesien daar aangeneem kan word dat die meeste kinders in die kindershuis uit gesinne kom waar daar nie normale emosionele, fisiese of seksuele grense was nie. Daar moet dus eers gepoog word om gesonde grense by die kind te bewerkstellig. Van Zyl (2006) is van mening dat die ideaal is dat geslagtelike opvoeding gedurende 'n individuele terapeutiese proses moet plaasvind. Die navorser is van mening dat dit nie altyd moontlik is nie as gevolg van hoë gevalleladings en gereelde krisishantering.

### **3.6.2 Bestaande geslagtelike opvoedingsprogramme in die kindershuis**

Dit is duidelik dat die Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis dit as 'n prioriteit beskou om geslagtelike opvoedingsprogramme aan alle kinders te bied. Geslagtelike opvoedingsprogramme word al vir langer as 14 jaar by die kindershuis aangebied (Van Zyl, 2006). Volgens Van Zyl (2006) word hierdie programme gewoonlik aangebied vir alle kinders vanaf 10 jaar oud en word dit gewoonlik in

groepsverband deur maatskaplike werkers aangebied. Die huidige beskikbare programme is deur die navorser bestudeer en dit dui daarop die volgende temas oor die algemeen tydens geslagtelike opvoeding in die kindershuis aangespreek word:

- Wat is seksualiteit?
- Psigoseksuele ontwikkeling tydens verskillende ontwikkelingsfasies.
- Fisiese ontwikkeling van seuns en dogters (hier word ook aandag gegee aan voortplanting).
- Selfbeeld (aandag word ook gegee aan selfhandhawende optrede).
- Waardes en houdings ten opsigte van seksualiteit.
- Kommunikasie.
- Verhoudings.
- Besluitneming en probleemoplossing.
- Tienswangerskappe.
- Seksuele afwykings en seksueel oordraagbare siektes.

Daar is nie 'n formele beleid rondom die aanbieding van geslagtelike opvoedingsprogramme in die kindershuis nie. Volgens Van Zyl (2006) word alle inligting rondom seksualiteit en veilige seks aan die kinders verskaf, maar moet daar ook 'n waardeles wees wat wys dat, vanuit 'n Christelike uitgangspunt, seks voor die huwelik nie moet plaasvind nie. Dit bly die kind se eie keuse of hy seksueel wil verkeer. Volgens Van Zyl (2006) maak die kindershuis se voorbehoedingsbeleid daarvoor voorsiening dat kwesbare kinders deur die kindershuis op voorbehoeding geplaas kan word wanneer daar aan een of meer van die volgende eienskappe voldoen word:

- Die kind was voorheen seksueel misbruik.
- Die kind is verstandelik gestremd.
- Die kind was voorheen swanger.

Die verantwoordelikheid vir die aanbieding van geslagtelike opvoedingsprogramme lê hoofsaaklik by die maatskaplike werker. Huisouers het geen verpligting in dié verband nie en kry slegs opleiding rondom die profiel van 'n kindershuiskind om die

kind se seksuele gedrag beter te verstaan (Van Zyl, 2006). Die navorser is van mening dat hierdie 'n leemte is aangesien die huisouer beskikbaar is om vrae op 'n meer informele en nie-bedreigende manier te beantwoord.

Dit is dus duidelik uit die bogenoemde bespreking dat daar wel voorsiening gemaak word vir die spesiale behoeftes van die kinderhuiskind, alhoewel daar steeds leemtes in hierdie programme bestaan.

### **3.7 SAMEVATTING**

Adolesente is tans meer geneig as ooit tevore om vroeër seksueel aktief te raak. Die probleem van tienerswangerskappe en veral die MIV/VIGS pandemie het die Suid-Afrikaanse regering gedwing om daadwerklik op te tree om maatreëls in te stel om die verdere verspreiding van die epidemie te verhoed. Geslagtelike opvoedingsprogramme is nou deel van verpligte lewensvaardigheidsprogramme in skole. Hierdie programme fokus hoofsaaklik op die voorkoming van seksueel oordraagbare siektes en gee nie noodwendig aandag aan voortplanting en die voorkoming van swangerskappe nie. Die aanname bestaan steeds dat kinders die nodige inligting in dié verband by ouers kry. Dus speel ouers steeds 'n belangrike rol in die geslagtelike opvoeding van hulle kinders. Adolesente kan ook deur die media sekere boodskappe rondom seks en verhoudings integreer. Die portuurgroep is 'n verdere bron van geslagtelike opvoeding en adolesente kan meer geneig wees om die portuurgroep se houdings en opinies te vertrou. Al hierdie bronne van geslagtelike opvoeding het leemtes en die moontlikheid bestaan dat dit nie geskoei is op die werklike ontwikkelingsbehoefte van adolesente nie.

Die adolessent in die kindershuis het unieke behoeftes as gevolg van 'n traumatiese agtergrond. Hierdie unieke behoeftes moet in ag geneem word wanneer geslagtelike opvoedingsprogramme vir kindershuis ontwikkel word. In die volgende hoofstuk sal die navorsingsbevindings en empiriese gegewens wat gedurende die studie verkry is, aangebied word.

## HOOFSTUK 4

### EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is inligting oor die ontwikkelingsbehoefte van adolessente met spesifieke verwysing na die ontwikkeling van die adolessent in die kindershuis aan die hand van 'n literatuurstudie gegee. Daar is verder aandag geskenk aan geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die geslagtelike opvoeding van die kindershuiskind in Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis. Die navorser het in die praktyk ervaar dat, ten spyte daarvan dat die adolessent in die kindershuis gereelde en intensiewe geslagtelike opvoeding kry, die huidige programme nie daarin slaag om die adolessent se seksuele gedrag te verander nie. As gevolg van die groot waarskynlikheid dat die kindershuiskind aan swak seksuele grense en swak bindinge blootgestel is, is sy meer kwesbaar om seksuele verhoudings aan te knoop in 'n poging om haar behoeftes aan liefde en sekuriteit te bevredig. Leemtes bestaan in die literatuur rondom die unieke behoeftes van adolessente in 'n kindershuis rondom geslagtelike opvoeding.

Die fokus van hierdie studie was om die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding te bepaal. Ten einde empiriese inligting te verkry, is semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente dogters in die Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis gevoer. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is gevolg. Die navorser het gebruik gemaak van doelgerigte nie-ewekansige steekproeftrekking waar alle adolessente wat aan sekere kriteria voldoen het, geselekteer is om aan die studie deel te neem. Die kriteria is deur die navorser self bepaal. Veertien respondente is geïdentifiseer waarvan elf respondente toestemming gegee het om aan die studie deel te neem, een respondent gekies het om nie aan die studie deel te neem nie en twee respondente uit die kindershuis geplaas is voor onderhoude met hulle gevoer is. 'n Profiel van die respondente verskyn in twee tabelle in bylaag 6.

In hierdie hoofstuk sal die empiriese gegewens en navorsingsbevindings aangebied en geanaliseer word.

## 4.2 NAVORSINGSPROSEDURE

Die navorsingsontwerp wat die navorser gebruik het, was die kollektiewe gevallestudie waar die navorser begrip ontwikkel rondom 'n spesifieke sosiale kwessie by 'n spesifieke populasie. Fouché (2002b:276) noem dat met die kollektiewe gevallestudie die navorser se belangstelling in die individuele respondent sekondêr staan tot die navorser se belangstelling in 'n groep gevalle. Die doel van hierdie studie was om empiriese inligting te bekom oor die behoeftes van adolessente dogters in die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis ten opsigte van geslagtelike opvoedingsprogramme. Die navorser het semi-gestruktureerde onderhouds aan die hand van 'n onderhoudskedule gevoer. Ten einde die inligting wat verkry word in konteks te plaas, het die navorser ook inligting bekom oor geslagtelike opvoedingsbronne en die tipe geslagtelike opvoedingsprogramme wat reeds deur die respondente bygewoon is. Hierdie empiriese gegewens sal nou aangebied word.

## 4.3 VORIGE GESLAGTELIKE OPVOEDINGSPROGRAMME

Die volgende temas ten opsigte van vorige geslagtelike opvoedingsgeleenthede waaraan die respondente blootgestel is, is uit die empiriese data geïdentifiseer:

- verskillende bronne van geslagtelike opvoeding;
- bronne waar die meeste inligting rondom seksuele sake verkry is; en
- die tipe inligting verkry tydens geslagtelike opvoedingsgeleenthede.

### 4.3.1 Verskillende bronne van geslagtelike opvoeding

Die respondente het verskeie bronne geïdentifiseer waar hulle al voorheen inligting rondom seksuele sake gekry het. Dit het duidelik na vore gekom dat al die respondente in die verlede by meer as een bron inligting oor seksuele sake gekry het. Tabel 5 gee 'n aanduiding van die verskillende geslagtelike opvoedingsbronne van die respondente.

Tabel 4.1: Geslagtelike opvoedingsbronne (N = 11)

Respondent	Groepe by 'n kinderhuis	Plek van veiligheid	Maatskaplike werker	Huisouer	Skool	Familie	Vriende	TV en radio	Tydskrifte en koerante	Internet	Eie ervaring
A	✓		✓		✓	✓	✓	✓			✓
B	✓	✓	✓		✓	✓					
C			✓		✓	✓					
D	✓				✓		✓	✓			
E					✓	✓	✓	✓	✓		
F	✓		✓		✓	✓	✓	✓	✓	✓	
G	✓			✓	✓	✓	✓	✓	✓		
H	✓			✓	✓		✓	✓			
I	✓			✓	✓	✓	✓		✓		
J	✓		✓	✓	✓	✓		✓	✓		
K	✓				✓		✓	✓	✓		

Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat die respondente blootgestel word aan 'n wye verskeidenheid geslagtelike opvoedingsbronne. “*Ek het al by baie mense gekry*”. Dié respondent kon ook aandui dat sy reeds aan verskillende bronne rondom geslagtelike opvoeding blootgestel is. Soos reeds genoem, is daar 'n leemte in die literatuur rondom die geslagtelike opvoeding van die kinderhuiskind. Benokraites (2005:177) identifiseer die volgende geslagtelike opvoedingsbronne:


- Ouers
- Portuurgroep
- Media
- Geslagtelike opvoeding in skole

Daar word geen melding gemaak van die moontlikheid dat geslagtelike opvoedingsbronne uit sisteme soos kinderhuise of professionele persone soos maatskaplike werkers kan spruit nie en dit dui weereens op die unieke behoeftes en situasie van die kinderhuiskind.

Seks- en MIV/VIGS-onderrig is nou 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum (Departement van Onderwys, 1999). Uit die bostaande tabel is dit ook duidelik dat alle respondente by die skool blootgestel word aan geslagtelike opvoedingsprogramme. Ander bronne waar die groter meerderheid respondente geslagtelike opvoeding gekry het, het die kindershuis, familie en media ingesluit. Die media het 'n magtige invloed op die adolessent se seksuele waardes, houdings en oortuigings (Steele, 1999:337 en Peacock, 2001:44). Die navorser het reeds in Hoofstuk 3 genoem dat die kindershuiskind beperkte toegang tot die media het. Dit het tog geblyk dat sekere respondente in teenstelling hiermee baie inligting rondom seksuele sake in die media gekry het. Een respondent verduidelik dat sy in tydskrifte die volgende inligting gekry het: *“Hulle het net vir ons gesê hoe, as jy seks het, wat moet jy doen en waar, hoe word die seuns jags en hoe word meisies jags, en ... ja. En hoe gebeur dit as jy begin, ... as jy met mekaar gaan slaap.”* Ander respondente het aangedui dat hulle inligting rondom sosiale kwessies soos verkragting en swangerskap uit die media ontvang het. *“Op TV was dit dat ... meisies ge-‘rape’ word en hoekom hulle ge-‘rape’ word”*.

#### 4.3.2 Bron waar meeste blootstelling aan geslagtelike opvoeding plaasgevind het

Respondente is gevra waar hulle al die meeste blootstelling aan geslagtelike opvoeding gekry het. Figuur 1 gee 'n aanduiding van die bronne waar die respondente die meeste inligting oor seksuele sake gekry het.



**Figuur 4.1: Bron waar meeste inligting oor seksuele sake verkry is (N=11)**

Meer as die helfte van die respondente het aangedui dat die skool die grootste bron van inligting rondom geslagtelike opvoeding is. Dit kan toegeskryf word aan die insluiting van geslagtelike opvoeding in die nasionale kurrikulum. Alhoewel al die respondente by die skool toegang tot geslagtelike opvoedingsprogramme het, kan dit nie as 'n verklaring dien vir die feit dat meer as die helfte die skool beskou as die primêre bron van geslagtelike opvoeding nie. Al die respondente het op meer as een plek geslagtelike onderrig ontvang. Dit is duidelik dat naas die skool die kinderhuis en die portuurgroep 'n belangrike bron van geslagtelike opvoeding is. Dit is nodig om aandag te gee aan die tipe inligting wat die respondente van verskillende bronne rondom geslagtelike opvoeding ontvang het.

#### 4.3.3 Tipe inligting tydens geslagtelike opvoedingsgeleenthede

Die navorser het kortliks data ingesamel rondom die tipe inligting wat die respondente by die verskillende geslagtelike opvoedingsbronne gekry het. Geslagtelike opvoeding is in Hoofstuk 1 gedefinieer as opvoeding oor seksuele reproduksie, seksuele omgang en alle ander aspekte van menslike seksuele gedrag, wat seksueel oordraagbare siektes insluit. Dus het geslagtelike opvoeding te make met 'n wye verskeidenheid van onderwerpe wat voortplanting, swangerskap, seksuele omgang, seksueel oordraagbare siektes en voorbehoeding insluit. Die onderwerpe wat volgens die respondente tydens formele geslagtelike opvoedingsgeleenthede bespreek is, het die volgende ingesluit:

- Seksueel oordraagbare siektes
- Die gevolge van seksuele omgang:
  - Swangerskap
  - VIGS
- Bevrugting
- Menstruasie
- Sanitêre produkte
- Voorbehoeding
- Manlike en vroulike liggaam en voorplantingstelsel
- Verkragtings



Die respondente het oor die algemeen onthou dat hulle baie waarskuwings teen seksuele omgang gekry het en dat daar grootliks daarop gefokus is om vir hulle te vertel dat hulle nie op hierdie stadium in seksuele verhoudings betrokke moet raak nie. Tabel 6 gee enkele voorbeelde van hierdie tipe waarskuwings wat die respondente by die verskillende bronne gekry het.

**Tabel 4.2: Waarskuwings oor seksuele omgang**

BRON	WAARSKUWING
Maatskaplike werker	<b>Respondent B:</b> <i>“Dat ons nie altyd alleen saam met ‘n seun in ‘n kamer ingaan nie. Al daai goedjies wat almal altyd sê ... nie gepraat nie, gepreek.”</i>
Familie	<b>Respondent C:</b> <i>“My ma het vir my gesê ek moenie rondslaap nie, want ‘n mens kan ‘AIDS’ kry.”</i>
	<b>Respondent G:</b> <i>“Sy het net vir my gesê ek moet dit [seks] nie doen nie want die nagevolge.”</i>
Groepe by die kindershuis	<b>Respondent D:</b> <i>“Jy moet dit [seks] net nie hê nie. Net dat voordat jy nie getroud is nie ... want dis sleg.”</i>
	<b>Respondent I:</b> <i>“Ek het geleer jy moenie voor jou huwelik seks hê nie”</i>
Skool	<b>Respondent E:</b> <i>“Ons juffrou vertel ons net as ons hoërskool toe gaan, gaan kinders ons probeer omkoop om dit saam met hulle te doen en ons moet dit net nie doen nie, want ons kan VIGS kry...”</i>
	<b>Respondent F:</b> <i>“... en veral bly net weg van die seuns, dis altyd wat hulle aan die einde sê, bly weg van seuns, dan sê hulle seuns bly weg van meisies en meisies bly weg van seuns”.</i>
Huisouers	<b>Respondent I:</b> <i>“[Die huisouer] het vir ons gesê, dis al wat sy vir ons gesê het, sy’t net gesê ons moenie nou al rondslaap nie, dis al wat sy vir ons gesê het”.</i>

Dit is uit die bogenoemde duidelik dat die respondente gewaarsku is oor seksuele omgang en dat daar ‘n algemene gevoel by die respondente is dat dit ‘n groot fokus van geslagtelike opvoeding is. Dit wil ook uit die respondente se kommentaar


voorkom asof alle geslagtelike opvoedingsgeleenthede dit ten doel stel om hulle te oorreed om nie seksueel te verkeer nie en dat dit by sommige geleenthede die enigste boodskap is wat die respondente rondom geslagtelike opvoeding kry. Laasgenoemde is veral waar by informele geslagtelike opvoedingsgeleenthede soos byvoorbeeld deur die ouers, huisouers of vriende. Een respondent vertel dat haar vriende haar waarsku om nie seksuele omgang te hê nie deur vir haar te sê: “As ‘n seun vir jou sê kom ons gaan bed toe, dan moet jy nee sê”. Die meerderheid respondente het egter genoem dat hulle by vriende inligting kry wat nie noodwendig tydens geslagtelike opvoedingsgeleenthede gegee word nie. “Hulle praat van wie’t al seks gehad, en hoe groot is die jongetjie se penis en tannie weet daai vrae man... en watse maniere gebruik hulle, ek hoor daar is ek weet nie 500 en ‘something’ maniere, ja, verduidelik hulle alles vir my ... hoe dit begin het tot by die einde ... nee ek hoor dit net by my vriende”. ‘n Ander respondent noem dat sy by vriende geleer het: “... hoe dit [seks] gedoen word”.

Die literatuur bevestig dat die portuurgroep ‘n baie belangrike bron van inligting rondom geslagtelike opvoeding is. Thom *et al.* (1998:454) noem dat die adolessent toenemend betrokke raak by die portuurgroep as gevolg van sy dringende behoefte om te behoort en dat die portuurgroep ‘n belangrike bron van inligting word. Dus kan die portuurgroep ‘n bron van inligting rondom seksuele aktiwiteite word. Volgens Peacock (2001:35) het die portuurgroep ‘n groot invloed op die adolessent se keuses rondom seksuele aktiwiteite. Die belangrikheid van die invloed van die portuurgroep op die adolessent se keuses rondom seksuele aktiwiteite moet dus nooit onderskat word tydens die aanbieding van geslagtelike opvoedingsprogramme nie.

Bogenoemde bespreking het slegs ten doel om die kommentaar van respondente rondom hulle behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding in perspektief te plaas deur ‘n verwysingsraamwerk te verskaf waaruit die respondente geslagtelike opvoeding benader.

#### 4.4 BEHOEFTE IN TERME VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING

Tydens die semi-gestruktureerde onderhoud het verskeie behoeftes rondom geslagtelike opvoeding duidelik geword. Figuur 2 bied 'n skematiese voorstelling van hierdie behoeftes.



*Figuur 4.2: Behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding*

##### 4.4.1 Behoefte aan keuses

Verskeie outeurs meld dat die adolessent streef om meer onafhanklik te wees (Newman & Newman, 1997:685; Thom *et al.*, 1998:451; Preto, 1999:281; Van der Linde, 2000:50 en Benokraitis, 2005:343). Hierdie strewe na onafhanklikheid is deel van die adolessent se normale ontwikkeling en die navorser is van mening dat daar in ontwikkelingsprogramme wat op adolessente gerig is, voorsiening gemaak moet word vir die adolessent se strewe na onafhanklikheid. Om meer onafhanklikheid aan 'n adolessent te verskaf, is dit noodsaaklik om vir adolessente sekere keuses te gee. Respondente het tydens die onderhoud verwys na verskeie insidente waar hulle nie

keuses gehad het in vorige geslagtelike opvoedingsprogramme nie en hierdie gebrek aan keuses is altyd deur die respondente negatief ervaar.

*“Meestal by die hoërskool nou forseer hulle jou, want hulle doen dit gereeld en sê hulle ‘okay’ hoor hier julle moet nou soontoe gaan, en jy kan nie sê ‘okay’ hoor hier nee, ek wil nie gaan nie, dis soos jy moet nou gaan, dan moet jy gaan luister wat daai tannie te sê het ... jy het nie ‘n keuse nie”.*

Die navorser is van mening dat die kind in die kindershuis oor die algemeen ‘n gevoel van magteloosheid in terme van sy huidige omstandighede ervaar, aangesien daar nie gewoonlik vir die kind ‘n keuse gegee word rondom die plasing in die kindershuis nie. Die insluiting van geslagtelike opvoedingsprogramme in die skoolkurrikulum kan ‘n verdere negatiwiteit by die kindershuiskind oor addisionele geslagtelike opvoedingsprogramme by die kindershuis tot gevog hê. Hierdie moontlikheid moet in ag geneem word met die ontwikkeling van nuwe geslagtelike opvoedingsprogramme wat op die kindershuiskind gemik is.

Respondente het ook genoem dat hulle negatiewe houding teenoor geslagtelike opvoedingsprogramme soms die gevolg was van hulle eie magteloosheid rondom die bywoning daarvan. Een respondent se opinie is: *“Kan mos nie enige iemand dwing om na iets te luister as jy nie daarna wil luister nie”*. Sy het verder genoem dat die kinders wat geslagtelike opvoedingsprogramme moet bywoon, slegs die kinders moet wees wat ‘n behoefte het om meer inligting hieroor te kry. Hierdie respondent het enige geslagtelike opvoedingsprogramme baie negatief beleef en noem: *“... alles daarvan is gross, niks daarvan is cool nie”*. Die feit dat sy nooit ‘n keuse het in die bywoning daarvan of die inhoud van die programme nie, kan ook ‘n rol in haar negatiewe ervarings rondom geslagtelike opvoedingsprogramme speel. ‘n Ander respondent verduidelik dat sy in sekere gevalle ongemaklik gevoel het by geslagtelike opvoedingsprogramme: *“As jy nie ‘n keuse gehad het nie ... want jou naam is klaar op.”* Gevoelens van ongemak is deur respondente ervaar wanneer hulle nie bemaagtig was om keuses rondom geslagtelike opvoedingsprogramme te maak nie.

Een respondent gee selfs 'n voorstel oor hoe keuses in hierdie programme toegelaat kan word: *“Hulle moet 'n lys omstuur en dan moet hulle sê die kinders moet hulle name opgee as hulle wil in 'n groep wees, dan moet hulle die name by die groep opgee, as hulle wil alleen wees dan moet hulle die name alleen opgee.”* Alhoewel die bywoning van geslagtelike opvoedingsprogramme by die kinderhuise en by skole verpligtend, is gee hierdie respondent die aanduiding dat dit moontlik kan wees om steeds keuses rondom die wyse van aanbieding van die programme vir die adolessent te gee.

Verskeie outeurs stem saam dat die adolessent streef om meer onafhanklik te wees. (Newman en Newman, 1997:685; Thom *et al.*, 1998:451; Preto, 1999:281; Van der Linde, 2000:50 en Benokraitis, 2005:343.) Dit is duidelik dat daar 'n leemte bestaan in huidige geslagtelike opvoedingsprogramme om die adolessent se strewe na onafhanklikheid te respekteer. Die respondente se behoeftes rondom geslagtelike opvoedingsprogramme het duidelik daarop gedui dat hulle 'n mate van beheer wil hê oor hulle deelname aan die programme. Dit is nie slegs by die kindershuis waar die respondente magteloos gelaat is in terme van die bywoning van die programme nie, aangesien die insluiting van hierdie tipe programme in die skoolkurrikulum ook aan die respondente gereelde blootstelling aan geslagtelike opvoeding gee. Dus bestaan die moontlikheid dat dit nie uniek is aan die kind in die kindershuis om negatief te voel oor die bywoning van geslagtelike opvoedingsprogramme nie en dat hierdie gevoelens ook by die portuurgroep, wat nie in die kindershuis woon nie, kan voorkom.

#### 4.4.2 Behoefte aan nuwe inligting

Soos reeds genoem, het die insluiting van lewensvaardigheidsprogramme in die skoolkurrikulum wat op geslagtelike opvoeding fokus, verseker dat leerlinge gereelde blootstelling aan inligting rondom seksuele sake kry. Dit wil voorkom asof die verskillende programme wat die respondente reeds bygewoon het, dieselfde tipe onderwerpe bespreek het en dat respondente ook gereeld blootgestel word aan dieselfde inligting rondom seksuele sake. *“...en die meeste van die goed wat hulle vir ons gesê het, het ons klaar geweet.”* Hierdie respondent het ook gevoel dat nuwe inligting meer sal doen om die adolessent se aandag tydens die programme te behou en ook genoem dat sy voel dat adolessente 'n behoefte aan nuwe inligting tydens

geslagtelike opvoedingsprogramme het. Die empiriese data toon dat die respondente se behoefte aan nuwe inligting gegrond is in die behoefte aan spesifieke nuwe onderwerpe wat bespreek moet word, asook 'n behoefte dat meer inligting oor spesifieke onderwerpe gegee moet word.

#### **4.4.2.1 Behoeftes aan nuwe inligting oor spesifieke onderwerpe**

Verskeie respondente het aangedui dat huidige geslagtelike opvoedingsprogramme daarin slaag om hulle geïnteresseerd te hou wanneer daar nuwe inligting aangebied word waarvan hulle nie voorheen bewus was nie. *"...want 'maybe' sê hulle iets wat jy nog nooit geweet het nie, en dan het dit jou meer geïnteresseerd"*. Die navorser is van mening dat die fokus om adolessente te waarsku om nie in seksuele verhoudings betrokke te raak, soos vroeër reeds bespreek, daartoe kan bydra dat nuwe inligting nie aan die adolessent gegee word nie. Verskeie respondente het genoem dat daar gereeld gefokus word op die gevolge van seksuele omgang en het die behoefte uitgespreek om meer inligting te kry rondom hoe hierdie gevolge hulle sal beïnvloed, byvoorbeeld wat presies die gevolge vir hulle sal wees indien hulle swanger raak. Een respondent het 'n voorbeeld genoem deur te noem dat daar vir hulle vertel word van aborsie, maar dat niemand werklik weet wat gebeur met jou of die baba terwyl jy 'n aborsie ondergaan nie. *"Ek dink kinders is deesdae bang om te vra van swangerskap en aborsie en daai goed ... Daar is een van ons vriende wat swanger is en sy het gesê sy wil die hele tyd vir haar ma vra [oor aborsie], ... sy weet nie wat's aborsie nie, sy weet net 'okay' die kind gaan dood."* Dus het die huidige geslagtelike opvoedingsprogramme nie daarin geslaag om genoeg inligting oor spesifieke onderwerpe te gee nie en stel dus nie die respondente in staat om ingeligte keuses te maak nie.

Dit wil uit die voorafgaande bespreking voorkom asof respondente 'n behoefte het om meer gedetailleerde inligting te kry rondom die gevolge van seksuele omgang en wat die invloed daarvan op hulle lewe sal wees. Deur bloot te noem dat seksuele aktiwiteite tot swangerskap en seksueel oordraagbare siektes kan lei, is nie volgens die respondente genoeg nie. Daar moet inligting aan hulle gegee word oor die presiese gevolge vir 'n adolessent as sy byvoorbeeld swanger raak. Die navorser het in die praktyk gesien dat meisies wat swanger raak, nie kan verstaan hoekom

hulle nie hulle babas in die kindershuis kan grootmaak nie en dat dit ook hulle vriende ontstel. Hierdie meisies kon daarby baat gevind het om tydens geslagtelike opvoedingsprogramme inligting te kry oor die wetlike aspekte van 'n sorgbehoewende kind wat swanger raak en hoe dit die ongebore baba sal beïnvloed.

#### **4.4.2.2 Behoeftes aan nuwe onderwerpe**

Respondente se behoefte aan nuwe inligting sluit ook 'n behoefte in dat ander onderwerpe tydens geslagtelike opvoedingsprogramme bespreek moet word. Hierdie onderwerpe sluit sosiale kwessies soos verkragting en seksuele misbruik asook inligting rondom seksuele omgang in.

Uit die voorafgaande besprekings het dit duidelik geword dat die skool en die kindershuis gewoonlik dien as formele geslagtelike opvoedingsbronne by die adolessent in die kindershuis en dat geslagtelike opvoedingsprogramme gewoonlik by hierdie twee instansies bygewoon word. By beide instansies word daarop gefokus om die adolessent te waarsku oor die gevolge van seksuele omgang en ook om inligting te gee oor hoe die adolessent haarself teen die gevolge kan beskerm.

Verskeie respondente het die behoefte aangedui om meer inligting rondom sosiale kwessies soos verkragting en seksuele misbruik te kry. Een respondent het verduidelik dat sy glo kinders wil meer inligting kry rondom die redes hoekom kinders verkrag word. Dit wil voorkom asof die respondente 'n behoefte het om meer inligting te bekom oor hoe om hulleself teen verkragting of seksuele misbruik te beskerm. *“Ek dink hulle moet oor die goed self praat, soos hulle moet praat oor ‘rape’ en hoe kan dit gebeur as jy wat doen en wat doen en hoe kan jy gemolesteer word...”*.

Indien die kind se eie geskiedenis van misbruik in ag geneem word, wil dit voorkom asof hierdie onderwerp selfs terapeutiese behandeling kan word. Dit is egter die respondente se behoefte dat geslagtelike opvoedingsprogramme ook aan hierdie onderwerp aandag skenk.

Respondente het ook die behoefte aangedui om meer inligting te kry rondom seksuele omgang, maar dat hulle soms te skaam sal wees om inligting hieroor te vra. Dit wil uit respondente se kommentaar voorkom dat hierdie vrae rondom seksuele omgang ontstaan uit die kennis wat hulle bekom vanuit die portuurgroep se seksuele aktiwiteite asook uit die media en dat die portuurgroep se optrede ook by hulle 'n behoefte laat ontstaan dat meer inligting rondom seksuele omgang verskaf moet word. Een respondent noem dat kinders die volgende wil weet: *“Hoe dit gebeur, presies hoe dit gebeur... Hulle wil letterlik weet watse ‘sound’ het jy gemaak, wat jy aangehad het, hoe donker was dit, waar, watse tyd, watse dag, watse sekond”*. Dit dui daarop dat adolessente werklik 'n groot behoefte het om gedetailleerde inligting oor seksuele omgang te verkry, moontlik aangesien daar nooit werklik vir hulle hiervan vertel word nie. 'n Ander respondent verduidelik dat die portuurgroep soms hulle seksuele aktiwiteite op 'n manier toepas wat nie vir haar aanvaarbaar is nie en voel daarom dat adolessente meer inligting rondom seksuele omgang moet kry. Sy noem dat die volgende inligting vir adolessente gegee moet word en verskaf ook redes hiervoor: *“Hoe hulle dit moet ‘experience’... en op watse ouderdom moet hulle dit doen, want hulle doen dit sommer wanneer hulle wil, en in watse plek, want van die mense doen dit sommer op partytjies in ander mense se huise en dis nie mooi nie en voor alma!”*.

Die navorser is van mening dat die bogenoemde stellings daarop dui dat die respondente 'n behoefte het om inligting te bekom oor seksuele omgang, sodat hulle beter besluite rondom die uitvoer van seksuele aktiwiteite kan maak indien hulle verkies om die waarskuwings te ignoreer. Dit het ook duidelik geword dat, ten spyte van pogings in geslagtelike opvoedingsprogramme om adolessente te oorreed om nie te gou in seksuele verhoudings betrokke te raak nie, die meeste adolessente steeds in hierdie verhoudings betrokke sal raak: *“...die meeste van die kinders as ons na die tyd [na geslagtelike opvoedingsprogramme] oor sulke goed praat dan lag die kinders en sê ja, wat help dit die mense kom sê hoor hier moet dit nie doen nie, want ek weet die naweek gaan ek dit doen...”*.



#### 4.4.3 Behoefte aan praktiese deelname en visuele inligting

Newman en Newman (in Thom *et al.*, 1998:547) noem dat adolessente die behoefte het om deur die portuurgroep goedgekeur te word en dus makliker konformeer tot wat die portuurgroep verwag. Net so is die adolessent volgens die navorser ook geneig om meer aandag te gee aan aktiwiteite wat aangebied word op 'n manier wat vir die portuurgroep aanvaarbaar is. Respondente in hierdie studie het dit duidelik gemaak dat geslagtelike opvoedingsprogramme baie keer nie daarin slaag om die portuurgroep se goedkeuring te kry nie en dat hierdie programme op ander maniere aangebied moet word wat meer geskoei is op die ontwikkelingsvlak van die adolessent. Dit het uit die respondente se kommentaar voorgekom dat hulle soms verveeld geraak het met die wyse van aanbieding tydens formele geslagtelike opvoedingsprogramme.

Die navorser se doel in hierdie studie was om te bepaal wat die respondente se behoeftes rondom die aanbieding van geslagtelike opvoedingsprogramme is. Om hierdie inligting te verkry, is daar tydens onderhoude ook op die volgende aspekte gefokus:

- wat respondente nie geniet het van vorige programme wat hulle bygewoon het nie;
- wat interessant was van vorige programme wat hulle bygewoon het; en
- die respondente se voorstelle vir maniere wat hierdie programme aangebied kan word om hulle belangstelling te hou.

Tabel 7 gee van die respondente se uitlatings oor die bogenoemde aspekte van geslagtelike opvoedingsprogramme.

Respondente het verder aangedui dat geslagtelike opvoedingsprogramme ook interessant was wanneer die inligting in die vorm van speletjies en aktiwiteite aangebied is waaraan al die groeplede kon deelneem. Dit is dus duidelik dat respondente 'n behoefte het dat geslagtelike opvoedingsprogramme op 'n praktiese manier aangebied moet word waar hulle die kans kry om deel te neem aan verskillende aktiwiteite en dat visuele hulpmiddels soos prente, videos en foto's gebruik kan word om die respondente se belangstelling te hou.

Tabel 4.3: Respondente se behoeftes aan praktiese deelname en visuele inligting

VRAE	RESPONDENTE SE OPINIES
<p><b>Wat van vorige programme wat jy bygewoon het was nie interessant nie?</b></p>	<p><b>Respondent B:</b> “Dat hulle die heel tyd praat ... dan raak almal aan die slaap”.</p> <p><b>Respondent C:</b> “Hulle praat te veel tannie, dan kom hulle nie by die punt uit waar hulle wil uitkom nie”.</p> <p><b>Respondent F:</b> “...en hulle het niks gewys nie, hulle het letterlik net daar gestaan en gelees.”</p> <p><b>Respondent G:</b> “Baie gepraat”. “Ja dis ‘boring’” “Om die heel tyd op een toon te praat...”</p> <p><b>Respondent J:</b> “Ek het geïrriteerd geraak toe hulle die hele tyd so praat by die kinderhuis, aanhou praat en praat en praat...”.</p>
<p><b>Wat van vorige programme was interessant en het jou belangstelling gehou?</b></p>	<p><b>Respondent B:</b> “Hulle het die goeters gebring ... ja, hulle het dit soos in water gedruk...” “...en dat hulle goeters omgestuur het by die kinders. Soos ‘tampons’ en daai goeters, hoe dit opgeswel word”.</p> <p><b>Respondent F:</b> “Dat hulle dit fisies wys, hulle staan nie net daar voor met ‘n boek en lees vir ons nie. “ “Hulle het dit vir ons met prente gewys. En soos maandelikse goeters, het hulle die ding gevat. Hulle het soos ‘n modelding gehad en vir ons gewys hoe werk dit.” “Daai een keer, hierso, toe hulle die fisiese goed gehad het, ... hulle was lewendig, ... of net ‘n video sal selfs interessant wees.”</p> <p><b>Respondent G:</b> “Foto’s vir my gewys..., net dat ‘n mens dit kan sien, hoe dit lyk” “Om ‘n ‘movie’ vir my te wys en om foto’s te wys.”</p>
<p><b>Hoe kan hierdie inligting vir kinders gegee word om dit vir hulle interessant te maak en hulle belangstelling te hou?</b></p>	<p><b>Respondent C:</b> “.. hulle kan ander goed gebruik en hulle kan vir ons verduidelik... hulle kan prente gebruik, ...hulle kan vir ons voorbeelde gee van TV af”.</p> <p><b>Respondent G:</b> “Om vir ons ‘n klein ‘show’ op te sit”.</p>

#### 4.4.4 Behoefte aan jonger aanbieders van programme


Die ontwikkelingsfase waarbinne die adolessent verkeer, word gekenmerk deur die bevraagtekening van waardes en reëls van die ouers en die adolessent wat meer betrokke raak by die portuurgroep en wegbeweeg van die ouers (Thom *et al.*,

1998:450). Die navorser is van mening dat die adolessent nie slegs die waardes en reëls van die ouers bevraagteken nie, maar wel die waardes en reëls van die meeste gesagsfigure, wat byvoorbeeld onderwysers ook insluit. Die navorser ervaar in die praktyk dat die adolessent in die kindershuis dikwels ook meeste volwasse gesagsfigure se waardes bevraagteken. Dit sluit die huisouers, kampusbestuurder, kinderversorgers en soms ook die maatskaplike werker in.

Verskeie respondente het genoem dat hulle verkies dat geslagtelike opvoedingsprogramme deur jonger persone aangebied moet word. Oor die algemeen is jonger persone deur die respondente beskryf as persone tussen 20 en 35, alhoewel daar hier ook afwykings was. Die meeste respondente het gevoel dat ouer persone nie in staat is om op hulle ontwikkelingsvlak met hulle te kommunikeer nie. Een respondent verduidelik haar behoefte aan jonger aanbieders soos volg: *“Ek wil nie hê ‘n ou ouma moet kom en my aan die slaap praat nie”*. Respondente het ook gevoel dat hulle ongemaklik sal wees om by ouer persone vrae oor seksuele sake te vra.

Respondente het oor die algemeen die gevoel dat ouer persone nie hulle leefwêreld verstaan nie. *“Die grootmense, hulle weet nie hoe ons voel nie”*. Verder het respondente gevoel dat ouer persone nie ingestel is op die behoeftes van die adolessent nie: *“...want grootmense praat net van die ou dae en dink nie aan nou nie.”*

Dit is belangrik om in ag te neem dat daar wel respondente was wat gevoel het dat ouer persone eerder die geslagtelike opvoedingsprogramme moet aanbied. Sommige respondente het gevoel dat ouer persone die regte antwoorde op vrae rondom seksuele sake kan gee, terwyl ander respondente gevoel het dat die ouderdom van die aanbieders van geslagtelike opvoedingsprogramme nie ‘n verskil sal maak nie. Figuur 3 gee ‘n statistiese aanduiding van die respondente se gevoelens rondom die ouderdom van die aanbieders van geslagtelike opvoedingsprogramme.



**Figuur 4.3: Behoeftes rondom die ouderdom van aanbieders (N = 11)**

Figuur 3 toon duidelik aan dat die meeste respondente verkies om inligting rondom seksuele sake by jonger persone te kry. Die ouderdom van die aanbieders van geslagtelike opvoedingsprogramme moet dus in ag geneem word tydens die ontwikkeling van hierdie programme.

Sekere respondente verkies om inligting by die portuurgroep te kry en noem dat "...hulle eie ouderdom mense..." die regte antwoorde oor seksuele sake sal kan gee. Wodarski en Wodarski (1995:19) noem dat portuurgroepopleiding positief aangewend kan word aangesien die portuurgroepopvoeder gesien kan word as 'n meer betroubare bron van inligting en ook meer geneig sal wees om te kommunikeer in taal wat deur die portuurgroep verstaan word. Hieruit word dit ook duidelik dat die portuurgroep dalk inligting kan verskaf op 'n manier wat meer verstaanbaar is vir die adolessent en hierdie is ook 'n behoefte wat deur die respondente geïdentifiseer is.

#### 4.4.5 Behoefte aan eenvoudige inligting

Sommige respondente het die behoefte aangedui dat geslagtelike opvoedingsprogramme eenvoudige inligting moet bevat wat maklik deur die adolessent verstaan sal word. Een respondent verduidelik dat aanbieders van hierdie programme die inligting op so 'n wyse aanbied dat dit vir die kind algemene kennis word. "*Hulle moet dit 'common sense' maak vir die kinders tannie, hulle moet*

*dit maklik maak*". Verskeie respondente het ook verduidelik dat die aanbieders van geslagtelike opvoedingsprogramme soms terme gebruik wat die kinders nie verstaan nie. Indien die respondente nie die inligting verstaan wat aangebied word nie, kan daar nie verwag word dat die respondente hierdie inligting in ag moet neem wanneer hulle keuses rondom hulle eie seksuele gedrag moet maak nie.

Respondente is nie altyd gemaklik om te vra wanneer hulle nie verstaan nie aangesien hierdie programme gewoonlik in groepsverband aangebied word en hulle nie hulleself voor die portuurgroep wil blootstel nie. Van der Merwe (2002:24) noem dat die portuurgroep aan die adolessent terugvoering bied oor sy opinies en idees. Indien die respondent dan 'n vraag voor die portuurgroep sou vra, stel sy haarself in die posisie om deur die portuurgroep geoordeel te word en moontlik dat haar idees deur die portuurgroep verwerp kan word.

Die adolessent in die kindershuis is ook dikwels blootgestel aan gedepriveerde omstandighede en min stimulerings en dit het 'n invloed op die adolessent se begrip van die wêreld om haar en hoe sy probleme en uitdagings benader. Die navorser is van mening dat haar gedepriveerde agtergrond ook 'n bydrae kan lewer in haar onvermoë om sekere konsepte en terme te verstaan.

#### **4.4.6 Behoefte aan die afwesigheid van die teenoorgestelde geslag**

Van der Linde (2000:49) is van mening dat die mens 'n verhoudingswese is en dat die adolessent in verhouding tot homself en ander staan. Een van die belangrikste tipe verhoudings tydens adolessensie is die verhoudings wat tussen lede van die teenoorgestelde geslag ontwikkel (Thom *et al.*, 1998:461). Dit het uit die respondente se aanmerkings duidelik geword dat die opinies van die teenoorgestelde geslag vir hulle baie belangrik is en dat hulle altyd bewus is van hoe seuns hulle beoordeel. Alle respondente het gevoel dat die twee geslagte tydens geslagtelike opvoedingsprogramme geskei moet word. Die respondente het aangedui dat hulle ongemaklik gevoel het wanneer seuns met die bespreking van onderwerpe soos menstruasie teenwoordig was en dat hulle die gemaklikste was wanneer daar nie seuns teenwoordig was nie. Slegs twee respondente het aangedui dat seuns wel kan by wees tydens hierdie programme afhangende van die onderwerpe wat

bespreek word. Beide hierdie respondente het gevoel indien daar inligting gegee word oor die vroulike liggaam of die manlike liggaam moet die teenoorgestelde geslag nie teenwoordig wees nie, maar stem saam dat wanneer inligting oor seks gegee word, beide geslagte teenwoordig kan wees.

Die meeste respondente het ook aangedui dat die aanbieders van geslagtelike opvoedingsprogramme dieselfde geslag moet wees as die kinders wat hierdie programme bywoon. *“’n Seun moenie na die meisies toe gaan en sê moenie dit en dit... want al die meisies sal net afkyk”*. Respondente het verder verduidelik dat hulle ongemaklik gevoel het wanneer lede van die teenoorgestelde geslag hierdie tipe programme aangebied het.

Die respondente is dus baie selfbewus om inligting rondom hulle liggame in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag te kry, hetsy dit die aanbieder of selfs lede van die portuurgroep is. Die meeste respondente wou geen inligting rondom enige seksuele sake in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag hê nie.

#### **4.5 UNIEKE BEHOEFTE VAN DIE ADOLESSENT IN DIE KINDERHUIS**

Hierdie studie het verskeie behoeftes van adolessente dogters in die kinderhuis rondom geslagtelike opvoedingsprogramme duidelik gemaak. Deur die semi-gestruktureerde onderhoude het dit duidelik geword dat die respondente behoeftes het aan nuwe inligting tydens geslagtelike opvoedingsprogramme, maar ook graag sekere keuses rondom hulle betrokkenheid by hierdie programme wil hê. Respondente het ook sekere vereistes gehad rondom die moeilikheidsgraad van die inligting wat tydens geslagtelike opvoedingsprogramme aangebied word. Respondente se behoeftes rondom die wyse van aanbieding van hierdie programme het ook duidelik geword asook hulle behoeftes en vereistes vir die aanbieders van hierdie programme. Die navorser is van mening dat hierdie behoeftes nie altyd uniek sal wees tot die adolessente dogter in die kinderhuis nie, maar ook onder ander adolessente dogters kan voorkom.

Wat wel uniek is aan die adolessente dogter in die kindershuis, is dat hulle aan baie meer geslagtelike opvoedingsprogramme en –geleenthede blootgestel word aangesien hierdie dogters programme bywoon by die skool en kindershuis en dan ook soms geslagtelike opvoeding by hulle eie ouers, huisouers en maatskaplike werkers kry. Die blootstelling van die adolessente dogter in die kindershuis aan geslagtelike opvoeding is dus baie groot en kan bydra tot die gevoelens dat inligting gereeld herhaal word. Die behoefte aan nuwe inligting kon hieruit ontstaan het.

Nel (2004:48) is van mening dat die kind in die kindershuis haar identiteit kan verloor wanneer daar op die groep as geheel gefokus word. Die kind in die kindershuis kry nie baie geleentheid om keuses te maak en beheer te neem oor haar daaglikse aktiwiteite nie. Die behoefte aan keuses kan volgens die navorser die gevolg wees van hierdie magteloosheid waaraan die adolessent binne die kindershuissisteem blootgestel word.

Volgens Van der Merwe (2002:22) toon kinders in kindershuise dikwels swak skoolprestasies ten spyte van gemiddelde en bogemiddelde intelligensie. Sy voer aan dat die redes hiervoor kan wees dat die kind in die kindershuis dikwels uit swak ekonomiese omstandighede kom waar min geleenthede en basiese dienste beskikbaar was en dat die kind dan ook dikwels in die kindershuis aan swak stimulasie blootgestel word. Die adolessente in die kindershuis se kognitiewe vermoëns is dikwels beperk as gevolg van die trauma waaraan hulle voor die opname in die kindershuis blootgestel is. Die navorser is van mening dat sekere adolessente se onvermoë om terme en konsepte van geslagtelike opvoeding te verstaan, die gevolg kan wees van hierdie kognitiewe beperkings, alhoewel dit nie veralgemeen kan word nie. Tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme is dit egter nodig om die adolessent in die kindershuis se kognitiewe vermoëns in ag te neem en ook bewus te wees van die gedepriveerde omstandighede waaraan hulle dikwels voor opname blootgestel was.

Tydens die onderhoude is addisionele temas deur die respondente geïdentifiseer wat ook aandag kan geniet tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme. Hierdie temas sal nou kortliks bespreek word.

## 4.6 ADDISIONELE TEMAS

Die fokus van hierdie studie was om die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis in terme van geslagtelike opvoeding te bepaal. Die voorafgaande bespreking het die behoeftes wat tydens die empiriese ondersoek geïdentifiseer is, verduidelik. Daar is egter verskeie ander temas geïdentifiseer wat nie as behoeftes geklassifiseer kan word nie, maar wat ook in ag geneem kan word tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme vir die adolessente dogter in die kindershuis. Figuur 4 gee 'n skematiese voorstelling van hierdie temas.



*Figuur 4.4: Addisionele temas rondom geslagtelike opvoeding*

### 4.6.1 Eie ervarings

'n Groot persentasie van adolessente in die kindershuis is blootgestel aan seksuele misbruik voor verwydering en dit het as redes gedien vir die verwydering van die kind



uit die kerngesin. Sekere respondente het genoem dat geslagtelike opvoedingsprogramme ongemaklik kan wees vir adolessente wat self aan seksuele misbruik blootgestel is. “...van die kinders was ge-‘rape’ en dan dink hulle mos terug, en dan maak dit hulle seer”. Dus is dit nodig dat aanbieders van hierdie programme sensitief moet wees vir die kind in die kinderhuis se agtergrond en eie trauma. Meer aandag aan die respondente se gevoelens hieroor sal by punt 4.6.4 gegee word.

Respondente het ook ‘n behoefte uitgespreek dat die aanbieders van hulle eie seksuele ervarings moet deel tydens die aanbieding van geslagtelike opvoedingsprogramme. Hulle het aangedui dat hulle meer sal leer indien daar mense is om voorbeelde te noem van wat in hulle eie lewens gebeur het en ook dat hulle uit ander se foute sal kan leer. “Mense wat dit al ge-‘experience’ het... wat hierdie seksuele goed al ge-‘experience’ het”. Dus wil die respondente eerder uit ander se ervarings leer en sal hulle die inligting meer geloofwaardig beskou indien dit verbind kan word met ‘n spesifieke persoon.

#### 4.6.2 Vertroulikheid

Respondente het verskeie kere genoem dat hulle nie altyd gemaklik is om met spesifieke persone oor seksuele sake te praat nie, aangesien hulle van mening is dat inligting nie altyd konfidensieël behandel word nie. Hierdie persone sluit huisouers (“Ek sal altyd na my maatskaplike werker kom want ek het al huisma’s gevang wat van die kinders skinder”), maatskaplike werkers (“Want van die kinders hou nie daarvan om sulke goed te ‘discuss’ met [maatskaplike werkers] nie, want van die kinders se maatskaplike werkers gaan vertel sommer vir al die maatskaplike werkers en vir [ander personeellede].”) en onderwysers (“...want hulle ‘trust’ nie die juffrouens nie en miskien gaan hulle dit ok uitvertel”) in.

Sommige respondente het ook genoem dat hulle nie tydens geslagtelike opvoedingsprogramme sal deelneem aan die programme nie aangesien die ander kinders betrokke in die programme persoonlike inligting buite die groep kan vertel. Vertroulikheid is dus vir die respondente baie belangrik en maniere om vertroulikheid

te verseker, sal in ag geneem moet word tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme.

#### 4.6.3 Aanbieder se verhouding met die respondent

'n Verdere aspek wat in ag geneem moet word tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme, is die aanbieder se verhouding met die respondent. Sommige respondente sal meer gemaklik voel om vrae oor seksuele sake by vreemdelinge te vra, terwyl ander weer gemakliker sal voel by bekende persone. Daar bestaan egter nie 'n algemene tendens onder die respondente oor hulle keuses in hierdie verband nie. Die navorser is van mening dat die respondent se agtergrond, persoonlike trauma en persoonlikheid 'n rol speel in haar keuse tussen vreemdelinge en bekende persone as aanbieders van geslagtelike opvoedingsprogramme. Die respondente se keuse in dié verband moet respekteer word.

Respondente het ook unieke behoeftes in terme van die wyses waarop hulle hierdie inligting wil kry, met ander woorde op individuele basis of in groepverband. By die kinderkuis kan daar moontlik vir respondente in dié verband 'n keuse gegee word. *“Hulle moet 'n lys omstuur en dan moet hulle sê die kinders moet hulle name opgee as hulle wil in 'n groep wees, dan moet hulle die name by die groep opgee, as hulle wil alleen wees dan moet hulle die name alleen opgee.”*

#### 4.6.4 Houdings van aanbieders

Die navorser is van mening dat die adolessent in die kinderkuis gereeld gestigmatiseer word. Dit gee aanleiding tot 'n sensitiwiteit vir buitestaanders se persepsies van haar. *“Hulle moet oor alles praat, maar hulle moenie soos in maak asof dit met die kinders gebeur het nie, hulle moet maak asof dit nie met die kinders gebeur het nie, asof dit buitekant gebeur”*. Hierdie respondent was baie sensitief vir buitestaanders se nie-verbale boodskappe en het haar eie afleiding gemaak rondom die buitestaanders se persepsies van haar.

Verskeie respondente het aangedui dat hulle tydens vorige geslagtelike opvoedingsgeleenthede deur persone wat nie aan die kindershuis verbonde is nie, gevoel het asof hulle omstandighede, persoonlike traumas en agtergrond deur die aanbieders blootgestel word. *“Party keer tannie, dan praat hulle, dan vra hulle die kinders vrae, né tannie, en dan wil die kinders dit nie antwoord nie, né tannie, soos laas jaar toe vra hulle die kinders was hulle gemolesteer en goed soos dit en die kinders wou dit nie geantwoord het nie, maar hulle moes maar net geantwoord het”*. Dit is duidelik dat hierdie respondent se ongemaklikheid met die geslagtelike opvoedingsprogram baie te doen het met die feit dat die kinders nie ‘n keuse gehad het rondom die antwoord van persoonlike vrae nie. Die navorser is van mening dat respondente dalk kan aanneem hulle het nie ‘n keuse in die antwoord van sekere persoonlike vrae nie en dat die bogenoemde uitlating deur die respondent haar eie perspektief op ‘n situasie was. Verskeie respondente het hulle ongemak aangedui met die vrae van persoonlike vrae tydens geslagtelike opvoedingsgeleenthede. Hierdie uitlating dui egter daarop dat respondente tydens die geslagtelike opvoedingsprogramme nie volkome bemaagtig en gemaklik is om hulle eie keuses te maak nie.

#### 4.6.5 Houding van die portuurgroep

Volgens Peacock (2001:35) het die portuurgroep ‘n groot invloed op die adolessent se keuses rondom seksuele aktiwiteite. ‘n Respondent verduidelik die portuurgroep se houding rondom seksuele aktiwiteite en die rede hoekom kinders ten spyte van al die inligting oor die gevare van seksuele omgang steeds in seksuele verhoudings betrokke raak, soos volg:

Die tyd dat hulle so almal in seks is, hier in, om eerlik te wees, né tannie, hierdie Dinsdag... ons was ‘n [groot] groep meisies..., daar was twee meisies wat hierdie naweek ‘n ‘threesome’ gehad het, en hulle ... hulle het dit so in detail vertel. Deesdae soos as jy ‘n kort rompie by die skool het is jy ‘cool’, en nou meeste van die kinders, as jy seks het is jy ‘cool’, as jy nie meer ‘n ‘virgin’ is nie, is jy ‘cool’, al die ‘nerdies’ in die skool is ‘virgins’.

Dit is duidelik dat die portuurgroep nie noodwendig die adolessent aanvaar indien sy nie ook betrokke raak in seksuele verhoudings nie. Van der Merwe (2002:25) noem ook dat die adolessent in die kindershuis nie oor die egokragte beskik om negatiewe groepsdruk te weerstaan nie en gee maklik toe aan die groep. Geslagtelike opvoedingsprogramme vir die adolessent in die kindershuis sal dus spesifieke aandag moet gee aan die swak vermoë van die adolessent om groepsdruk te weerstaan.

#### **4.6.6 Bronne van geslagtelike opvoeding by die kindershuis**

Die meeste respondente het gevoel dat maatskaplike werkers en huisouers, veral huismoeders vir die adolessent by die kindershuis kan vertel van seksuele sake. Min respondente het meer as waarskuwings by huismoeders gekry rondom seksuele aktiwiteite. Huisouers van Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis het geen verpligting in dié verband nie en kry slegs opleiding rondom die profiel van 'n kindershuiskind om die kind se seksuele gedrag beter te verstaan (Van Zyl, 2006). Die navorser is na die studie steeds van mening dat hierdie 'n leemte is aangesien die huisouer beskikbaar is om vrae te beantwoord op 'n meer informele en nie-bedreigende manier. Die verhouding van die adolessent met die huismoeder of maatskaplike werker speel ook 'n groot rol en soos daar reeds verduidelik is, voel sommige adolessente dat hulle nie die bogenoemde persone kan vertrou om inligting vertroulik te hou nie. Die kindershuissisteem maak dit vir personeellede moeilik om inligting werklik vertroulik te behandel aangesien hulle soms verplig word om sekere insidente aan te meld in vergaderings en by verskillende personeellede betrokke by die kind.

#### **4.7 SAMEVATTING**

Die fokus van die studie was om die behoeftes van adolessente dogters in die Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis in terme van geslagtelike opvoeding te bepaal. Uit empiriese data wat verkry is deur semi-gestruktureerde onderhoude, is verskeie behoeftes en temas identifiseer wat in ag geneem kan word by die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme vir die adolessente dogter in die kindershuis. Die navorser beleef dat die respondente se behoeftes werklik in hierdie studie na vore gekom het, asook dat addisionele temas wat geslagtelike

opvoedingsprogramme kan verbeter, geïdentifiseer is. Alhoewel al die behoeftes wat na vore gekom het nie noodwendig uniek is aan die adolessent in die kindershuis nie, kan die geïdentifiseerde behoeftes met die nodige agtergrondskennis van die unieke behoeftes van kindershuiskinders in ag geneem word om effektiewe geslagtelike opvoedingsprogramme vir adolessente dogters in die kindershuis te ontwikkel.

In die volgende hoofstuk sal 'n samevatting van die hele navorsingsverslag verskaf word en gevolgtrekkings en aanbevelings sal na aanleiding van die studie gemaak word.

## HOOFSTUK 5

### SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 5.1 INLEIDING

Die adolessent in die kindershuis het dikwels unieke behoeftes as gevolg van die trauma waaraan sy blootgestel is. Hierdie unieke behoeftes beïnvloed alle aspekte van die adolessent se ontwikkeling en moet in ag geneem word tydens die ontwikkeling van programme wat op die adolessent in die kindershuis gerig is.

Die kindershuissisteem bied unieke uitdagings aan die adolessent aangesien sy binne die sisteem sekere beperkinge ervaar in terme van materiële en sosiale behoeftes. Die adolessent in die kindershuis word egter verder aan uitermatige portuurgroepdruk blootgestel aangesien die portuurgroep saam met die adolessent woon. As gevolg van die trauma en verwerping waaraan die adolessent in die kindershuis blootgestel is, is die adolessent in die kindershuis ook meer geneig om haar behoefte om te behoort by die portuurgroep te vervul en dus ook meer afhanklik van die aanvaarding van die portuurgroep.

Kindershuiskinders is in baie gevalle blootgestel aan swak grense op verskeie gebiede en dit lei daartoe dat die kind in die kindershuis baie kwesbaar is om op 'n vroeë ouderdom in seksuele verhoudings betrokke te raak. Die Abraham Kriel Maria Kloppers Kindershuis bied geslagtelike opvoedingsprogramme aan vir alle kinders in die kindershuis. Hierdie programme het egter nog nooit die behoeftes van die adolessent in die kindershuis in ag geneem nie. Daar bestaan leemtes in die literatuur rondom die unieke behoeftes van die adolessent in die kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding.

Die doel van hierdie studie was om die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding te bepaal. Die ondersoek het sekere insigte na vore gebring wat as 'n kennisbasis vir die ontwikkeling van nuwe geslagtelike opvoedingsprogramme in die kindershuis kan dien.

In hierdie hoofstuk word elke hoofstuk in die navorsingsverslag saamgevat en toepaslike gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak. Daar sal verder aangedui word tot watter mate die doel en doelwitte van die ondersoek bereik is ten einde die navorsingsvraag te beantwoord.

## 5.2 HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING

### 5.2.1 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gebied van die navorsingsmetodiek wat gedurende die studie gebruik is en daar is verder aandag gegee aan die verloop van die navorsing. Die volgende aspekte het aandag geniet:

- Die probleem is geformuleer.
- Die doel en doelwitte van die studie is bespreek.
- 'n Navorsingsvraag is na aanleiding van die doel en doelwitte geformuleer.
- Die geskikte navorsingsbenadering vir die studie is bespreek.
- Die tipe navorsing, navorsingsstrategie en navorsingsprosedure is bespreek.
- Die voorondersoek is bespreek met spesifieke verwysing na die uitvoerbaarheid van die ondersoek en die toetsing van die onderhoudskedule.
- Die universum is saam met die wyse van steekproeftrekking omskryf.
- Die navorser het verwys na etiese kwessies tydens die ondersoek.
- Die hoofkonsepte is gedefinieer.
- Verwysing is gemaak na die leemtes van die ondersoek.
- Die indeling van die navorsingsverslag is uiteengesit.

### 5.2.2 Gevolgtrekkings

Tydens hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van die kwalitatiewe navorsingsbenadering. Die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding is kwalitatief ondersoek.

Hierdie benadering was gepas vir die doeleindes van die ondersoek aangesien dit daartoe bygedra het dat daar 'n groter begrip ontwikkel is vir die behoeftes van die adolessent in die kindershuis in terme van geslagtelike opvoeding. Die respondente se persoonlike belewenisse is deur middel van kwalitatiewe dataversamelingsmetodes ondersoek. Die navorser het tydens die studie semi-gestruktureerde onderhoudsgebruik om data in te win. Die onderhoud het gefokus op die adolessente se positiewe en negatiewe belewenisse van vorige geslagtelike opvoedingsprogramme, asook om die adolessent se voorkeure in terme van die aanbieding van hierdie programme te bepaal. Hierdie dataversamelingsmetode was voordelig aangesien dit deur die opstel van 'n onderhoudskedule op spesifieke onderwerpe kon fokus, maar steeds vir respondente die geleentheid kon bied om nuwe onderwerpe tydens die onderhoud bekend te stel. Dit is dus duidelik uit die bogenoemde bespreking dat die kwalitatiewe benadering geskik was vir die uitvoer van hierdie studie.

Die tipe navorsing wat gebruik was, is toegepaste navorsing. Die doel van toegepaste navorsing is om die resultate te benut in praktiese probleemsituasies. Die tipe navorsing was geskik vir hierdie studie aangesien die resultate dadelik gebruik kan word in die ontwikkeling van nuwe geslagtelike opvoedingsprogramme by kindershuise.

Tydens hierdie studie is 'n spesifieke populasie (adolessente dogters in die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis) se behoeftes in terme van 'n spesifieke sosiale kwessie (geslagtelike opvoeding) geëksploreer. As gevolg hiervan was die kollektiewe gevallestudie strategie geskik vir die uitvoering van hierdie studie. Die strategie was geskik vir die aard van die ondersoek.

As gevolg van die unieke agtergrond van die kindershuiskind asook die unieke funksionering van die kindershuissisteem, lê daar 'n verantwoordelikheid by die kindershuis om kwesbare kinders te beskerm teen onverantwoordelike seksuele gedrag. Daar word reeds by die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis programme aangebied, maar hierdie programme is nie op die behoeftes van die adolessent in die kindershuis geskoei nie. Beperkte navorsing rondom die behoeftes van adolessente in terme van geslagtelike opvoeding asook beperkte navorsing



rondom die unieke behoeftes van kinderhuiskinders in dié verband het tot gevolg dat daar geen riglyn bestaan in die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme vir die adolessent in die kinderhuis nie.

### 5.2.3 Aanbevelings

- 'n Suid-Afrikaanse kennisbasis rondom die unieke behoeftes en uitdagings van die kinderhuiskind in Suid-Afrika (wat die adolessent in die kinderhuis insluit) moet daargestel word ten einde professionele persone werksaam by kinderreise in staat te stel om 'n groter begrip vir die leefwêreld van die kinderhuiskind te ontwikkel.
- Respondente was almal van die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis. Daar word aanbeveel dat verdere studies met respondente van ander kinderreise gedoen word om sodoende 'n algemene oorsig te kry van adolessente in kinderreise se behoeftes rondom geslagtelike opvoeding.
- Semi-gestruktureerde onderhoude is suksesvol met die respondente benut en word aanbeveel om gebruik te word tydens verdere studies met kinderhuiseadolessente. Die voorafopgestelde vrae lei die navorser dat alle onderhoude dieselfde inligting dek, maar gee ook vir die adolessent vryheid om addisionele temas te identifiseer en hierdie temas kan in ander onderhoude ook verder eksploreer word.
- Alhoewel die kwalitatiewe benadering geskik was vir die ondersoek deurdat die respondente hulle eie ervarings met die navorser kon deel, kan die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering in toekomstige studies gekombineer word ten einde ook volledige kwantitatiewe inligting te bekom oor geslagtelike opvoedingsprogramme wat reeds bygewoon is. Dit kan die navorser in staat stel om die inligting wat die respondente bekend maak, in konteks met die bestaande kennis wat hulle reeds rondom die onderwerp het, te evalueer.

## 5.3 HOOFSTUK 2: ONTWIKKELINGSBEHOEFTE VAN ADOLESSENTE

### 5.3.1 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die adolessent se ontwikkeling in die verskillende ontwikkelingsareas bespreek. Die identiteitsontwikkeling, fisieke ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en morele ontwikkeling van die adolessent is aan die hand van verskeie literatuurbronne bespreek. Die adolessent in die kinderhuis ervaar unieke uitdagings in elk van die bogenoemde ontwikkelingsareas as gevolg van die disfunksionele gesinsomstandighede waaraan sy blootgestel is voor verwydering uit die ouerhuis. Daar is ook spesifiek aandag gegee aan die ontwikkeling van die adolessent in die kinderhuis in die verskillende ontwikkelingsareas.

### 5.3.2 Gevolgtrekkings

Adolessensie word gedefinieer as die lewensfase wat 'n kind betree tussen die ouderdomme van 11 en 21 jaar waarvan die doelwit is om volwassenheid te bereik.

Die adolessent betree 'n moeilike ontwikkelingsfase wat gepaardgaan met snelle liggaamlike veranderinge, 'n verbetering in kognitiewe vermoëns en morele redenering, nuwe sosiale uitdagings en 'n behoefte om onafhanklik te raak in die soeke na 'n eie identiteit.

In die soeke na 'n identiteit eksplorieer die adolessent met verskillende identiteite en rolle en gaan dit dikwels gepaard met verwarring rondom waardes en rolle. Die adolessent begin ook in hierdie fase wegbeweeg van die ouers as gevolg van die behoefte aan meer onafhanklikheid.

Die adolessent se fisieke ontwikkeling word gekenmerk deur vinnige en omvattende liggaamlike groei asook seksuele rypwording. Adolessente reageer nie almal dieselfde op hierdie veranderinge nie. Sommige adolessente ervaar hierdie snelle liggaamlike groei as verwarrend en hulle liggaamsbeeld is vir hulle onaanvaarbaar.

Die adolessent kan egter ook positiewe gevoelens oor haar liggaam se veranderinge ervaar.

Tydens die adolessente ontwikkelingsfase vind daar ook kognitiewe groei plaas wat die adolessent in staat stel tot meer logiese redenasies en 'n beter begrip van konkrete en abstrakte begrippe. Die adolessent is ook nou in staat om vergelykings te maak en dit lei ook daartoe dat die adolessent vergelykings tussen haarself en haar portuurgroep maak wat kan lei tot 'n groter selfbewustheid. Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling het dus ook 'n merkbare invloed op haar sosiale ontwikkeling.

Die adolessent beweeg weg van die ouers af en die portuurgroep se goedkeuring en aanvaarding word tydens hierdie fase baie belangrik. Die adolessent se emosionele behoeftes word ook in die portuurgroep bevredig en sy verkry 'n sin van behoort indien haar opinies en idees deur die portuurgroep belangrik geag word.

Die adolessent begin in hierdie fase ook sekere waardes bevraagteken en ander aanvaar en ontwikkel daardeur haar eie waardestelsel. Die adolessent se verhoudings met haar ouers en die portuurgroep het egter ook 'n invloed op haar morele ontwikkeling en watter waardes sy sal internaliseer.

Die adolessent in die kindershuis se ontwikkeling kan soms benadeel word as gevolg van haar unieke agtergrond asook die uitdagings wat die kindershuissisteem daarstel. Die agtergrond en trauma waaraan die adolessent in die kindershuis blootgestel is, kan 'n negatiewe invloed op die normale identiteits-, fisieke- en kognitiewe ontwikkeling hê. Die adolessent in die kindershuis se sosiale ontwikkeling verskil merkbaar van die adolessent wat in haar kerngesin grootword aangesien die biologiese ouers nie dieselfde insette kan lewer in die adolessent in die kindershuis se lewe nie. Verder is die adolessent in die kindershuis ook baie vatbaar vir portuurgroepdruk aangesien sy saam met die portuurgroep woon en ook meer op die portuurgroep moet staatmaak vir die bevrediging van behoeftes as gevolg van haar ouers se onvermoë om haar behoeftes voldoende te bevredig. Dus is daar unieke ontwikkelingsuitdagings vir die adolessent in die kindershuis.

### 5.3.3 Aanbevelings

- Intervensie by die kind in die kindershuis moet as spesialiteitsveld binne die area van gesinsorg ontwikkel word en navorsingstudies en literatuurbronne moet ontwikkel word wat spesifiek fokus op die kind in die kindershuis tydens verskillende fases van ontwikkeling asook die reaksie op trauma en die sisteem en behandeling van die kind in die kindershuis.
- Leemtes bestaan in die literatuur rondom spesifieke ontwikkelingsbehoefte van adolessente in die kindershuis. Die navorser het in praktyk ervaar dat die stigmatisering van die kind in die kindershuis tot unieke ontwikkelingsbehoefte lei. Daar bestaan dus 'n behoefte aan die ontwikkeling van literatuurbronne rondom die verskynsel van kindershuiskinders en die uitdagings en behoeftes wat hulle ervaar in hierdie unieke sisteem waarin hulle verkeer.
- Die adolessent in die kindershuis se betrokkenheid by die portuurgroep verskil van dié van die adolessent wat by haar kerngesin woon aangesien die adolessent in die kindershuis meer kontak met die portuurgroep het as gevolg van die unieke sisteem waarin sy woon. Studies rondom die invloed van die portuurgroep op die kindershuisadolessent is nodig om te bepaal hoe om hierdie uitermatige blootstelling aan die portuurgroep positief te kanaliseer.
- Kennis oor die invloed van trauma op die ontwikkeling van die adolessent in die verskillende ontwikkelingsareas is belangrik om professionele persone soos maatskaplike werkers wat dienste lewer te voorsien met 'n beter begrip van die adolessent in die kindershuis se problematiek. Studies rondom die invloed van trauma op die adolessent behoort 'n omvattende beeld te gee van unieke ontwikkelingsbehoefte wanneer 'n adolessent aan trauma blootgestel is.
- Literatuur rondom die unieke verhoudings tussen adolessente in kindershuise en hulle biologiese ouers ontbreek en hierdie aspek moet ondersoek word. Dit is nodig om die komplekse verhoudings tussen die adolessent in die kindershuis en die biologiese ouer te verstaan en kan maatskaplike werkers in staat stel om ouers se ouerskapsvaardighede so te ontwikkel om in die behoeftes van die adolessent te voldoen.

## 5.4 HOOFSTUK 3: GESLAGTELIKE OPVOEDING IN SUID-AFRIKA

### 5.4.1 Samevatting

In hierdie hoofstuk is geslagtelike opvoeding omskryf en daar is gekyk na die behoefte aan geslagtelike opvoeding. Die geskiedenis van geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika is beskryf met spesifieke verwysing na die verandering van die houding van die Suid-Afrikaanse regering rondom geslagtelike opvoeding vanaf 'n houding dat geslagtelike opvoeding in skole verbied is, na 'n houding waar dit as 'n belangrike aspek en deel van die kurrikulum beskou word. Verskillende geslagtelike opvoedingsbronne in Suid-Afrika is krities bespreek. Hierdie bronne sluit in:

- lewensvaardigheidsprogramme by skole,
- mediaveldtog,
- portuurgroepopleiding, en
- opvoeding deur ouers.

Die unieke behoeftes van die kinderhuisadolessent in terme van geslagtelike opvoeding is bespreek. Daar is verder ook aandag gegee aan die tipe geslagtelike opvoeding wat die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis vir adolessente in die kinderhuis aanbied.

### 5.4.2 Gevolgtrekkings

Geslagtelike opvoeding word beskryf as die proses waardeur inligting oor voortplanting, seks en verhoudings ontvang word, maar waar daar ook daarop gefokus word om die individu in staat te stel om verantwoordelike keuses te maak. Dus moet geslagtelike opvoeding ook die kind in staat stel om selfhandhawend op te tree.

Die behoefte aan geslagtelike opvoeding ontstaan uit die feit dat meer adolessente vandag geneig is om vroeër in seksuele verhoudings betrokke te raak en die MIV/VIGS epidemie wat ook baie jongmense raak. Waar geslagtelike opvoeding voorheen in skole beperk is, beskou die Departement van Onderwys dit nou as hulle

taak om kinders op te voed in terme van seksuele sake aangesien die skool 'n kontakpunt is waar alle kinders bereik kan word. Tienerswangerskappe en MIV/VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes is 'n realiteit waarmee adolessente in vandag se samelewing moet saamleef.

Die fokus van geslagtelike opvoedingsprogramme in skole en die media is om MIV/VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes te bekamp en gee nie noodwendig die nodige inligting rondom hoe om verantwoordelike keuses te maak en selfhandhawend op te tree nie. Geslagtelike opvoedingsprogramme vorm deel van skole se lewensvaardigheidsprogram en alle skole is verplig om hierdie programme aan te bied. Die sukses van hierdie programme in skole is egter nie gewaarborg nie en daar bestaan nie spesifieke programme wat skole moet volg nie. Die Departement van Onderwys verskaf wel riglyne, maar skole het ook 'n keuse oor hoe hierdie programme aangebied kan word. Dit kan daartoe lei dat programme op maniere aangebied word wat nie die nodige resultate lewer nie.

'n Verskeidenheid programme en aktiwiteite is in die media geloods om die verspreiding van MIV/VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes te bekamp. Die media is 'n middel waardeur groot hoeveelhede jeugdige bereik kan word, maar nie alle jeugdige het toegang tot die media of stel belang daarin om na hierdie spesifieke programme te kyk nie. Die navorser is van mening dat die bombardering van jeugdige in skole met materiaal rondom MIV/VIGS hulle ook negatief kan maak daarteen om aandag aan addisionele programme in die media te skenk. Die media is wel verantwoordelik vir talle seksuele boodskappe wat daagliks uitgesaai word en die navorser is van mening dat indien die adolessent nie die nodige leiding kry nie, hierdie nie-doelbewuste seksuele boodskappe ook vir die adolessent 'n raamwerk gee waaruit seksuele aspekte benader kan word, hetsy hierdie 'n realistiese, positiewe raamwerk is of nie.

Ouers bly die primêre bron van geslagtelike opvoeding aangesien kinders nie net deur die verbale en direkte boodskappe van ouers inligting oor hierdie onderwerp kry nie, maar ook deur die implisiete, nie-verbale boodskappe wat ouers uitstuur. Die navorser is van mening dat alhoewel die ouer die beste bron van geslagtelike opvoeding vir die kind is, ouers ook soms gebrekkige kennis oor al die aspekte van

seksuele ontwikkeling het en self 'n tekort het aan die nodige vaardighede om kinders te help om verantwoordelike keuses in terme van seksuele gedrag te maak.

Die kinderhuiskind het dikwels gebrekkige bindings met betekenisvolle persone in haar lewe en dit lei soms daartoe dat sy haar behoeftes aan liefde, intimiteit en aanvaarding in seksuele verhoudings probeer vervul. As gevolg van die kinderhuiskind se unieke behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding, maak die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis voorsiening vir die aanbieding van geslagtelike opvoedingsprogramme vir alle kinders in die kinderhuis. Hierdie programme stel dit ten doel om alle inligting aan die kind te verskaf rondom seks, voortplanting, swangerskap, verhoudings en verantwoordelike besluitneming en dit word uit 'n Christelike oogpunt gedoen. Die navorser is van mening dat hierdie programme nie geskoei is op die behoeftes van die kinderhuiskind nie, maar wel op die kennis van die professionele persone wat dit aanbied. Die adolessent het 'n behoefte aan meer onafhanklikheid en aan die aanvaarding van die portuurgroep. Hierdie aspekte word nie noodwendig in ag geneem tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme in die kinderhuis nie, deurdad die adolessent nie 'n keuse het rondom die bywoning van die program, inhoud van die program of die wyse van aanbieding nie. 'n Negatiewe ingesteldheid teenoor hierdie programme kan verwag word indien die spesifieke ontwikkelingsbehoefte van die adolessent nie in ag geneem word nie.

### 5.4.3 Aanbevelings

- Resente studies rondom die redes hoekom adolessente vroeër in seksuele verhoudings betrokke raak, ontbreek en moet gedoen word ten einde maatreëls in te stel wat hierdie redes kan beperk.
- Die Departement van Onderwys verplig skole om geslagtelike opvoedingsprogramme by die kurrikulum in te sluit. Skole het egter die vryheid om self temas en studiemateriaal te identifiseer en daar is nie spesifieke voorskrifte rondom die wyse van aanbieding van hierdie programme nie. 'n Deeglike evaluering van die huidige programme wat in verskillende skole aangebied word, moet gedoen word sodat die positiewe en negatiewe aspekte

van alle programme geïdentifiseer word. Dit kan die Department van Onderwys in staat stel om riglyne rondom die aanbieding van hierdie programme op te stel wat aan skole beskikbaar gestel kan word.

- Oueropleiding ten opsigte van die geslagtelike opvoeding van hulle eie kinders word aanbeveel ten einde ouers met die vaardighede en kennis toe te rus om hulle kinders te help om verantwoordelike keuses te maak.
- Geslagtelike opvoedingsprogramme fokus grootliks op die voorkoming van MIV/VIGS en adolessente word daagliks in die media gebombardeer met waarskuwings teen die epidemie. 'n Groter fokus op ander negatiewe gevolge van seksuele gedrag ontbreek en programme in skole, kinderhuise en in die media moet uitbrei sodat meer onderwerpe volledig gedek word.
- Die adolessent se behoefte aan aanvaarding deur die portuurgroep kan veroorsaak dat sy nie verantwoordelike keuses maak nie en dieselfde gedrag as haar portuurgroep kan volg. Om dit te beperk, moet die adolessent vaardighede geleer word om selfhandhawend op te tree en ook moet 'n sin van aanvaarding van die self gekweek word. Aparte lewensvaardigheidsprogramme wat die bogenoemde bevorder, kan voor geslagtelike opvoedingsprogramme aangebied word.

## 5.5 HOOFSTUK 4: EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.5.1 Samevatting

'n Empiriese ondersoek is geloods rondom die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis in terme van geslagtelike opvoeding. In hoofstuk 4 is die empiriese bevindinge aangebied soos wat dit betrekking op die ondersoek gehad het. Die navorsingsprosedure is bespreek en daar is ook gekyk na die verskillende temas wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude na vore gekom het. Alle data is op 'n kwalitatiewe wyse ingesamel. Die data is in hierdie hoofstuk aangebied deur middel van tabelle, figure en ook deur die respondente se eie woorde aan te haal.



### 5.5.2 Gevolgtrekkings

Respondente is blootgestel aan geslagtelike opvoeding vanuit 'n wye verskeidenheid van bronne wat insluit: kinderhuise, plek van veiligheid, maatskaplike werkers, huisouers, skole, familie, vriende en die media. Die grootste bron van inligting rondom geslagtelike opvoeding was egter die skool en alle respondente het geslagtelike opvoedingsprogramme by die skool bygewoon. Tydens formele geslagtelike opvoedingsprogramme wat die adolessente dogter in die kinderhuis reeds bygewoon het, is daar grootliks gefokus op die gevolge van seksuele omgang soos swangerskap en seksueel oordraagbare siektes wat MIV/VIGS insluit. Die fokus van hierdie programme was om die respondente te waarsku teen seksuele omgang en het nie werklik enige aspekte ingesluit wat die respondente toegerus het om selfhandhawend op te tree nie. Waarskuwings is ook by informele opvoedingsgeleenthede soos byvoorbeeld deur ouers, familie of vriende gegee. Die adolessente dogter in die kinderhuis oordeel dus dat die doel tydens byna alle geslagtelike opvoedingsgeleenthede is om die adolessent te probeer oorrede om nie in seksuele verhoudings betrokke te raak nie.

Die adolessent se strewe na onafhanklikheid lei tot 'n behoefte om sekere keuses te hê of om in beheer te wees van sekere aspekte van hulle lewens. Formele geslagtelike opvoedingsprogramme gee nie aan die adolessent enige beheer nie aangesien die adolessent nie 'n keuse het rondom die bywoning van hierdie programme nie. In die kinderhuis word daar verder bygedra tot 'n gevoel van magteloosheid by die adolessent aangesien die sisteem vereis dat sekere besluite oor die adolessent se lewe geneem word waarmee sy nie noodwendig saamstem nie. Deur vir die adolessent keuses te gee, kan daar 'n gevoel van beheer en onafhanklikheid geskep word – daar kan dus keuses aan die adolessente dogter in die kinderhuis gegee word wat met geslagtelike opvoedingsprogramme verband hou.

Die adolessente dogter in die kinderhuis beleef die geslagtelike opvoedingsprogramme wat reeds bygewoon is, as vervelig en oninteressant. Die rede hiervoor kan wees dat die adolessent in die kinderhuis reeds vanaf laerskool geslagtelike opvoedingsprogramme by skole bywoon en ook soms betrek word in geslagtelike opvoedingsprogramme by die kinderhuis. Daar is 'n behoefte aan nuwe

inligting oor bestaande onderwerpe asook dat nuwe onderwerpe tydens hierdie programme bekendgestel moet word. Die adolessente dogter in die kindershuis is bewus van die moontlike negatiewe gevolge van seksuele gedrag, maar is nie altyd bewus van hoe hierdie gevolge haar lewe sal beïnvloed nie. Daar bestaan 'n behoefte om begrip te ontwikkel rondom hoe sekere gevolge van seksuele gedrag die adolessent in die kindershuis se lewe kan beïnvloed. Die behoefte om inligting rondom verkragting en seksuele misbruik te kry, kan die gevolg wees van die adolessent in die kindershuis se agtergrond en moontlike blootstelling aan seksuele misbruik.

Die adolessent in die kindershuis het nie vorige geslagtelike opvoedingsprogramme altyd positief ervaar nie aangesien hierdie programme grootliks nie op hulle behoeftes gebaseer was nie en die wyse van aanbieding het ook nie by die ontwikkelingsvlak van die adolessent aanskyn gevind nie. Die adolessent het 'n behoefte dat geslagtelike opvoedingsprogramme aangebied word op 'n interessante, praktiese, visuele en lewendige manier waar hulle ook die geleentheid het om in die proses betrokke te wees.

Tydens die adolessente ontwikkelingsfase ontstaan daar 'n groter behoefte aan onafhanklikheid en begin die adolessent wegbeweeg van haar ouers af soos wat die portuurgroep belangriker raak. Adolessente het ook 'n behoefte dat geslagtelike opvoedingsprogramme nie deur gesagsfigure aangebied moet word nie, maar eerder deur jonger aanbieders wat op die adolessent se vlak kan kommunikeer en ook die adolessent se leefwêreld kan verstaan. Die behoefte aan spesifieke aanbieders van geslagtelike opvoedingsprogramme sluit ook in 'n behoefte dat die aanbieder dieselfde geslag as die adolessent moet wees as gevolg van 'n ongemaklikheid om met die teenoorgestelde geslag oor intieme onderwerpe te praat. So ook skep dit ongemaklike gevoelens by die adolessent indien die teenoorgestelde teenwoordig is tydens die aanbieding van die programme, ongeag die geslag van die aanbieder.

Dit wil voorkom asof vorige geslagtelike opvoedingsprogramme wat deur adolessente dogters in die kindershuis bygewoon is, soms nie daarin geslaag het om die kennis van die adolessent te verbreed nie as gevolg van die moeilikheidsgraad van die inligting wat aangebied is. Die adolessent in die kindershuis voel ook soms

onaantasbaar en beskou waarskuwings oor die gevolge van onverantwoordelike seksuele gedrag nie as geloofwaardig nie. Indien aanbieders van hulle eie negatiewe ervarings deel, kan hierdie probleem moontlik aangespreek word.

Verskeie ander probleme wat uniek is aan die kinderhuissisteem, is ook tydens die studie geïdentifiseer. Hierdie probleme sluit probleme met vertroulikheid tydens geslagtelike opvoedingsprogramme in, aangesien die kinderhuissisteem soms vereis dat sekere inligting in vergaderings of in verslae bekend gemaak moet word. Die invloed van die portuurgroep op die kindhuisadolessent is reeds bespreek en dit het ook 'n invloed op die adolessent se reaksie op geslagtelike opvoedingsprogramme in die kindhuis aangesien die adolessent hierdie programme saam met haar portuurgroep moet bywoon.

Die kindhuis beskik egter ook oor positiewe kanale waardeur geslagtelike opvoeding wat op die adolessent se behoeftes kan plaasvind, geskoei is. Maatskaplike werkers en huisouers in die kinderhuissisteem kan die rol van geslagtelike opvoeders inneem en volgens die adolessente dogter in die kindhuis is hierdie die geskikte persone om geslagtelike opvoeding in die kindhuis aan te bied.

### **5.5.3 Aanbevelings**

#### ***5.5.3.1 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing***

- Die studie was waardevol aangesien dit temas geïdentifiseer het wat in verdere studies met ander groepe adolessente verder geëksploreer kan word.
- Hierdie studie het gefokus op die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindhuis en verdere studies wat fokus op die behoeftes van adolessente seuns in 'n kindhuis kan gedoen word om sodoende effektiewe geslagtelike opvoedingsprogramme te ontwikkel wat die behoeftes van adolessente dogters en seuns in ag neem.
- Aangesien daar in skole baie gefokus word op geslagtelike opvoeding en die adolessent in die kindhuis ook hieraan blootgestel word, kan studies by

betrokke skole gedoen word om te bepaal watter inligting die adolessent in die kindershuis reeds het, voor geslagtelike opvoedingsprogramme vir die kindershuis ontwikkel word.

- Navorsing rondom dieselfde onderwerp as hierdie studie is nodig met 'n groter respondentegroep wat ook adolessente wat in kerngesinne woon, insluit. Die resultate van hierdie tipe studies kan aan skole bekend gemaak word om hulle in staat te stel om hulle geslagtelike opvoedingsprogramme aan te bied op wyses wat die behoeftes van die adolessente leerders aanspreek.

### **5.5.3.2 Aanbevelings vir die personeel in 'n kindershuis**

- Die adolessent se strewe na onafhanklikheid moet in ag geneem word tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme en deur keuses aan die adolessent te bied, word daar beheer aan die adolessent gegee en haar strewe na onafhanklikheid word gerespekteer. Aangesien geslagtelike opvoedingsprogramme baie belangrik in die kindershuis is, is dit nie noodwendig moontlik om die adolessent die keuse te gee of sy hierdie programme wil bywoon nie. Keuses rondom die aanbieders, of die adolessent deel van 'n groep wil wees tydens die geslagtelike opvoedingsprogramme of eerder individueel hierdie inligting wil kry en wie deel van die groepe kan wees, kan daartoe bydra dat die adolessent meer beheer oor geslagtelike opvoedingsprogramme kan hê.
- Die adolessent beskou die huisouer of maatskaplike werker as persone wat geslagtelike opvoeding vir die kind in die kindershuis kan aanbied. Huisouers het dikwels geen formele opleiding ontvang nie en kan opleiding ontvang om adolessente se vrae rondom seksuele sake op die korrekte wyse te beantwoord.
- Tydens geslagtelike opvoedingsprogramme moet daar meer gefokus word op die aanleer van lewensvaardighede wat selfhandhawende optrede in die portuurgroep kan verseker en nie slegs daarop gefokus word om die adolessent te waarsku teen die gevolge van seksuele gedrag nie.
- Om die adolessent se behoefte aan jonger aanbieders van geslagtelike opvoedingsprogramme te bevredig, kan opleiding aan maatskaplike werk- en onderwysstudente gebied word om suksesvolle geslagtelike opvoedingsprogramme by die kindershuis aan te bied.

- Tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme moet die kognitiewe vlak van die adolessent in die kindershuis in ag geneem word en programme moet so aangepas word dat die adolessent in die kindershuis alle konsepte kan begryp en internaliseer.
- Geslagtelike opvoedingsprogramme wat fokus op die adolessent in die kindershuis moet op 'n wyse aangebied word wat die adolessent interessant vind en kan geskied deur programme op 'n lewendige, praktiese manier aan te bied. Visuele aanbiedings met prente en voorbeelde moet gebruik word. Drama en die media moet ook aangewend word om die adolessent se ontwikkelingsbehoefte aan te spreek.

## 5.6 TOETSING VAN DOEL EN DOELWITTE

### 5.6.1 Doel

*Om die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding te bepaal.*

Hierdie doel is bereik aangesien die empiriese ondersoek verskeie behoeftes van adolessente in terme van geslagtelike opvoeding identifiseer het.

### 5.6.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte is met die aanvang van die ondersoek gestel:

#### **Doelwit 1**

*Om deur middel van 'n ondersoek na bestaande bronne 'n agtergrond oor geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika te gee.*

'n Volledige literatuurstudie rondom geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika is gedoen. Die geskiedenis van geslagtelike opvoeding in Suid-Afrika en die huidige behoefte aan geslagtelike opvoeding is bespreek. Verskeie geslagtelike opvoedingsbronne in

Suid-Afrika is krities bespreek. Hierdie inligting was aanvullend tot die empiriese ondersoek.

**Doelwit 2**

*Om deur middel van 'n literatuurstudie die impak van geslagtelike opvoeding op adolessente, met spesifieke verwysing na die adolessent in die kinderhuis, te bespreek.*

Daar was nie literatuur beskikbaar rondom die impak van geslagtelike opvoeding op adolessente nie. Geen resente studies is in dié verband gedoen nie. Konsultasie met 'n kenner in die kinderhuis het egter inligting verskaf rondom die geslagtelike opvoeding van die adolessent in die kinderhuis en die redes waarom die behoefte aan geslagtelike opvoeding in die kinderhuis so groot is. Hierdie doelwit is dus slegs gedeeltelik bereik.

**Doelwit 3**

*Om 'n empiriese studie te doen oor die behoeftes van adolessente dogters ten opsigte van geslagtelike opvoeding.*

Die empiriese ondersoek het 'n in-diepte ondersoek behels met 'n groep adolessente dogters in die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinders. Semi-gestruktureerde onderhoude is tydens die empiriese ondersoek benut en het daartoe bygedra dat verskeie behoeftes wat die adolessente dogters ten opsigte van geslagtelike opvoeding het, geïdentifiseer is, asook addisionele temas wat in ag geneem kan word tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme vir die adolessent in die kinderhuis.

**Doelwit 4**

*Om na aanleiding van die bevindinge gevolgtrekkings en aanbevelings te maak in terme van die ontwikkeling van 'n geslagtelike opvoedingsprogram vir adolessente dogters in kinderhuise.*

Die navorser het gevolgtrekkings gemaak na aanleiding van die ondersoek wat plaasgevind het en hierdie gevolgtrekkings het gedui op die veranderinge wat aangebring kan word in huidige geslagtelike opvoedingsprogramme sodat die adolessente dogter in die kindershuis se behoeftes aangespreek kon word. Die gevolgtrekkings is bespreek in hierdie hoofstuk by 5.5.2. Konkrete aanbevelings is gemaak vir die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme vir adolessente dogters in kindershuise.

## 5.7 NAVORSINGSVRAAG

### Navorsingsvraag

*Wat is die behoeftes van adolessente kindershuisdogters ten opsigte van geslagtelike opvoeding?*

Die empiriese studie het verskeie behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding geïdentifiseer. Die navorsingsvraag is dus beantwoord aangesien dit duidelik uit die empiriese studie geblyk het dat adolessente kindershuisdogters unieke behoeftes in terme van geslagtelike opvoeding het.

## 5.8 SLOTOPMERKINGS

Dit blyk dat die kindershuiskind unieke behoeftes en uitdagings in alle ontwikkelingsareas ervaar en dat daar tydens intervensie met die kind in die kindershuis altyd in ag geneem moet word dat die kindershuiskind unieke uitdagings binne die sisteem ervaar en ook 'n unieke agtergrond het. Die adolessent in die kindershuis ervaar dieselfde uitdagings as 'n adolessent wat in haar kerngesin woon, maar hierdie uitdagings word vanuit 'n ander verwysingsraamwerk aangepak en ook binne 'n formele sisteem met spesifieke beperkinge aangepak. As gevolg van die unieke agtergrond van die adolessent in die kindershuis, is daar addisionele aspekte wat in ag geneem moet word tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme vir hulle. Die behoeftes van adolessente dogters in kindershuise rondom geslagtelike opvoeding is omvattend en bied ook verskeie

uitdagings aan die kindershuis om dit te bevredig. Hierdie behoeftes moet egter in ag geneem word tydens die ontwikkeling van geslagtelike opvoedingsprogramme ten einde die samewerking van die adolessente dogter in die kindershuis te verseker.



## BIBLIOGRAFIE

Asmal, K. 2004. Learning to live together in South Africa. *Education Today Newsletter* (January – March) [O]. Beskikbaar:

<http://portal.unesco.org/education/en/ev.php>

Toegang op 2006/03/04

AVERT. [Sa]. *Sex education that works*. [O]. Beskikbaar:

<http://www.avert.org/sexedu.htm>

Toegang op 2006/07/05

Babbie, E. 1998. *The Practice of Social Research*. 8<sup>th</sup> ed. Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The Practice of Social Research*. South African Edition. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Baron, R.A. 1995. *Psychology*. 3<sup>rd</sup> Edition. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Benokraitis, N.V. 2005. *Marriages and Families. Changes, choices and constraints*. Fifth Edition. Pearson Prentice Hall: New Jersey.

Berry, S. [Sa]. *HIV/AIDS Education at school*. [O]. Beskikbaar:

<http://www.avert.org/school.htm>

Toegang op 2006/04/09

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Fundamentals of social research methods: an African perspective*. 2<sup>nd</sup> ed. Cape Town: Juta.

Botha, A., Van Ede, D.M., Louw, A.E., Louw, D.A. & Ferns, I. 1998. Die kleutertydperk. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds.) *Menslike Ontwikkeling*. Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Buckingham, D. & Bragg, S. 2004. *Young people, sex and the media. The facts of life?* Hampshire: Palgrave Macmillan.

Chapin, J.R. 2000. Adolescent sex and mass media: A developmental approach. *Adolescence* (Winter2000). [O]. Beskikbaar:

[http://www.findarticles.com/p/articles/mi\\_m2248/is\\_140\\_35/ai\\_70777841/](http://www.findarticles.com/p/articles/mi_m2248/is_140_35/ai_70777841/)

Toegang op 2006/04/22

Cherlin, A.J. 2002. *Public & Private Families. An introduction.* New York: McGraw-Hill.

Departement van Onderwys. 1999. *National Policy on HIV/AIDS, for learners and educators in public schools, and students and educators in further education and training institutions.* [O]. Beskikbaar:

[http://hivaidsclearinghouse.unesco.org/ev\\_en.php?ID=1344\\_2041&ID2=DO\\_TOPIC](http://hivaidsclearinghouse.unesco.org/ev_en.php?ID=1344_2041&ID2=DO_TOPIC)

Toegang op 2006/07/08

Departement van Onderwys. 2000. *The HIV/AIDS Emergency. Guideline for educators.* [O]. Beskikbaar:

[http://hivaidsclearinghouse.unesco.org/ev.php?ID=1655\\_201&ID2=DO\\_TOPIC](http://hivaidsclearinghouse.unesco.org/ev.php?ID=1655_201&ID2=DO_TOPIC)

Deputate vir Christelike Onderwys van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2002. *Kommentaar op die manifes oor waardes, opvoeding en demokrasie.* [O]. Beskikbaar:

<http://www.gksa.org.za/co/manifesto.htm>

Toegang op 2006/07/05

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Venter, L. 2002. Quantitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Dickson-Tetteh, K. & Ladha, S. 2000. Youth Health. In Ntuli, A. (Red) *South African Health Review 2000*. Health Systems Trust. [O]. Beskikbaar:

[http://www.hst.org.za/uploads/files/chapter20\\_00.pdf](http://www.hst.org.za/uploads/files/chapter20_00.pdf).

Toegang op 2006/07/09

Dreyer, L. 2001. *Narratiewe groeps gesprekke met adolessente*. Ongepubliseerde proefskrif ter vervulling van die MA graad in Voorligtingsielkunde. Universiteit van Pretoria.

Du Plessis, L. 1999. *Mensmodellering as psigoterapeutiese intervensie by kinders in hul middelkinderjare wat seksueel gemolesteer is*. Ongepubliseerde proefskrif ter vervulling van die MA graad in Kliniese Sielkunde. Universiteit van Pretoria.

Fouché, A. 2000. *Speltegnieke in die assessering van die seksueel misbruikte swart kind*. Ongepubliseerde verhandeling ter vervulling van die MA graad in Maatskaplike Werk. Universiteit van Pretoria.

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Fouché, C.B. 2002a. Problem formulation. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Fouché, C.B. 2002b. Research strategies. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Gerdes, L.C., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Louw, D.A. 1998. Vroeë en middelvolwassenheid. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds) *Menslike Ontwikkeling*. Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Greeff, M. 2002. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Hammond, P. [Sa]. *The Criminalization of South Africa*. [O]. Beskikbaar: <http://www.frontline.org.za/articles/criminalization%20of%20south%20africa.htm>  
Toegang op 2006/07/09

Harrison, J.K. 2000. *Sex education in secondary schools*. Buckingham: Open University Press.

Hatting, A. 2006. Persoonlike onderhoud deur navorser. 9 Maart. Johannesburg.

International HIV/AIDS Alliance. [Sa]. [O]. Beskikbaar: <http://www.aidsalliance.org/sw4065.asp?usepf=true>  
Toegang op 2006/04/22

Jordaan, D. Lewensoriënteringsonderwyser, Hoërskool Vorentoe. 2006. Onderhoud deur navorser [Transkripsie]. 4 September. Langlaagte.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Agste hersiene en uitgebreide uitgawe*. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Die middelkinderjare. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds.) *Menslike Ontwikkeling*. Derde Uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Lovelife. [Sa]. *South Africa's National HIV prevention programme for young people*. [O]. Beskikbaar: [http://www.lovelife.org.za/parents/about\\_us/index.html](http://www.lovelife.org.za/parents/about_us/index.html)  
Toegang op 2006/07/05

Marais, H.C. & Bondesio, M.J. 1996. Navorsingsbestuur. In Garbers, J.G. (Red) *Doeltreffende Geesteswetenskaplike Navorsing*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds) *Menslike Ontwikkeling*. Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Miller, J. 2003. Teen Sex: The silent epidemic that's killing our kids. *The Good News. A magazine of understanding*. [O]. Beskikbaar:

<http://www.ucgstp.org/lit/gn/gn047/teensex.htm>

Toegang op 2006/04/22

Moore, N., McGlinchey, A & Carr, A. 2002. Prevention of teenage pregnancy, STD's and HIV infection. In Carr, A. (Ed) *Prevention: What works with children and adolescents? A critical review of psychological prevention programmes for children, adolescents and their families*. East Sussex: Brunner-Routledge.

Mouton, J. 1996. *Understanding social research*. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Nel, C. 2004. *Die benutting van die lewensboek binne spel terapie ten opsigte van selfblaam by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis*. Ongepubliseerde verhandeling ter vervulling van die MA graad in Maatskaplike Werk. Universiteit van Pretoria.

Neuman, W.L. 1997. *Social Research Methods. Qualitative and Quantitative Approaches*. 3<sup>rd</sup> ed. Needham Heights, M.A.: Allyn & Bacon.

Newman, P.R. & Newman, B.M. 1997. *Childhood and adolescence*. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole Publishing Company.

*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*. 1995. *Hersiene en Uitgebreide Uitgawe*. Kaapstad: CTP Book Printers (Pty) Ltd.

On-line Medical Dictionary. 12 Desember 1998. [O]. Beskikbaar:

<http://cancerweg.ncl.ac.uk/cgi-bin/omd?sex+education>

Toegang op 2006/03/06

Parrot, L. 2000. *Helping the struggling adolescent. A guide to thirty-six common problems for counselors, pastors and youth workers.* Michigan: Zondervan.

Peacock, J. 2001. *Influences on sexuality. Understanding their effects.* Minnesota: Capstone Press.

Preto, N.G. 1999. Transformation of the family system during adolescence. In Carter, B. & McGoldrick, M. (Reds) *The Expanded Family Life Cycle. Individual, Family, and Social Perspectives.* 3<sup>rd</sup> Edition. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Prinsloo, C.H., Prinsloo, R.J. & Marais, H.C. 1996. Die ontwerp en uitvoering van navorsing met die oog op implementering. In Garbers, J.G. (Red) *Doeltreffende Geesteswetenskaplike Navorsing.* Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Seydel, K. 1992. *The influence of sex education on sexual knowledge and attitudes of sexually-active adolescent schoolgirls.* Ongepubliseerde proefskrif ter vervulling van die MA graad in Sielkunde: Universiteit van Stellenbosch.

Steele, J.R. 1999. Teenage sexuality and media practice: Factoring in the influences of family, friends, and school. *Journal of Sex Research*, Nov99, 36(4): 331 – 342. [O]. Beskikbaar:

[http://home/san.rr.com/prjacoby/teenage\\_sexuality\\_and\\_media\\_practice.html](http://home/san.rr.com/prjacoby/teenage_sexuality_and_media_practice.html)

Toegang op 2006/04/22

Steenberg, E. 1995. *Die effek van 'n kreatiewe kunsteraapeutiese program op die psigologiese funksionering van kinderhuiskinders.* Ongepubliseerde verhandeling ter vervulling van die MA graad in Kliniese Psigologie: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Sternberg, R.J. 1995. *In Search of the Human Mind*. New York: Harcourt Brace & Company.

Strydom, H. 2002a. The Pilot Study. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Strydom, H. 2002b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the Social Sciences and Human Service Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Strydom, H. 2003. HIV/AIDS and South African Adolescents: Attitudes and information needs. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 39(1): 59 – 71.

Taylor, C. 2006. *Young people in Care and Criminal Behaviour*. London: Jessica Kingsley Publishers.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 1999. Histories of the present: social science research in context. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds) *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

The Children's Charter of South Africa. 1992. [O]. Beskikbaar:

<http://www.anc.org.za/misc/childcht.html>

Toegang op 2006/03/04

Thom, D.P., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Adolessensie. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds) *Menslike Ontwikkeling*. Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Thomas, R.M. 2000. *Comparing Theories of Child Development*. Fifth Edition. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. *Counselling Children*. Fifth Edition. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Toerien, M. 2001. *Die benutting van gestaltpeltherapie op die aanpassing van die middelkinderjarige-kind in 'n kindershuis*. Ongepubliseerde proefskrif ter vervulling van die MA graad in Speltherapie: Universiteit van Pretoria.

UNAIDS. 2006. *2006 Report on the global AIDS epidemic*. [O]. Beskikbaar:

[http://www.unaids.org/en/HIV\\_data/2006GlobalReport/default.asp](http://www.unaids.org/en/HIV_data/2006GlobalReport/default.asp)

Toegang op 2006/07/09

Van der Linde, E. 2000. *Maatskaplike assessering van die adolessent se seksuele kennis, -houding en -gedrag*. Ongepubliseerde verhandeling ter vervulling van die MA graad in Maatskaplike Werk: Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe, H. 1996. Die Navorsingsproses: Probleemstelling en navorsingsontwerp. In Garbers, J.G. (Red) *Doeltreffende Geesteswetenskaplike Navorsing*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Van der Merwe, M.C. 1998. *Die invloed van interpersoonlike verhoudings op die kind in die kindershuis – 'n Maatskaplikewerkperspektief*. Ongepubliseerde verhandeling ter vervulling van die MA graad in Maatskaplike Werk: Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe, M. 2002. *Die invloed van karate op die sosio-emosionele funksionering van die adolessent in 'n kindershuis*. Ongepubliseerde verhandeling ter vervulling van die MA graad in Maatskaplike Werk: Universiteit van Pretoria.

Van Schalkwyk, K.E. 2004. *Parents' views on HIV/AIDS and sexuality education in primary schools in a specific area of the Western Cape*. Ongepubliseerde



verhandeling ter vervulling van die M.Ed. graad in Opvoedkundige Sielkunde:  
Universiteit van die Wes-Kaap.

Van Zyl, M. Bestuurder Kinderdienste, Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis.  
2006. Onderhoud deur navorsers [Transkripsie]. 14 Julie. Langlaagte.

Watts, E.L. & Eggleston, L. 1999. Society's impact on adolescents and their  
sexuality. In Carroll (Red) *Using literature to help troubled teenagers cope with  
social issues*. Westport, CT: Greenwood Publishing Group, Inc.

Wikipedia. [Sa]. *Sex education*. [O]. Besikbaar:

[http://en.wikipedia.org/wiki/Sex\\_education](http://en.wikipedia.org/wiki/Sex_education)

Toegang op 2006/03/06

Wikipedia. [Sa]. *History of South Africa in the apartheid era*. [O]. Besikbaar:

<http://en.wikipedia.org/wiki/Apartheid>

Toegang op 2006/07/09

Wodarski, L.A. & Wodarski, J.S. 1995. *Adolescent Sexuality. A comprehensive  
peer/parent curriculum*. Illinois: Charles C Thomas Publisher.

**SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE**

**BEHOEFTE VAN ADOLESSENTE DOGTERS IN ABRAHAM KRIEL KINDERHUIS  
TEN OPSIGTE VAN GESLAGTELIKE OPVOEDING**

1. Waar het jy al van seks gehoor?

- |                              |                          |
|------------------------------|--------------------------|
| Skool                        | <input type="checkbox"/> |
| Programme by die kindershuis | <input type="checkbox"/> |
| Huisouers                    | <input type="checkbox"/> |
| Maatskaplike werkers         | <input type="checkbox"/> |
| Vriende                      | <input type="checkbox"/> |
| Ouers of familie             | <input type="checkbox"/> |
| Tydskrifte                   | <input type="checkbox"/> |
| TV                           | <input type="checkbox"/> |

Ander: \_\_\_\_\_

2. Wat het jy geleer van seksuele sake by hierdie mense of plekke?

3. Het jy inligting oor seksuele sake al gekry in groepe of individueel?

4. Waar het jy al die meeste inligting oor seksuele sake gekry?

5. Wanneer jy inligting by skool of kindershuis gekry het - Wat was lekker/interessant van vorige programme wat jy moes bygewoon het wat inligting gegee het rondom seksuele sake?

6. Wat was interessant of lekker van inligting wat jy nie by skool of kindershuis gekry het nie?

7. Wat het jy nie geniet van die vorige programme wat jy moes bygewoon het wat inligting gegee het rondom seksuele sake – by skool of kindershuis? Wat het jou ongemaklik gemaak?

8. Wat was dalk ongemaklik toe jy inligting by ander bronne soos vriende/tv gekry het?


9. Watter tipe inligting dink jy wil kinders hê rondom seksuele sake? Watter tipe onderwerpe dink jy moet bespreek word?
10. Wat dink jy is kinders te skaam om te vra?
11. Wie moet hierdie inligting vir kinders gee?
12. Op watter maniere moet hierdie inligting vir kinders gegee word?
13. By wie dink jy sal kinders gemaklik voel om oor seksuele sake te praat en vrae te vra?
14. Wie sal kinders glo oor seksuele sake, wie sal die regte antwoorde gee?
15. By wie dink jy sal kinders ongemaklik voel om oor seksuele sake te praat en vrae te vra?
16. Wat dink jy het vorige programme wat jy moes bywoon oor seksuele sake verkeerd gedoen wat dalk nie op 'n tiener se vlak was nie?
17. Wat dink jy het vorige programme wat jy moes bywoon oor seksuele sake reg gedoen om jou belangstelling te hou?
18. Wie dink jy moet by die kindershuis vir kinders van seksuele sake vertel?
19. Op watter manier dink jy sal dit vertel moet word?
20. Wie moet by wees as die inligting aangebied word?
21. Wie moet nie by wees nie?
22. Wie moet nie hierdie programme by die kindershuis aanbied nie?
23. Watter tipe inligting moet die kindershuis vir kinders gee rondom seksuele sake?
24. Enige iets anders wat jy my wil vertel oor hoe jy inligting oor seksuele sake wil kry?

## BYLAAG 2

Ons verw: Me P Woest / 98069099  
Tel: 012 420 2736  
Faks: 012 420 2698  
E-pos: petru.woest@up.ac.za

24 Augustus 2006

Me C de Wet  
Posbus 19930  
**SUNWARDPARK**  
1470



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel 012-420-4111  
Faks 012-420-2698 <http://www.up.ac.za>

Fakulteit Geesteswetenskappe

Geagte me de Wet

### TITELREGISTRASIE: STUDIERIGTING – MSD: SPELTERAPIE

Met genoeë deel ek u mee dat die volgende goedgekeur is:

**ONDERWERP:** Die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding

**LEIER:** Dr CE Prinsloo

**MEDE-LEIER:**

U aandag word in besonder op die volgende gevestig:

- 1) **TERMYN VAN REGISTRASIE**
  - (a) U moet vir minstens een akademiese jaar as student vir die magistergraad geregistreer wees voordat die graad toegeken kan word.
  - (b) U registrasie moet jaarliks voor April van elke akademiese jaar hernu word totdat u aan al die vereistes vir die magistergraad voldoen het. Geen herregistrasie sal na 31 Maart aanvaar word nie. U sal slegs geregtig wees op die leiding van u leier indien u jaarliks bewys van registrasie aan hom voorlê.
- 2) **GOEDKEURING VIR INDIENING**

Vir eksamendoeleindes moet u voldoende eksemplare vir elke eksaminator indien, tesame met 'n skriftelike verklaring van u leier dat hy/sy die indiening van die verhandeling goedkeur sowel as 'n verklaring deur u, wat voor 'n Kommissaris van Ede geteken word, wat by die Fakulteitsadministrasie ingehandig word.
- 3) **VOORSKRIFTE IN VERBAND MET DIE VOORBEREIDING VAN DIE VERHANDELING/SKRIPSIE ASOOK DIE SAMEVATTING IS OP DIE KEERSY VAN HIERDIE BRIEF UITEENGESIT.**

Die uwe

nms DEKAAN: FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE



ABRAHAM KRIEL MARIA KLOPPERS  
KINDERHUIS / CHILDREN'S HOME  
Posbus / P.O. Box 60066 LANGLAAGTE 2102  
Webtuiste / Website: www.kinderhuis.co.za  
E-Pos / E-Mail: admin@kinderhuis.co.za  
Telefoon / Telephone: (011) 839 3058  
Faks / Fax: (011) 839 1080

DATUM: 08/05/06

Mej. C de Wet  
AKMK Kinderhuis  
Johannesburg

Mej de Wet

**TOESTEMMING VIR MSD NAVORSING: BEHOEFTE VAN  
ADOLESCENTE DOGTERS TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE ONDERRIG**


U versoek om van die kinderhuiskinders as respondente in u studie gebruik te maak, het betrekking.

Aangesien u 'n gewaardeerde werknemer is by ons en die kinderhuis ook die resultate van u navorsing baie nuttig sal kan gebruik, gee ons met graagte toestemming.

U is welkom om u navorsing hier te doen en ons sien uit na die resultate.

Sterkte met u werk!

Vriendelike groete

  
M van Zyl  
Bestuurder: Kinderdienste

Direkteure / Directors: G W le Roux (Voorsitter / Chairman), G C Olivier (Ondervoorsitter / Vice-chairman), J D de Villiers, J du Preez, S M Hay, M P Loving, M S Makgale, M L Maserumule, L B Motshwa, P S Mosen, S M Papi, P M Strydom.

Raad van Beskempersone / Board of Patrons: C J Claassen, H D Marais, W M Mokoape, L T Janse van Vuren

Ondersteun deur die/Supported by the NLDTF

Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21 / Association incorporated in terms of Section 21 Maatskappy Reg. Nr. / Company Reg. No. 52/00010/08 NPO No. 001 - 173  
Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid Nederduitse Gereformeerde Kerk Suid-Transvaal  
Synodal Commission for the Ministry of Caring Dutch Reformed Church Southern Transvaal

## BYLAAG 4



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid Afrika <http://www.up.ac.za>

Departement Maatskaplike Werk en  
Kriminologie  
Geesteswetenskappe 10  
Tel. +27 12 420-2325  
Faks. +27 12 420-2093

9 September 2006

### INGELIGTE TOESTEMMING

#### 1. NAVORSER

Celesté de Wet

Taurusstraat 13

Sunwardpark

1470

(011) 913 2391 (Huis)

(011) 839 3058 (Werk)

#### 2. TITEL VAN NAVORSING

Die behoeftes van adolessente dogters in 'n kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding.

#### 3. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om die behoeftes van adolessente dogters in Abraham Kriel Kindershuis ten opsigte van geslagtelike opvoeding te bepaal.

#### **4. PROSEDURES**

Die inligting gaan deur middel van individuele semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel word. Die navorser sal notas neem en 'n diktafoon gebruik om onderhoude op te neem. Hierdie data sal analiseer word en gevolgtrekkings sal gemaak word rondom wat die adolessent se behoeftes ten opsigte van geslagtelike opvoeding is.

#### **5. RISIKO'S**

Geen risiko of ongemak word voorspel nie aangesien die inhoud van die onderhoud nie op sensitiewe aspekte sal fokus wat ongemak kan veroorsaak nie.

#### **6. VOORDELE**

Die voordeel is dat die navorsingsresultate personeel van die Abraham Kriel Kinderhuis in staat sal stel om programme rondom geslagtelike onderrig te ontwikkel wat op die adolessent se behoeftes geskoei is.

#### **7. REGTE VAN DEELNEMERS**

Geen kompensasie vir deelname aan die studie sal gegee word nie. Niemand is verplig om aan die studie deel te neem nie en alle deelnemers kan enige tyd van die studie onttrek sonder dat hulle op enige manier benadeel sal word.

#### **8. VERTROULIKHEID**

Konfidensialiteit en anonimiteit sal ten alle tye behou word. Skuilname sal gebruik word waar dit nodig is en geen inligting wat verskaf word sal op die deelnemer se individuele gevalleleër verskyn nie.

#### **9. REG VAN TOEGANG TOT DIE NAVORSER**

Die navorser kan op kantoor gekontak word, asook telefonies of per e-pos.

Abraham Kriel Kinderhuis

Maraisstraat

Langlaagte

Tel: 011-839 3058

E-pos: [cdw@kinderhuis.co.za](mailto:cdw@kinderhuis.co.za)

Hiermee gee ek toestemming dat die volgende kinders:

---


aan die studie mag deelneem. Ek verstaan waaroor die studie gaan en die prosedures en doel daaraan verbonde. Ek verstaan ook dat bogenoemde kinders enige tyd van die studie kan onttrek sonder dat hulle benadeel sal word.

---

Geteken te \_\_\_\_\_ op die \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2006.

Handtekening van navorser: \_\_\_\_\_

Handtekening van wettige voog: \_\_\_\_\_



## BYLAAG 5



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid Afrika <http://www.up.ac.za>

Ons verw. Dr CE Prinsloo  
Tel. 420 2601

Departement Maatskaplike Werk en  
Kriminologie  
Geesteswetenskappe 10  
Tel. +27 12 420-2325  
Faks. +27 12 420-2093

9 September 2006

### INGELIGTE TOESTEMMING

#### 1. NAVORSER

Celesté de Wet  
Taurusstraat 13  
Sunwardpark  
1470  
(011) 913 2391 (Huis)  
(011) 839 3058 (Werk)

#### 2. TITEL VAN NAVORSING

Die behoeftes van tiener (adolessente) dogters in 'n kindershuis ten opsigte van sekonderrig (geslagtelike opvoeding).

#### 3. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om die behoeftes van tiener (adolessente) dogters in Abraham Kriel Kindershuis ten opsigte van sekonderrig (geslagtelike opvoeding) te bepaal.

#### **4. PROSEDURES**

Ek gaan met elke kind alleen 'n onderhoud voer om die inligting te kry. Ek sal notas neem terwyl ek die onderhoud voer en 'n bandopnemer gebruik om onderhoude op te neem. Hierdie inligting sal analiseer word en gevolgtrekkings sal gemaak word rondom wat die tiener (adolescent) se behoeftes ten opsigte van sekonderrig (geslagtelike opvoeding) is.

#### **5. RISIKO'S**

Geen risiko of ongemak word voorspel nie aangesien die inhoud van die onderhoud nie op sensitiewe aspekte sal fokus wat ongemak kan veroorsaak nie.

#### **6. VOORDELE**

Die voordeel is dat die inligting wat die tieners vir my gee, personeel van die Abraham Kriel Kinderhuis in staat sal stel om programme rondom sekonderrig (geslagtelike onderrig) te ontwikkel wat op die tiener (adolescent) se behoeftes geskoei is en dus vir die tiener lekker sal wees om by te woon.

#### **7. REGTE VAN DEELNEMERS**

Niemand sal betaal word om deel te neem aan die studie nie. Niemand is verplig om aan die studie deel te neem nie en alle deelnemers kan enige tyd besluit dat hulle nie meer aan die studie wil deelneem nie sonder dat hulle op enige manier benadeel sal word.

#### **8. VERTROULIKHEID**

Konfidensialiteit sal ten alle tye behou word (dit beteken dat niemand sal weet dat jy spesifieke inligting vir my gegee het nie). Skuilname sal gebruik word waar dit nodig is en geen inligting wat verskaf word sal op die deelnemer se individuele gevalleleër verskyn nie.

#### **9. REG VAN TOEGANG TOT DIE NAVORSER**

Ek kan op kantoor gekontak word, asook telefonies of per e-pos.

Abraham Kriel Kinderhuis

Maraistraat

Langlaagte

Tel: 011-839 3058

E-pos: [cdw@kinderhuis.co.za](mailto:cdw@kinderhuis.co.za)

Hiermee gee ek toestemming om aan die studie deel te neem. Ek verstaan waaroor die studie gaan en hoe dit uitgevoer gaan word en ook die redes hoekom dit gedoen word. Ek verstaan ook dat ek enige tyd kan besluit dat ek nie langer aan die studie wil deelneem nie sonder dat ek benadeel sal word.

**Geteken te \_\_\_\_\_ op die \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2006.**

**Handtekening van navorser: \_\_\_\_\_**

**Handtekening van respondēt: \_\_\_\_\_**

## BYLAAG 6

### Profiel van respondente:

	<b>Ras</b>	<b>Ouderdom</b>	<b>Skool</b>	<b>Graad</b>
<b>Respondent A</b>	Blank	14	Hoërskool	Graad 8
<b>Respondent B</b>	Blank	16	Spesiale onderrig	Graad 10
<b>Respondent C</b>	Blank	14	Laerskool	Graad 7
<b>Respondent D</b>	Blank	14	Laerskool	Graad 7
<b>Respondent E</b>	Blank	14	Laerskool	Graad 7
<b>Respondent F</b>	Blank	16	Hoërskool	Graad 9
<b>Respondent G</b>	Swart	15	Hoërskool	Graad 9
<b>Respondent H</b>	Blank	14	Spesiale onderrig	Graad 7
<b>Respondent I</b>	Kleurling	15	Hoërskool	Graad 8
<b>Respondent J</b>	Blank	14	Spesiale onderrig	Graad 8
<b>Respondent K</b>	Kleurling	14	Laerskool	Graad 6

### Samevatting van respondente se profiel:

<b>Ras</b>	<b>Hoeveelheid respondente</b>
Blank	8
Kleurling	2
Swart	1
<b>Ouderdom</b>	<b>Hoeveelheid respondente</b>
14 jaar	7
15 jaar	2
16 jaar	2
<b>Skool</b>	<b>Hoeveelheid respondente</b>
Laerskool	4
Hoofstroom Hoërskool	4
Spesiale Onderrig	3
<b>Graad in skool</b>	<b>Hoeveelheid respondente</b>
Graad 6	1
Graad 7	4
Graad 8	3
Graad 9	2
Graad 10	1